

**Die gebruik van staafklokke in kleuterkerke en ander
musiekopvoedingsituasies:
Strategieë vir musiekleer in die Suid-Afrikaanse konteks**

Francé Ludik

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister in Musiek (Musiek)
aan die Universiteit Stellenbosch.



Studieleier: Prof M Smit

April 2006

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

... 10-3-2006

Datum

OPSOMMING

Die studie word onderneem om 'n bydrae te maak tot die soeke na 'n oplossing vir probleme rondom musiekopvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Die redes hiervoor is hoofsaaklik onvoldoende fondse wat noodsaak dat skoolmusiek afgeskaf word. Dus is musiekgeletterdheid by baie kinders skaars sigbaar. As daar in ag geneem word dat musiek een van die intelligensies van mense is, in 'n mindere of meerdere mate, dan is dit belangrik vir die holistiese opvoeding van kinders.

Die behoefte aan musiekopvoeding het 'n impak op kerkmusiek. Indien daar meestal ligte geestelike of kontemporêre musiek in kleuter- en jeugkerke gesing word, word die klassieke kerklied, soos in die Liedboek van die NG Kerk, dikwels nie aangeleer nie. Dit is belangrik vir die voortbestaan van die klassieke kerklied dat dit reeds aan kleuters aangeleer word. Hierdie studie stel voor dat 'n verskeidenheid musiekstyle aan kleuters geleer word: klassiek sowel as kontemporêr.

Die doel van hierdie studie is om 'n didaktiese strategie vir musiekleer voor te stel deur die gebruik van staafklokke in 'n musiekopvoedingsprogram. Staafklokkespel word breedvoerig behandel: die ontstaan van staafklokke, die benaming en die hantering daarvan. Dit sluit die speeltegnieke in en die uitbreidingsmoontlikhede na gevorderde spel met ouer leerders. Die keuse van staafklokmusiek vir die kleuter- en pre-primêre groep word ook behandel.

Die musiekleerteorie maak veral gebruik van akkoorde wat leerders op 'n spontane manier deur eerstens nabootsing, memorisering en dan oudiasie, baasraak. Oudiasie, om musiek te kan hoor sonder dat dit teenwoordig is, is 'n vaardigheid wat leerders help om 'n begrip van musiek te ontwikkel, asook die gehoorontwikkeling van kleuters aan te help. Oudiasie is 'n noodsaaklike aktiwiteit vir musikale ontwikkeling en word baie in hierdie studie gebruik.

Teoreties word daar gekyk na bestaande musiekteorieë, naamlik dié van Kodály, Suzuki, Orff, Montessori en Gordon. Montessori en Gordon maak die grootste bydraes tot die studie. Montessori is bekend vir haar integrasie van die geestelike en die sekulêre in die opvoedingsituasie. Sy gebruik 'n voorloper van die staafklokke, die Montessori-klokke, om kinders met klank te laat eksperimenteer. Gordon het weer 'n groot bydrae in hierdie studie met sy leerteorie wat op oudiasie gebaseer is.

'n Eksperimentele aksie-navorsing is gedoen met 'n sesweke-program by die NGK Helderberg se kleuterkerk asook by Laerskool Sir Lowryspas se graad 1-leerders. Die assessering van die lesse asook DVD-opnames van sekere aspekte van die lesse is in hierdie studie beskikbaar.

Die hipotese van hierdie studie is dat staafklokspel geskik en lewensvatbaar is vir doeltreffende musiekopvoeding in Suid-Afrikaanse kerke en skole.

ABSTRACT

The study was undertaken with the purpose of making a contribution to the search for a solution to problems around music education in South African schools. The reasons for the problems include a shortage of funds, which is necessitating the discontinuation of school music. Music literacy therefore is hardly evident among many children. If one considers that music, to a lesser or greater degree, is rated as one of the human intelligences, it is important that it form part of the holistic education of children.

The need for music education impacts on church music. With light spiritual or contemporary music mainly being sung in church services for children in early childhood (in this case pre schoolers and first graders), the classic church hymn, as presented in the *Liedboek* of the DR Church, often is not taught. It is important for the survival of the classical church hymn that it be taught to infants. This study suggests that infants should be taught a variety of music styles: classical as well as contemporary.

The objective of the study was to suggest a didactic strategy for learning music by using handchimes in a music education programme. Handchime-playing is thoroughly investigated: the origin of handbells, the term itself and the handling of the bells. This investigation includes techniques of playing and possibilities for extension to advanced playing with older learners. The choice to use handchime music for the infant and pre-primary learner is also discussed.

The music theory makes use of chords, in particular, which learners learn to play spontaneously by imitation, memorisation and, finally, audiation. Audiation, the ability to hear music in the absence of music, is a skill that helps learners to develop a concept of music, and also facilitates auditory development in infants. Audiation is an essential activity in musical development and was extensively utilised in this study.

The theoretical aspect of the study involved the investigation of existing music theories, namely those developed by Kodály, Suzuki, Orff, Montessori and Gordon. Montessori

and Gordon have provided the main contributions to this study. Montessori is known for her integration of the spiritual and the secular in education. She uses a precursor of handchimes and handbells, the Montessori bells, for learners to experiment with sound. Gordon's contribution to this study involves his learning theory based on audiation.

Experimental action research was undertaken through a six-week programme at the church for infants of the Helderberg Dutch Reformed Church, as well as with grade one learners of the Sir Lowry's Pass Primary School. Assessments of the lessons and DVD recordings of particular aspects of lessons are available as part of the study.

The hypothesis for the study is that the playing of handchimes is an appropriate and viable activity for effective music education in South African churches and schools.

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my dank betuig aan:

- Prof Ria Smit vir haar knap leiding, raad, bystand, geduld en lang ure wat sy aan hierdie studie spandeer het. Dankie vir die aanmoedigende manier waarop jy as dosent werk!
- Breda wat my nie net ondersteun het in hierdie tyd nie, maar my soveel ruimte gegee het om met die studie te kan besig wees. Dankie vir die opbeuring wanneer ek moedeloos was, jou raad en dankie vir jou volgehoue geduld en liefde!
- Ben, Minkie-Anne en Joanie, dat julle my ondersteun het deur so selfstandig met julle werk aan te gaan. Baie dankie vir alles wat julle ook uit my hande geneem het, die lekker geselsies en die tee wat julle aangedra het. Om julle so te kon sien grootword hierdie afgelope ses jaar, het aan my baie vreugde verskaf en dit vir my die moeite werd gemaak om aan te gaan.
- My ouers, Nicholas en Minkie, wat my finansiële en emosioneel ondersteun het. Dankie vir julle gebede.
- Tannie Maureen wat die eerste weergawes geproeflees het.
- Leonore wat die grafika so netjies gedoen het en altyd bereid was om gou te help.
- Linda wat my so entoesiasties met die lesse en assesserings gehelp het.
- Moira en Petro by wie se klasse ek kon onderrig gee. Dankie vir julle hulp en vriendelikheid.
- Elmari wat met die aanvanklike samevoeging van materiaal so baie gehelp het om die tesis aanmekaar te voeg. Jou morele ondersteuning het vir my uiters baie beteken!
- Die Here wat my ten spyte van 'n motorongeluk in 1996 gespaar het. Met Hom is ek tot alles in staat! Aan God al die eer wat my gewillig en bekwaam maak tot Sy diens!

Opgedra aan my geliefdes in ons huis: Breda, Ben, Minkie-Anne en Joanie.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Probleemstelling en doel van studie	1
1.1 Probleemstelling en doel van studie	1
1.2 Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp	3
1.2.1 Literatuurstudie	3
1.2.2 Aksienavorsing deur middel van eksperimentering met die gebruik van staafklokke	4
1.3 Hoofstukindeling	6
Hoofstuk 2: Literatuurstudie	
2.1 Die Zoltán Kodály-leermetode	8
2.2 Die Suzuki Talent Opvoedingsmetode	11
2.3 Die Orff-metode	12
2.4 Die Montessori-leermetode	16
2.4.1 Die Montessori-metode	16
2.4.2 Godsdienst in die Montessori-metode	19
2.4.3 Die plek van musiek in die Montessori-metode	21
2.5 Die Gordon-leerteorie	23
2.5.1 Gordon se musiekleerteorie	23
2.5.2 Musikale begaafdheid	23
2.5.3 Oudiasie	28
2.5.3.1 Voorbeelde van oudiasie	31
2.5.3.2 Die agt tipes nie-hiërargiese oudiasie	32
2.5.3.3 Die ses fases van hiërargiese oudiasie	32
2.5.4 Harmoniese patrone en akkoordprogressie en oudiasie	33
2.5.5 Improvisasie	34
2.5.5.1 Sleutelkomponente vir improvisasie	35
2.5.5.2 Voorbeelde van improvisasietegnieke	35
2.5.6 Kreatiwiteit	39
2.5.6.1 Definisies van kreatiwiteit	40
2.5.6.2 Hoekom kreatiwiteit gestimuleer moet word	41

2.5.6.3	Hoe kreatiwiteit in die voorskoolse musiekopvoedingsituasies gestimuleer word	41
2.6	Inkorporasie van teorieë	42
Hoofstuk 3: Sielkundige aspekte van musiekopvoeding		45
3.1	Holistiese musiekopvoeding	45
3.1.1	Howard Gardner se veelvuldige intelligensies	46
3.1.2	Toepassing van Gardner se intelligensies op staafklokkespel	48
3.1.3	Piaget se leerteorie	50
3.2	Positiewe musiekervarings	51
3.2.1	Die stimulerende musiekomgewing	53
3.2.2	Die rol van die musiekopvoeder	54
3.2.3	Selfleer en intrinsieke motivering	56
Hoofstuk 4: Musiekopvoeding en godsdiens		59
4.1	Die visie en missie van musiekopvoeding in die kerk	59
4.2	Die kleuter se godsdiensontwikkeling	61
4.3	Die rol van musiek in die kleuter se godsdiensbelewenis	63
4.4	Kriteria vir die kies van geskikte kerkliedere vir 'n repertorium vir kleutersang met of sonder instrumentale spel	64
Hoofstuk 5: Staafklokke		69
5.1	Terminologie: die oorsprong van die benaming “staafklokke” en ander verwante klokke	69
5.2	Die geskiedenis en ontstaan van toringklokke, handklokke of koperklokke en staafklokke	70
5.2.1	Die geskiedenis van die ontstaan van handklokke in Engeland en Europa	70
5.2.2	Die geskiedenis van die ontstaan van handklokke in die VSA	74
5.2.3	Die geskiedenis van staafklokke in Suid-Afrika	76
5.2.4	'n Ander kloksoort wat in Suid-Afrika gebruik word	77
5.3	Die meganika van staafklokke	78

5.4	Die speeltegnieke	80
5.4.1	Die basiese speeltegnieke	80
5.4.2	Gevorderde speeltegnieke	84
5.5	Die funksies van die gebruik van staafklokke in musiekopvoeding	86
5.6	Didaktiese strategieë vir die aanleer van akkoordpatrone	89
5.6.1	Langtermyndoelstellings	89
5.6.2	Korttermyndoelstellings	91
5.6.3	Strategieë vir basiese akkoordspel	92
5.6.4	Willekeurige spel (<i>Random ringing</i>)	103
5.6.5	Melodiese spel	106
5.7	Groepsaktiwiteite vir melodiese spel	106
5.8	Die uitbreidingsmoontlikhede van staafklokke na ander ouderdomsgroepe	109
5.9	Doeltreffende klokkespel sonder beserings	110
5.10	Lewensvatbaarheid van staafklokkespel in die Suid-Afrikaanse konteks	111
	Hoofstuk 6: Ontwerp van 'n program	114
6.1	Die gebruik van 'n staafklokprogram om musiekopvoeding aan kleuters en graad 1-leerders aan te bied	114
6.2	Beplanning vir die gebruik van staafklokke in die kleuterkerk en graad 1-klaskamer	114
6.2.1	Die opstel van doelstellings	115
6.2.2	Geskikte musiek vir die gebruik van staafklokke	115
6.3	'n Sesweke-program met kleuters en graad 1-leerders	118
6.3.1	NGK Helderberg se kleuterkerk	119
6.3.2	Graad 1-groep van Laerskool Sir Lowryspas	120
6.3.3	Lesse vir die sesweke-program	122
6.3.4	Assessering	147
6.4	Slotopmerking	152
	Bronnelys	155
	Bylaes	iv

LYS VAN BYLAES

Nommer	Naam van bylae	Bladsyver- wysings
Bylae 1	'n Pryslys van tafelklokkies “desk bells”	166
Bylae 2.1	Sionsgesang 268: “Doen slegs U wil, Heer”	167
Bylae 2.2	Lied 533 in die Liedboek van die Kerk: “Stuur ons, Here”	168
Bylae 3	'n Alternatiewe melodie van Psalm 67	169
Bylae 4.1	'n Voorbeeld van 'n Taizé-lied	170
Bylae 4.2	'n Voorbeeld van 'n Taizé-styl lied	171
Bylae 5	Voorbeelde van bordun, swewende bordun en ostinato-patrone	172
Bylae 6	Die storie “Stefan Stafie” – Deel 1	173
Bylae 7	Die storie “Stefan Stafie” – Deel 2	177
Bylae 8	Die storie “Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif”	181
Bylae 9	'n Illustrasie van “Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif”	186
Bylae 10.1 tot 10.3,	Die eenvoudige notasievorm vir staafklokkespel in akkoorde	187
Bylae 10.4	Lied 510: “Genade, onbeskryflik groot”	188
Bylae 11.1 tot 11.4	Ander notasievorme vir staafklokkespel in akkoorde soos verwerk vir die Tygerbergse Kinderkoor	192
Bylae 12.1 tot 12.3	Ander maniere van notering van melodieë met syfers, simbole en letters	197
Bylae 13	'n Voorbeeld van gevorderde staafklokmusiek	201
Bylae 14	Blanko assesseringsvorm saamgestel vir die studie	202
Bylae 15.1 tot 15.12	Die assesserings van die lesse soos by 6.3.3 bespreek	203

Bylae 16	'n Voorbeeld van 'n assesseringsvorm vir eksperimentele aksienavorsing in klokkespel	215
Bylae 17	'n DVD-opname met beeldmateriaal van die lesse en uitbreidings van die staafklokprogram	216
Bylae 18	Pryslyste van staafklokke	217

LYS VAN FIGURE

Figuur	Naam van figuur	Bladsyverwysings
Figuur 2.1	Eenvoudige ritmesimbole	9
Figuur 2.2	Die Hongaarse metode van musieknotasie	9
Figuur 2.3	Bordun en ostinato-patrone	15
Figuur 2.4	Eenvoudige notasiepatroon vir akkoordspel	33
Figuur 2.5	Die Blues-progressie wat in Jazz-musiek gebruik word	38
Figuur 2.6	Een van die metodes om die Blues-progressie te speel	38
Figuur 3.1	Clark se geïntegreerde opvoedingsmodel	46
Figuur 3.2	'n Voorstelling van Gardner se teorie van veelvuldige intelligensies soos toegepas deur die navorser ter verduideliking van die intelligensies vir leerders in klasverband	48
Figuur 5.1	Die spelpatrone van drie, vier en vyf klokke	70
Figuur 5.2	'n Tipiese klok wat in torings gebruik is	72
Figuur 5.3	Die verskillende dele van die staafklok (Rosene, 1984:4)	78
Figuur 5.4	Die staafklokname en die indeling van die oktawe staafklokke	79
Figuur 5.5	Die sirkelaksie van die speelaksie	82
Figuur 5.6	Dempmetode (1) (Van Valey & Berry, 1990f: 36)	83
Figuur 5.7	Dempmetode (2) (Van Valey & Berry, 1990f: 36)	83
Figuur 5.8	Dempmetode (3) (Van Valey & Berry, 1990f: 37)	84
Figuur 5.9	Die gebruik van kleurkaarte as 'n hulpmiddel vir ensemblespel	93
Figuur 5.10	Die "Kieliebak"-liedjie	95
Figuur 5.11	Die "Alleluia"-kanon (McBride & Baldwin, 2000:12)	95
Figuur 5.12	Die Engelse volkswysie "Row your boat" (Heyge en Sillick 1995: 106)	96
Figuur 5.13	"Dis weer Kersfees"-melodie	97, 126
Figuur 5.14	"Loof, loof die Here"-melodie met 'n twee-akkoordbegeleiding	98,131

Figuur 5.15	Flitskaarte langs mekaar met die nommer-notasievorm van "Loof, loof die Here"	99, 133
Figuur 5.16	Flitskaarte met die nommer-notasievorm onder mekaar geplaas van "Loof, loof die Here"	99, 134, 138
Figuur 5.17	'n Skematiese voorstelling van die staanposisie van die drie verskillende groepe (1, 4 en 5) om die oorvleueling van die groepe voor te stel	100
Figuur 5.18	Die nommer-notasievorm vir die bekendstelling van Groep 4	101
Figuur 5.19	"Genade, onbeskryflik groot" se akkoordprogressie	101, 135
Figuur 5.20	"Al was ek nie daar nie" se akkoordprogressie	102
Figuur 5.21	Die kloktema soos aangeteken en verwerk deur die navorser	107,
Figuur 7.1	Groetliedjie (1): melodie uit <i>Kindermusik Beginnings</i> (Swears & Heyge, 1990)	124
Figuur 7.2	Vorbereidende oefening voor staafklokkespel	124
Figuur 7.3	"Instrumente op die vloer"-melodie	126
Figuur 7.4	Groetliedjie (2) met "hello" verander na "totsiens"	127
Figuur 7.5	<i>Stefan Stafie</i> -melodie	130
Figuur 7.6	<i>Stefan Stafie</i> (illustrasie deur Allan Berry 2000: 102)	130
Figuur 7.7	<i>Dankie Jesus</i> op die wysie van <i>London's burning</i>	142, 143
Figuur 7.8	<i>Genade, onbeskryflik groot</i> opgebreek in akkoordpatroonlyne	144
Figuur 7.9	Die refrein van <i>Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif</i>	146, 147
Figuur 7.10	Die akkoordpatroon van <i>Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif</i>	147

LYS VAN FOTO'S

Foto	Naam van foto	Bladsy
Foto 2.1	Die speel van die Montessori-klokke	22
Foto 5.1	Die maak van 'n toringklokvorm (1)	72
Foto 5.2	Die maak van 'n toringklokvorm (2)	73
Foto 5.3	Staafklokke se posisies in die spesiale tas waarin dit gebêre word (Rosene 1984:3)	80
Foto 5.4	Die greep waarmee 'n staafklok gespeel word (Rosene 1984: voorblad)	81
Foto 5.5	Stap 1 – voorbereidende oefening vir staafklokkespel	94
Foto 6.1	Leerders in die NGK Helderberg se kleuterkerk	120
Foto 6.2	Die graad 1-leerders van Laerskool Sir Lowryspas	121

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN STUDIE

1.1 Probleemstelling en doel van studie

Musiekleer vind deesdae selde op groot skaal in Suid-Afrikaanse skole plaas. Die hoofredes hiervoor is onvoldoende fondse, groot getalle in klasse en 'n gebrek aan entoesiastiese opvoeders. Alle kinders moet die geleentheid gegun word om musiekgeletterd te wees. Die realiteit is egter dat net 'n klein persentasie leerders musiek aanleer deur onderrig wat hulle in 'n individuele instrument ontvang. Departementele musiekposte by skole is afgeskaal. In kerke is daar nie altyd opgeleide musiekopvoeders wat die groepaktiwiteite lei nie, dus is musiekopvoeding afhanklik van die dryfkrag van entoesiastiese opvoeders wat hulle bes doen om musiekopvoeding te bevorder.

Die gebrek aan doeltreffende musiekopvoeding het 'n impak op die kerk. In die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) sien ons die gevolge van die gebrek aan musiekopvoeding by vele leerders. Kontemporêre musiekgroepe ontstaan in baie gemeentes van die NG Kerke wat 'n behoefte aan sangvernuwing het. Wanneer begin ons leerders musiek leer? Watter tipe musiek word hulle geleer? Is daar 'n gebalanseerde musiekprogram wat aan kinders 'n liefde vir beide die klassieke kerklied en kontemporêre musiek leer? Wat word gedoen in die kleuterkerk, waar vir kleuters musiek aangebied word en waar probeer word om 'n liefde vir musiek by hulle aan te wakker? Watter instrumente, indien enige, word gebruik met kleuters? Word kinders meer geleer oor musiek as net die sing van liederes? Is opvoeders ook bewus van kinders uit historiesbenadeelde gemeenskappe en die uitbreidingsmoontlikhede van 'n musiekprogram vir sulke kinders? Is opvoeders entoesiasties oor geestelike musiek en droom hulle oor 'n musiekbediening in die Gereformeerde Kerk wat ook na ander denominasies kan oorspoel en wat dan uiteindelik die breë gemeenskap sal dien deur hulle projekte, programme en konserte?

Omdat daar vandag soveel verskillende style van kerkmusiek bestaan, is daar die behoefte in die kerk dat die musiekopvoedingsprogram vir kleuters en kinders oor die

algemeen nie net 'n liefde vir die *klassieke* kerklied sal leer nie, maar ook vir stylvolle eietydse kerkmusiek. Daar bestaan 'n behoefte dat 'n gereformeerde liedereskat opgebou sal word wat oud en jonk sal kan saamsing. Ons moet dus 'n verskeidenheid musiek aanbied: tradisionele musiek, sowel as kontemporêre musiek wat gekies word volgens die kriteria vir kerkmusiek soos in hierdie studie uiteengesit.

As kerkmusikant wil hierdie navorser 'n strategie vir musiekopvoeding voorstel met doelstellings en uitkomst vir 'n musiekopvoedingsprogram wat lewensvatbaar kan wees vir die Gereformeerde Kerk, asook ander denominasies wat hierby baat kan vind. Hierdeur kan die kerk sowel as die gemeenskap in die breë gedien word. Die kerkliedere kan dus liedere insluit wat deur internasionale kerkdenominasies gesing word. Daarom hoef die program nie net aan die NG Kerk gekoppel te word nie. Die lesse word wel aangebied vanuit die Gereformeerde Kerk se perspektief.

Daar word ook gekyk na die sielkundige aspekte van musiek, wat leerders beïnvloed en wat holistiese opvoeding is. Daar word gekyk na intelligensie, en hoe dit van toepassing is op musiek.

Die doel van hierdie studie is om 'n didaktiese strategie voor te stel vir musiekleer deur die gebruik van staafklokke (*handchimes*) in 'n musiekopvoedingsprogram. Die ontstaan van staafklokke sowel as die benaming en die hantering daarvan word behandel. Die musiekleerteorie maak veral gebruik van harmonieë wat leerders op 'n spontane manier deur nabootsing, memorisering en dan oudiasie (*audiation* – sien afdeling 1.2.1) baasraak. Daarom kan staafklokke aan kleuters aangebied word. In hierdie studie word die bekende metode van staafklokkespel, naamlik melodiese spel, net vermeld en nie bespreek nie, aangesien dit eers in 'n gevorderde stadium van spel aangebied word.

Die vele gebruike van staafklokke in, en die lewensvatbaarheid vir die Suid-Afrikaanse konteks word in diepte behandel. Dit geskied met die oog op veeldoelige opvoedingsituasies in godsdienstige, asook gewone pre-primêre opvoedingsituasies.

1.2 Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp

Daar word 'n literatuurstudie en 'n eksperimentele aksie-navorsing in hierdie studie gedoen.

1.2.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie word daar gekyk na verskillende leerteorieë van navorsers soos Kodály, Suzuki, Orff, Montessori en Gordon, en van hulle opvoedkundige idees word in hierdie studie toegepas. Daar word veral gefokus op Gordon se musiekleerteorie vir kleuters en Graad 1-leerders. 'n Groot bydrae op musiekopvoedkundige vlak lê in die proses van oudiasie.

Oudiasie beteken om musiek wat nie fisies teenwoordig is nie, te hoor. Voordat oudiasie kan plaasvind, moet daar memorisering wees. Memorisering kan egter geskied sonder dat oudiasie plaasvind. Leerders kan met voorbereidende oefeninge in 'n bepaalde volgorde, soos in hierdie studie gedoen word, geleer word om te oudieer.

Volgens Gordon (1997:10) kan leerders se musikaliteit, ongeag musikale agterstande, tot die ouderdom van nege jaar ontwikkel word. In hierdie kleuterkerktydperk tot graad 1 (vyf- tot sesjarige ouderdom) sou 'n mens dus van voorbereidende oudiasie deur ongestruktureerde en gestruktureerde informele leiding gebruik kon maak. Daarom is die musiekervarings in die musiekprogram wat voorgestel word, interaktief en hoofsaaklik sensoriese ervarings. Dit sluit ook ander aspekte van musiekleer in wat fokus op niemusiek-funksies, soos byvoorbeeld suggestopedie-oefeninge ('n voorbeeld van ongestruktureerde informele leiding) en sosiale funksies soos groetliedjies ('n voorbeeld van gestruktureerde formele leiding).

Die sielkundige aspekte van musiekopvoeding speel ook 'n groot rol in die leerproses. 'n Stimulerende leeromgewing saam met 'n entoesiastiese opvoeder wat die basiese kennis van staafklokke bemeester het, is nodig vir kleuters se musiekopvoeding. Die musiekopvoeder se leiding in die gestruktureerde en ongestruktureerde, informele en formele, onderrig is van groot belang om kinders te begelei om 'n liefde vir musiek aan te leer. Kinders moet self leer en ontdekkings maak, sodat intrinsieke motivering aangemoedig kan word. Dan kan musiek in groepsverband asook individueel geniet

word deur byvoorbeeld 'n instrument te bespeel, te sing, musiek te luister of te skep. Ritmiek is ook 'n uitdrukkingsvorm van die genot van musiek. Musiekopvoeders wil graag die behoefte by leerders aanwakker om lewenslank te leer. Die sielkundige waarde van suksesbeleving gee aanleiding tot verdere musiekontwikkeling.

Die musiekopvoedingsprogram wat in hierdie studie aanbeveel word, moet deel vorm van 'n kurrikulum wat opgestel word met die nodige musiekleer saam met 'n repertorium van kerkliedere, staafklokmusiek, eie komposisies sowel as gepubliseerde musiek, beluisteringsmusiek, musiek vir euritmiek en instrumentale bladmusiek, byvoorbeeld Orff-Schulwerk, *Music for Children*, Boek I, II, III, (Orff & Keetman, 1960a, b & c) en *Notepret 1 en 2* (McLachlan, s.j.).

Wanneer 'n kurrikulum vir die kleuterkerk saamgestel word, moet die volgende aspekte gedek word:

- Bepaal 'n visie.
- Bestudeer die godsdienstige ontwikkeling van die kleuter en graad 1-leerder.
- Bepaal die opvoedkundige doelstellings.
- Kies 'n geskikte repertorium.
- Kies geskikte musiek vir die opvoedkundige doelstellings.
- Beplan die gebruik van hulpmiddels en instrumente saam met die staafklokke.
- Beplan strategieë vir die aanbieding van die lesse.
- Assesseer die lesse.

1.2.2 Aksienavorsing deur middel van eksperimentering met die gebruik van staafklokke

Deur die eeue is daar van klokke in kerke gebruik gemaak. In die voorgestelde musiekopvoedingsprogram word hierby aangesluit deur staafklokke as instrumente te gebruik. Moderne staafklokke is opwindende instrumente wat soos 'n klawerbord funksioneer en deur 'n groep leerders saam gespeel word. Vandaar ook die handelsnaam *Choirchimes* van een van die vervaardigers, Malmark. Staafklokke kan saam met ander slaginstrumente gebruik word om sekere doelstellings te bereik wat in die studie bespreek word.

Staafklokke is gestemde vierkantige buise van verskillende lengtes met 'n klapper (of hamer) daarop gemonteer. Die klank word voortgebring deurdat die klapper met 'n sirkelbeweging op die buis geslaan word. Die staafklokke is transponerende instrumente, en klink 'n oktaaf hoër as die geskrewe noot. Dit kan suksesvol aangebied word in hedendaagse musiekopvoeding omdat dit in uiteenlopende situasies gebruik kan word. Staafklokke is onbekend in Suid-Afrika, maar dit het baie opvoedkundige voordele, aangesien dit aan leerders die geleentheid bied om in 'n groep musiek te maak, ongeag die leerders se musikale agtergrond. Die feit dat die kleuterkerke sowel as die skole groot klasse van diverse groepe leerders het, stel groot eise aan musiekopvoeders. Die speel van staafklokke het sosiale waarde omdat leerders in groepe speel. Dit is ook goeie voorbereiding vir deelname aan musiek tydens eredienste.

Die gebruik van staafklokke in die musiekprogram hou baie voordele in, onder andere omdat dit maklik vervoer kan word in die tasse waarin dit verpak is. Die instrumente is aanpasbaar in verskeie omgewings, skool of kerk, vanweë die feit dat dit nie baie ruimte nodig het vir aanbidding nie. Dit is maklik om te hanteer en te bespeel. Dit bevorder goeie gehoor by die leerders, en ontwikkel 'n gevoel vir harmonie (Moore, 2000:57). Die strategieë kan gesien word by afdeling 5.5.3 en die assesserings van die lesse by bylae 15. Die DVD (sien bylae 17) bevat lesmateriaal wat goeie voorbeelde is van leerders wat harmonie aanvoel.

'n Unieke, eenvoudige notasievorm word gebruik om harmonieë te speel as begeleiding vir liedere wat gesing word. Hierdie eenvoudige metode kan dit vir kinders moontlik maak om maklik musiek te maak. Aanvanklik doen hulle dit deur nabootsing, en later deur oudiasie. Ander vorms van spel, soos "kansspel", bordun en ostinato-patrone word gebruik (sien afdeling 5.5.4), alvorens enkele melodiese lyne gespeel word. Die gebruik van bladmusiek, byvoorbeeld die speel van klassieke verwerkings vir staafklokke, en die speel uit die Koraalboek van die NG Kerk is langtermyn doelstellings omdat dit meer vaardighede van individuele spelers vereis.

Dit is nie nodig vir opvoeders om opleiding te ontvang in die aanbidding van staafklokkespel nie; die studiemateriaal oor die gebruik van staafklokke bied genoeg

riglyne. Om sukses met die gebruik van staafklokke in lesse te behaal, word egter baie geduld en entoesiasme vereis, saam met voldoende pedagogiese vaardighede en 'n kennis van kinders van daardie ouderdom.

'n Musiekopvoedingsprogram van ses weke is getoets by die NG Kleuterkerk Helderberg, asook by die graad 1-klas van die Laerskool Sir Lowryspas.¹ Ter wille van triangulasie is die program is ook deur 'n musiekopvoeder, Linda Stroebel, en 'n graad 1-opvoeder, Moira Karelse, geassesseer.

Die studie probeer vasstel of musiekleer suksesvol deur die entoesiastiese leiding van 'n musiekopvoeder in ons kerke en skole aangebied kan word. Deur hierdie eksperimentele studie probeer die navorser 'n model skep wat ten doel het om aan alle leerders die geleentheid te gee om musiekgeletterd te wees deur sang en musiekmaak in 'n godsdiensofset.

1.3 Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 handel oor die navorsingsmetodes wat gebruik word en die literatuur wat bestudeer is. Die literatuurstudie wat gedoen word, behandel van die musiekleerteorieë van die negentiende en twintigste eeu. Dit sluit die teorieë van Kodály, Suzuki, Orff, Montessori en Gordon in.

Hoofstuk 3 handel oor die sielkundige aspekte van musiekopvoeding. Daar word gekyk na wat holistiese musiekopvoeding is, en Howard Gardner se teorie van veelvuldige intelligensies word bespreek. Daar word ook gekyk na die rol van die musiekopvoeder, aangesien dit so 'n belangrike rol speel in die ongestruktureerde en gestruktureerde, informele asook formele leiding en onderrig.

Hoofstuk 4 handel oor holistiese musiekopvoeding en godsdiensofset in 'n integrale program. Daar word eers gekyk na wat die visie is vir godsdiensofset binne musiekverband, en musiek binne godsdiensofsetverband. Die kleuter se godsdiensofsetontwikkeling word ondersoek sodat die musiekprogram by hulle behoeftes aangepas kan word. Daar word kriteria opgestel vir die kies van 'n geskikte repertorium vir die kleuterkerk, asook

¹ Let daarop dat die spelling van die laerskool se naam, Laerskool Sir Lowryspas, verskil van dié van die dorp, Sir Lowry's Pass.

vir die aanleer in die graad 1-klas. Die musiek wat vir die graad 1-klas gekies is, is dieselfde as vir die kleuterkerk, en meestal godsdienstige-georiënteerd.²

Hoofstuk 5 handel oor die geskiedenis van staafklokke, en die funksies van die verskillende gebruike daarvan. Daar word ook met illustrasies gewys hoe die staafklokke lyk en hoe die tegnieke aangeleer word. Die DVD in bylae 17 bevat beeldmateriaal van demonstrasies van die tegnieke.

Akkoordprogressies word aangeleer deur gebruik te maak van gestruktureerde strategieë wat dien as voorbereidende oefeninge vir oudiasie. 'n Eenvoudige notasievorm word voorgestel deur gebruik te maak van syfers, asook voorbereidende oefeninge vir die aanleer van tradisionele notasie. Lesse word voorgestel.

Die uitbreidingsmoontlikhede word in afdeling 5.8 onder lewensvatbaarheid geskets, waar nie net die kostes daaraan verbonde gegee word nie, maar ook gewys word hoe die gebruik van die basiese drie oktaaf-staafklokke maksimaal benut kan word vir vele groepe: van kleuter- en tienergroepe tot volwasse groepe. Die uitbreidingsmoontlikhede sluit die gebruik van die staafklokke deur 'n koor in. Die DVD in die bylae 17 bevat beeldmateriaal van die Tygerberg Kinderkoor onder leiding van Hennie Looek wat drie staafklokkerke wat die navorser in 2004 as deel van die studie gekomponeer of verwerk het, sing.

Hoofstuk 6 gee verdere voorstelle vir optredes met die staafklokke. Die DVD in bylae 17 bevat beeldmateriaal van die uitvoering van sekere liedere waarin staafklokke in die lesse gebruik is.

In die slotopmerking word die bevindinge van die studie opgesom en voorstelle vir die uitbouing van die gebruik van staafklokke gemaak.

² Die toestemming van die skoolhoof, mnr. Rolan MacDonald, is verkry om sodanige program aan te bied.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

Musiekopvoeding kan baat vind by verskillende benaderings deur musiekopvoedkundiges uit verskeie lande wat hulle teorieë in die praktyk getoets het. Hier word gekyk na die teorieë van die Hongaar, Zoltán Kodály, die Japanees, Shinichi Suzuki, die Duitser, Carl Orff, en die Italianer, Maria Montessori. Hierdie mense het almal in die laat 19de eeu tot in die middel van die 20ste eeu geleef. Die Amerikaner, Edwin Gordon, is nog steeds aktief betrokke by verdere navorsing in hierdie veld. Hierdie studie sal veral fokus op sy teorieë, en veral op sy begrip oudiasie, wat die belangrikheid van musiekopvoeding in die toekoms sal beklemtoon.

2.1 Die Zoltán Kodály-leermetode

Kodály (1882-1967) is in Kecskemet, Hongarye gebore. Hy was 'n komponis en 'n outoriteit op die gebied van Hongaarse volksmusiek. Hy het ook musiekopvoeders opgelei. Die Kodály-metode se uitgangspunt was dat jong kinders opgevoed moet word deur volkswysies in hulle moedertaal te sing. Dié metode van musiekleer maak gebruik van leer in 'n bepaalde volgorde. Kodály het ongeveer twintig musiekboeke vir skoolkinders geskryf: vanaf preprimêr tot gevorderde leerders (Arnold, 1983: 1023; Hoffer, 1993: 124).

Kodály het uitgegaan van die standpunt dat musiek aan almal behoort (Hoffer, 1993:124). Hy het musiekopvoeding in Hongarye uitgebrei na wat vandag beskou word as uiters suksesvolle, goedgeorganiseerde onderrig in musiek (Jeter, 2000a). Alle kleuterskole in Hongarye volg dieselfde patroon van musiekopvoeding vir kleuters van drie tot ses jaar. In die musiekskole woon kinders twee groepklasse 'n week (45 minute elk) by waar musiekleer aangebied word. Vanaf vlak twee ontvang elke leerder twee individuele instrumentale lesse en een groepklas van twee uur in die tonika-solfa. Dit sluit gehooropleiding en ritmiese opleiding in, asook sanglesse waar kinders geleer word om suiwer en akkuraat te sing. Die algemene beginsels van ritme en melodie word ook aangeleer. In die gewone primêre skole het kinders van ses tot veertien jaar

elke dag 'n sangklas (45 minute lank), terwyl begaafdes kinders addisionele koorklasse bywoon (Szönyi, 1973: 8,9).

Die Kodály-metode kan opgesom word in die volgende eienskappe: (Hoffer, 1993:124):

- Daar word gebruik gemaak van eenvoudige ritmesimbole wat bestaan uit strepies soos hier aangedui in figuur 2.1.



Figuur 2.1 Eenvoudige ritmesimbole

- Die Kodály-metode maak gebruik van die tonika-solfa. Die verskuifbare *do* maak dit vir die kinders moontlik om in verskillende toonaarde vanaf die bladmusiek te sing. Hierdie metode leer kinders oudier, want hulle moet 'n goeie begrip van toonhoogte hê om in staat te wees om in die tonika-solfa te sing.
- Die Kodály-metode maak gebruik van Emile-Joseph Chève se ritmiese sisteem. Chève het 'n sisteem vir ritmiese oudiasie ontwikkel (Szönyi, 1973: 22, 23) deur gebruik te maak van nommers, byvoorbeeld vyfdes, derdes ensovoorts, terwyl die Hongaarse metode aanvanklik woorde en klanke gebruik, voordat hulle oudier sonder die hulp van woorde. Hier volg 'n voorbeeld van die Hongaarse metode in figuur 2.2:



Taa Taa Ta-fa-te-fe Ta-te

Figuur 2.2 Die Hongaarse metode van musieknotasie

- A capella-sang word gebruik, aangesien Kodály nie die klavier as begeleidingsinstrument erken het nie.

- Die vaste polsslag word vanaf die begin aangeleer. Materiaal wat vir die leerders gekies word, moet aansluit by hulle ouderdom. Die opvoeder kies self die onderwerpe.
- Die pentatoniese toonleer word gebruik, wat dit maklik maak om op instrumente saam met pentatoniese sang te improviseer.
- Notasie was vir Kodály baie belangrik. Leerders word van jongs af bekendgestel aan verskeie vorms van notasie. In hierdie opsig verskil sy metode van dié van Orff en Jaques Dalcroze, by wie notasie eers later aangeleer word. Notasie word in die volgende volgorde aangeleer: Die leerder hoor die toonhoogtes en nootwaardes; die name van die toonhoogtes en note word verbaal aangeleer; die toonhoogtes en tydsduur van die note word kinesteties ervaar, hetsy deur sang of instrumentale spel of ritmiek; die kind bladlees die geskrewe nootwaarde, waarna dit ge-oudieer word deur dit sonder die bladmusiek te herroep (Wang, 2005: 3).

Die belangrikste musikale bydraes van Kodály se metode om die kind te ontwikkel, kan soos volg saamgevat word:

1. Musiek moet 'n oorheersende rol in die kind se opvoeding inneem.
2. Musiekgeletterdheid verbeter musiekkultuur en is bevorderlik vir die bywoning van konserte en operas. Kodály het geglo dat fondse van die onderwysdepartement wat hiervoor aangewend word, dividende sal oplewer.
3. Die kursusse in musiek vir primêreskool-opvoeders moet verbeter.
4. Kinders moet net die beste musiek hoor, en nie blootgestel word aan swak musiek nie: “For the young, only the best is good enough. . . . They should be led to masterpieces by means of masterpieces” (Szönyi, 1973:13).
5. Volksmusiek moet die kind se musikale moedertaal wees.
6. Musiek is vir almal, en die menslike stem is die belangrikste instrument.
7. Hongaarse koormusiek moet deur Hongaarse komponiste met 'n goeie kennis van Hongaarse volksmusiek geskep word.

In sy opstel, “Music in the Nursery School”, gepubliseer in 1941, skryf Kodály: “Musical education contributes to the many-sided capabilities of a child, affecting not only

specifically musical aptitudes but his general hearing, his ability to concentrate, his conditional reflexes, his emotional horizon, and his physical culture.” (Szönyi, 1973: 15)

2.2 Die Suzuki Talent Opvoedingsmetode

Shinichi Suzuki (1898-1998) is bekend vir sy metode, genoem die *Suzuki metode*, of die *Talent Opvoeding*. Sy pa het 'n vioolfabriek besit, waar hy as seuntjie geleer het van viole en vioolspel. Tydens sy studies in viool by Professor Klingler, in Berlyn, het die gemak waarmee peuters Duits aanleer, hom aangespreek. Dit het daartoe gelei dat hy die natuurlike manier waarmee ouers vir kinders taal aanleer, wou navors en toepas op musiekleer.

Die volgende nege punte is eienskappe van die Suzuki Talent Opvoedingsmetode (Hoffer, 1993: 129-130; Suzuki et al., 1973:15):

- Onderrig begin reeds op 'n baie vroeë ouderdom – gewoonlik op driejarige ouderdom of vroeër. Musiek word selfs vir babatjies gespeel. Peuters begin deur eers die opvoeder vir 'n paar lesse dop te hou voordat die viool vir hom of haar gegee word om te hanteer. Leerders begin speel op sestiende-viole. Soos hulle groei, word groter viole aan hulle gegee.
- Die leermetode is nabootsing en herhaling. Dit is ook die manier waarop taal aangeleer word.
- Alle musiek word gememoriseer. Die tegniese aspekte van spel word bespreek en gedemonstreer, waarna die leerders dit sonder notasie moet speel. 'n Ouer wat die les bywoon, gebruik die boek en volg die musiek om die leerder tuis te help.
- Elke stap moet goed bemeester en vasgelê word. Beurte word met twee groepe gemaak: Wanneer die een groep ophou speel (enige plek waar die opvoeder dit aanwys), moet die ander groep weet hoe om aan te gaan, en waar hulle moet speel. Dit kan slegs gebeur as hulle die melodie goed ken. Dit ontwikkel ook die kind se oor vir musiek.
- Een ouer, gewoonlik die moeder, moet haar verbind om saam met die kind te leer en te oefen, en saam die les meemaak. Verkieslik moet die moeder ook die strykinstrument leer speel. Dit help oefening tuis en versterk die intrinsieke motivering.

- Die lesse word deur 'n privaat musiekopvoeder aangebied, en is baie kort. Peuters en opvoeders staan tydens die les vir 'n beter postuur en sodat aandag gegee kan word. Wanneer die kind moeg is, word die les gestaak. Die klaskamers is vry van onnodige bykomstighede soos prente of ornamente wat die aandag kan aflei. Individuele lesse word aangebied, sowel as groeplese waar leerders vir mekaar moet speel.
- Alle leerders, ongeag hulle musikale vermoëns, leer dieselfde musiek. Sommiges leer vinniger as ander. Dieselfde musiek word in dieselfde volgorde aan almal geleer. Die metode gebruik nie toonlere nie, maar tegniese oefeninge wat afkomstig is uit van die musiek.
- Daar is tien boeke met geselekteerde musiek, meestal van Bach, Handel en Vivaldi, wat gebruik word. Goeie opnames van die musiek is gemaak en is beskikbaar op plate of kassette sodat die leerder by die huis daarna kan luister.
- Samespel en samewerking – nie kompetisie nie – word tussen die leerders bevorder. 'n Onderlinge gesindheid van respek teenoor ander spelers word by die leerders gekweek. Aanmoediging, soos om leerders te prys vir hulle pogings om musiek te maak, deur die opvoeder is belangrik vir die suksesbelewenis.

2.3 Die Orff-metode

Carl Orff (1895-1983) was 'n Duitse komponis en musiekopvoedkundige wat bekendheid met sy Orff-metode van musiekleer verwerf het. Dit het sy kreatiewe werk met slaginstrumente ingesluit. Hy het in 1924 saam met Dorothea Günther die Günterschule gestig. Hulle het Dalcroze se idees rondom euritmiek gebruik saam met materiaal wat oor die jare versamel en met kinders uitgetoets is. Met die Tweede Wêreldoorlog is die skool vernietig. Ná die oorlog het Orff en Gunild Keetman die versamelde materiaal in vyf boeke uitgegee, *Das Schulwerk, Musik für Kinder*. Die vyf bundels speel vandag nog 'n groot rol in skoolmusiek. Die Orff-Instituut het tot stand gekom as deel van die Salzburgse Mozarteum in 1951, waar studente opleiding kon ontvang in sy Orff-metode van musiekleer (Hoffer, 1993: 119).

Hier word die eienskappe van Orff se metode bespreek:

Spontane beleving van musiekmaak is belangrik. Die kind word op 'n vroeë ouderdom aan musiek bekend gestel; dit geskied deur basiese sang, instrumentale spel, spraak en dans (Warner, 1995:9). Hierdeur ontwikkel die kind 'n gevoel vir klank, ritme en vorm. Entoesiasme en 'n positiewe beleving moet altyd deel van die spel wees. Genot in die speelproses is van groot belang vir die vorming van totale menswees. Dit sal bepaal of liefde vir musiek gestimuleer sal word of nie (Stamou, 2001).

Kreatiewe werk en improvisasie is 'n belangrike komponent van Carl Orff se leermetode. Hy gebruik musiek wat hy *saam* met die leerders geskep het. Die skeppende vermoëns van die kind word dus ontwikkel (Stamou, 2001: 8).

Elementêre musiek word gebruik. Die kind moet op 'n natuurlike, interaktiewe manier kennis maak met die basiese elemente van musiek, en dan wel in die eenvoudigste vorms.

Elementary music is never music alone but forms a unity with movement, dance and speech. It is music that one makes oneself, in which one takes part not as a listener but as a participant. It is unsophisticated, employs no big forms and no big architectural structures, and it uses small sequence forms, ostinato and rondo. Elementary music is near the earth, natural, physical, within the range of everyone to learn it and experience it, and suitable for the child. (Orff, 1964, soos aangehaal deur McLachlan, s.j.: 182)

Die pentatoniese toonleer word meestal gebruik vanweë die eenvoudige karakter daarvan. Die pentatoniese toonleer word progressief in volgorde aangeleer, eers *so-me*, dan *so-me-la*, en verdere oefeninge sluit in *do-re* en uiteindelik leer hulle die hele pentatoniese toonleer: *do-re-me-so-la*. Die eenvoud van die pentatoniese toonleer speel 'n bepalende rol in die leerders se ontwikkeling van ensemblespel deurdad die suksesbeleving van musiek dan haalbaar is (McLachlan, s.j.: 182).

Die gebruik van die pentatoniek en die Orff-instrumente verleen aan Orff-musiek 'n eiesoortige karakter. Dit ontwikkel die leerders se gehoor en waardering vir verskeie soorte musiek. Estetiese onderskeidingsvermoë en goeie smaak word dus deur die

proses van gesamentlike musiekmaak bevorder (McLachlan, s.j.: 183, Schiff, 1997: 39).

Ritme is die basiese element wat gebruik word in dans, musiek en spraak. Hy gebruik hoofsaaklik die volkslied, volksdans, spel en spreekrympies (McLachlan, s.j.: 181). Volgens McLachlan (s.j.: 182) is ritme en melodie die twee oer-elemente van musiek en kan dit met behulp van melodiese en niemelodiese slaginstrumente afsonderlik aangeleer word. Eksperimentele oefeninge kan gedoen word om improvisasie aan te moedig.

Klem word gelê op kwaliteit instrumente, asook goeie ensemblespel. Karl Maender het die eerste staafinstrumente ontwerp en gebou. Klaus Becker, sy assistent, het in 1949 begin om Orff-instrumente op groot skaal te vervaardig. Die fabriek, Studio 49, is vandag wêreldbekend vir sy hoë kwaliteit instrumente (McLachlan, s.j.: 183).

Ongeag die ongesofistikeerde aard van *Das Schulwerk*, het Orff beklemtoon dat ensemblespel smaakvol moet wees. Naas die bemeesting van speeltegnieke en vaardighede, is vertolking baie belangrik. Die sukses van die artistieke uitvoering hang grootliks af van die opvoeder se insette. 'n Gevoel vir die klassieke orkes moet ontwikkel word deur die ensemblespel met die Orff-instrumente (McLachlan, s.j.: 183).


Instrumente wat gebruik word, sluit niemelodiese en melodiese slaginstrumente in:

- Niemelodiese slaginstrumente: Die instrumente wat die meeste gebruik word, is ritmestokkies en -blokkies, klokkies, driehoek, tamboeryne, verskeie grootte handtromme, simbale, vingersimbale en marakkas. Daar is ook ander slaginstrumente, byvoorbeeld die "guiro" (dit beteken "vis" en is afkomstig van Mexiko), die "glyfluit" en houtgemaakte "klappers" (wat klink soos perdehoewe). Daar is toenemend nuwe slaginstrumente wat in musiekfirmas se katalogusse bygevoeg word.
- Melodiese slaginstrumente: Die staafinstrumente is die sopraan-, alt- en basxilofoon; die sopraan- en altmetallofoon; en die sopraan- en altglockenspiel. Ander instrumente wat ook gebruik word, is die alt- en sopraanblokfluit, die kitaar en tjello (McLachlan, s.j.: 183).

Liggaamslagwerk is ook 'n karaktereienskap van die Orff-metode, en dit sluit hoofsaaklik hande klap, voete stamp, knieë klap, vingers klap en tong klap, in.

Bordun- en ostinato-patrone word dikwels in die Orff-metode gebruik. Die bordun is 'n interval van 'n kwart of 'n kwint wat herhalend gespeel word. Dit is veral nuttig as begeleiding en vorm die basis waarop harmonie gebou word. Die bordun kan uitgebrei word vanaf die basiese interval tot die herhaling of byvoeging van sekere note tot die interval, sodat 'n akkoord gevorm word. Dit kan ook in gebroke vorm wees, wat dan as die “swewende bordun” bekend staan. Met die verdere uitbreiding van laasgenoemde tot 'n herhalende patroon, kry ons die “ostinato” (McLachlan, s.j.: 184). Sien figuur 2.3.

Bordun



Swewende Bordun



Ostinato patroon



Figuur 2.3 Bordun- en ostinato-patrone

Volgens die Orff-metode leer kinders dus van melodieë en begeleiding. Deur die improvisasie van eenvoudige patrone kan die kinders gehelp word om 'n gevoel vir begeleiding te ontwikkel, en nie net melodieë aan te leer nie.

Orff moedig 'n sensitiwiteit aan vir ander kulture. *Das Schulwerk* is in baie tale vertaal, en bied aan verskeie kulture die geleentheid om van sy metode te leer. Dit kan vir eie gebruik aangepas word en poog om kreatiwiteit binne eie kulture te stimuleer.

Carl Orff se musiekleermetode is daarop ingestel om aan elke leerder die geleentheid te gee om sy/haar unieke musikale vermoëns maksimaal uit te brei. Die gebruik van die pentatoniek maak dit vir leerders moontlik om makliker met toonhoogte vertrouwd te raak. Vir die leerders met meer musikale aanleg kan daar uitdagings wees om die moeiliker partye en instrumente te speel. Vir dié met minder musikale aanleg is daar niemelodiese partye wat suksesbeleving ook vir hulle moontlik maak (Huffman, 2002: 5).

2.4 Die Montessori-leermetode

Maria Montessori (1870-1952) was die eerste vrou wat 'n mediese sertifikaat in Italië in 1894 ontvang het. Dr. Montessori se werk in die opvoedkunde het by kinders met gestremdhede begin. Sy het met verskeie onderrigmetodes en allerlei materiale geëksperimenteer om hulle te help om hulle werklike potensiaal te bereik. Haar resultate was bo verwagting goed, aangesien hierdie kinders leer lees en skryf het, en ook eksamens soos "normale" kinders kon slaag. As 'n dokter het sy geïnteresseerd geraak in die algehele ontwikkeling van kinders en vervolgens 'n metode van holistiese leer ontwikkel (Olaf, 2004: 2).

2.4.1 Die Montessori-metode

Te oordeel aan die getal Montessori-skole regoor die wêreld, het dr. Montessori 'n merkwaardige bydrae tot die opvoedkunde gelewer. Haar metode is vandag nog aktueel en uitbreidings van haar metode kan gemaak word om aan te pas by die opvoeding van 'n spesifieke skool of instansie, ten opsigte van kultuur en omgewing (Grimes 1996:1).

Die skole wat Montessori gestig het, was gegrond op die leerstellings van die Katolieke Kerk. Haar metode het voortgevloei uit die volgende vyf doelstellings (Montessori, 1973: 11-17)

- Elke leerder se potensiaal word tot die hoogste vaardighede moontlik ontwikkel. Daarom het dr. Montessori gevoel sy wil nie 'n vooropgestelde kurrikulum vir die leerders gee nie, maar eerder voorsien in hulle eie, natuurlike behoeftes in hulle konteks.

- Onafhanklikheid en selfdissipline word by leerders gekweek deur selfleer te laat plaasvind teen die leerder se eie tempo en uit sy/haar eie vrye wil. Daarom is haar teorie ook bekend as “Liberty in a Prepared Environment” (Grimes, 1996: 2).
- Holistiese opvoeding deur die manipulering van hulle fisiese omgewing help die leerder om in totaliteit te ontwikkel tot 'n gebalanseerde mens met 'n goeie selfbeeld. So 'n opvoeding sluit die kognitiewe, fisiese, emosionele, kreatiewe en sosiale lewe in. “[Children] construct their own personalities as they interact with their environment” (Montessori, 1930: 110).
- Godsdiensontwikkeling speel 'n belangrike rol in die karaktervorming van die kind.
- Daar word gepoog om 'n liefde vir lewenslange leer by die kind te ontwikkel. Die terreine van leer wat gedek word, is praktiese lewensaktiwiteite naamlik binne- en buitemuurs, sensoriese aktiwiteite (onder andere musiek), taal, kulturele en wiskundige aktiwiteite.

Dr. Montessori het deur fyn waarneming en assessering navorsing gedoen oor die maniere waarop kinders leer wanneer hulle spontaan aktiwiteite kies en werk met die outodidaktiese materiale wat sy aan hulle beskikbaar gestel het (Montessori, 1930: 121). Hulpmiddels is van so 'n aard dat die leerders self hulle oefeninge kan korrigeer. Opvoeders word net as fasiliteerders gesien wat die selfwerkzaamheid van die kind monitor en assessee. Die klaskamer sentreer rondom die kind, en die omgewing is niekompetierend. Ouderdomsgroepe van drie- tot sesjarige in een klas, waar hulle spontaan by mekaar leer. So kan sekere vyfjarige gouer lees, omdat hierdie stimulasie tussen ander groter kinders die jonger, skrandere kind sal help om self te leer lees. Die materiale word só beplan en voorberei dat die omgewing stimulerend sal wees ten einde leer te optimaliseer.

Die volgende vereistes word gestel vir optimale leer om plaas te vind:

- Leer moet eers sensories ervaar word voordat dit intellektueel ervaar kan word:

[T]o bring about a concentration of the child's attention on sensorial objects, thereby developing and refining his sense perceptions; and later, to lead through combined operation of the senses and intellect, to a knowledge of reading, writing and arithmetic. (Montessori, 1930: 114)

- Leer vind eers ekstern plaas deur die manipulasie van sensoriese materiaal, voordat dit intern plaasvind. Die sensoriese ervaring van musiek het interne leer as uitkoms:
It is not the preoccupation with the material in itself which is of special value, it is the inner growth which accompanies it. It is this inner growth, this development of an increasing sensitiveness . . . that is really important (Montessori, 1930: 128).
- Materiale moet maklik hanteerbaar wees vir die optimalisering van die sensoriese leerondervinding (Montessori, 1930: 115-117).
- Materiale word eers deur die opvoeder bekendgestel voordat leerders dit manipuleer – dan is daar orde binne die vryheid van keuse van spel. Die kind moet ook die materiale respekteer en die apparaat met verantwoordelike kreatiwiteit gebruik (Montessori, 1930: 116).
- Sensoriese leer deur die manipulasie van materiale is deel van die kind se natuurlike nuuskierigheid om te wil aanraak. Hulle leer eintlik deur hulle hande (Montessori, 1930: 131).
- Aktiwiteite word in 'n bepaalde volgorde aangebied. Baie repeterende aktiwiteite is nodig voordat opvolgende materiale beskikbaar gestel word. Leerders moet ook die verband kan insien met bestaande kennis voordat verdere aktiwiteite gegee word. As gevolg van die selfontdekkings wat leerders maak, verskaf leerervarings baie genot aan leerders (Montessori, 1930: 126-128).

Al die bogenoemde beginsels van Montessori se opvoedingsfilosofie kan op musiekopvoeding toegepas word. Alhoewel sy 'n wetenskaplike was, het Montessori groot belangstelling in die opvoedkunde getoon, en het sy haar lewe daaraan gewy. Sy het kinders van verskillende rasse en die kulture van verskeie lande bestudeer (Wise, 2004: 4).

Montessori se opvoedingsmetodes het twee paradoksale uiterstes ingesluit: Aan die een kant het die kind volgens haar 'n universele karakter. Die gemeenskaplike eienskappe van alle leerders moet erken word. *Alle* kinders het die behoefte om in 'n stimulerende omgewing binne en buite die skool te leer. Sodoende kan hulle hulle volle potensiaal ontwikkel (Wise, 2004: 4). So is leerders se nuuskierigheid 'n bate vir die leerproses: “Montessori . . . concluded that intelligence is not rare among human

beings and that it manifests itself in the natural, spontaneous curiosity of a child from birth" (Wise, 2004: 4). Aan die ander kant sien sy die kind as 'n unieke individu wat onvoorwaardelik aanvaar en gerespekteer moet word. Elke leerder moet sy/haar unieke gawes ontdek en ontwikkel met 'n keuse van leermateriaal om by die kind se unieke behoeftes te pas (Wise, 2004: 4).

2.4.2 Godsdienst in die Montessori-metode

Die kinders is van vroeg af ingesluit by die kerkverrigtinge van die Katolieke Kerk, waarvan Montessori 'n lid was. Kinders is ingesluit by die kerk se rituele, en het deeglike kennis gehad van al die sakramente soos die Nagmaal en die Mis (Montessori, 1930: 3-4).

Montessori (1930: 11) se eie uitgangspunt was: "Go and teach all nations". Verder het sy geglo kinders moet nie net van die kerk vertel word nie, maar aktief deelneem aan die aktiwiteite van die kerk.

In all such matters it is important that the small child should be most carefully instructed, so that he shall feel 'at home' in God's House. . . . Similarly it is necessary that little children should be prepared for the life within the Church . . . this requires as a preparation not so much the learning to read as a preparation of self (Montessori, 1930: 28).

Deur die sensoriese leer van godsdienst het kinders interaktiewe deelname aan die kerklike lewe. Dit is verbasend om te sien hoe gemaklik kinders met die mistieke is wanneer hulle met behulp van Montessori se leermetode begelei word. Die Katolieke Kerk maak ook gebruik van baie simbole, soos die kruis, die Christusfiguur aan die kruis en die prente van Moeder Maria wat leer hieroor stimuleer by kinders en hulle help om die transendentale te verstaan (Montessori, 1930: 28, 47-48).

Die kinders is op vele kreatiewe maniere by die leer van die kerk betrek. Montessori het byvoorbeeld die volgende gedoen:

- 'n Kapel is ingeruim sodat die klasse daar aangebied en die kinders die bonatuurlike kon ervaar. Klein koperreplikas is van die kandelare en ander ornamente vir liturgiese gebruik gemaak. Die kinders kon die ornamente hanteer en die name

daarvan op kaartjies skryf. Die klein kappelletjies is ook "kinderkapelle" (*Children's Chapel*) genoem (Montessori, 1930: 6).

- Kerse is tydens seremonies aangesteek. Kinders kon leer om die liturgiese ruimte te versier deur blomme daar te rangskik (Montessori, 1930: 8, 28).
- Bybelstories is konkreet en sensories aangebied. Die storie van die saaiër, byvoorbeeld, is gedemonstreer deur 'n koringgerf in die koringland te sny en die koring dan tot korrels te verwerk. Die storie is dan prakties beleef deurdat elke leerder koring gekry om te saai (Montessori, 1930: 12-13).
- Die leerstof in katekisasie is konkreet voorgestel sodat kinders dit kon beleef voordat dit gememoriseer is: "I would have the memorizing come at the end, as a summing up after the experience" (Montessori, 1930: 29). Kennis was vir haar baie belangrik. Die benadering was anders as hedendaagse publieke skole waar kennis oorgedra word deur opvoeders wat in baie gevalle bloot 'n lesing gee (Montessori, 1930: 46-47).
- Die Sakramente is konkreet aangebied. Die doop is met behulp van 'n leerder gedemonstreer. Daar is vertel van die volwassenes wat in die vroeë dae van die kerk groot gedoop is nadat hulle tot bekering gekom het. Daar is oor die kinderdoop en hulle geloof gesels (Montessori, 1930: 42).
- Kuns is rondom die kerktéma beoefen. Prente is geteken oor die onderwerpe wat bespreek is, en modelle is uit materiale soos klei en papier gebou (Montessori, 1930: 31).
- Aksiekaartjies is gebruik om opdragte rondom die spirituele aksies te lees en uit te voer. Voorbeelde hiervan is: (Montessori 1930: 39)
 1. Gaan na die beeld van die engel, dink daaraan as jou beskermengel. Vra vir hom om vir jou te bid.
 2. Gaan staan voor die Madonna en Jesusbeeld en blaas 'n soentjie vir die baba Jesus.
 3. Trek jou skoene uit as jy voor die altaar staan, soos Moses gedoen het voor die brandende braambos, "want jy staan op heilige grond".
 4. Bid die "Onse Vader" hardop.

Bogenoemde is voorbeelde van die maniere waarop kinders op konkrete maniere by die leer van die kerk betrek is. Daar is baie Montessori-skole in die Verenigde State van

Amerika (VSA). Op die internet is daar meer as tien duisend adresse van Montessori-opvoedingsentra. Alhoewel haar opvoedingsmetodes alombekend is in die VSA, word die godsdienstafdeling, wat 'n deel van holistiese opvoeding vorm, weggelaat. Die Gereformeerde Kerk se leerstellings sal goed by hierdie metode van onderrig geïnkorporeer kan word. Kinders sal die kerk kan beleef op 'n praktiese, konkrete manier, Bybelkennis kan opdoen asook leer musiek maak en 'n liedereskat kan opbou wat noodsaaklik is vir die groei van die gemeenskap van gelowiges.

2.4.3 Die plek van musiek in die Montessori-metode

Musiek vorm 'n belangrike deel van die Montessori-metode. Die *prosesse* is vir Montessori belangriker as die *produk*. Volgens Pageais (1997: 1-5) beoog Montessori se musiekaktiwiteite in skole om:

- die stem as die belangrikste musiekinstrument te ontdek en te ontwikkel;
- 'n verskeidenheid liedere te leer en onder andere die affektiewe funksie van musiek te ontdek;
- musiekwaardering deur die beluistering van verskeie musiekstyle te beoefen;
- slaginstrumente te leer speel;
- ritmiek saam met gekose musiek te doen; en
- Montessori-klokke as deel van “sensoriese werk” (dit wil sê die sintuiglike manipulasie van instrumente) te leer speel.

Dr. Montessori gebruik klokke as deel van die sensoriese materiale om toonhoogte aan kinders bekend te stel. 'n Stel Montessori-klokke bestaan uit 'n metaalklokkie bo-op 'n versierde houtstokkie wat op 'n vierkantige houtvoetstuk gemonteer is. Dit lyk soos 'n sampioen op 'n voetstuk. Die klokke het wit of bruin voetstukke, wat vergelyk met die wit of swart klawers op die klawerbord. Daar is agt klokke met wit basisse en vyf klokke met bruin basisse. Die hele stel bevat dertien chromatiese klokke wat wissel vanaf die toonhoogte van middel-C tot die C 'n oktaaf hoër (Bamberger, 1991: 127). Leerders kan self met klank eksperimenteer, of hulle kan in 'n soort geheuespeletjie gevra word om die patroon te herhaal. Bekende volkswysies, byvoorbeeld “Twinkle, twinkle, little star”, is op die klokke gespeel. Foto 2.1 wys die Montessori-klokke en hoe dit gespeel word (Bamberger, 1991: 127).



Foto 2.1 Die speel van die Montessori-klokke

Kognitiewe skemas word gevorm deur “thinking and hearing pitch-relations” (Bamberger, 1991: 13) wat die proses van oudiasie genoem word (sien 2.6.3). 'n Oefening van eksperimentering met Montessori-klokke wat hierdie denkproses oor klank kan aanhelp, word deur Montessori (1930: 137) beskryf. Die klokke is op 'n bord gepak. Soos die wit en swart klawers van die klavier, word die verskillende note van die klokkes aangewys met bruin en wit basisse. Vir gevorderde leerders is daar notasie waarvan 'n melodie op die klokke gespeel kan word. Moderne lessenaar-klokke word op die beginsel van die Montessori-klokke gemaak (sien bylae 1).

Volgens McCown et al. (1996: 36) is Piaget se stadia vir kognitiewe ontwikkeling van kinders nou in die Pre-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling. Nuwe musiekkonsepte word stelselmatig aangeleer, aangesien die kind reeds simbole kan memoriseer. Logiese denke is nog nie teenwoordig in hierdie stadium nie, dus kan kinders nie abstrak dink nie (McCown et al., 1996: 37) en moet musiekleer gepaard gaan met die belewenis van die fisiese manipulasie van musiekinstrumente.

2.5 Die Gordon-leerteorie

Edwin Gordon (gebore 1927) is 'n Amerikaner wat bekendheid verwerf het as navorser, onderwyser, dosent en outeur van verskeie boeke oor musiekopvoeding. Sy grootste bydrae in navorsing is in die bepaling en ontwikkeling van musikale begaafdheid, die proses van oudiasie (sien afdeling 2.6.3) en sy musiekleerteorie. Sy musiekleerteorie sluit onder andere die tonale en ritmiese ontwikkeling van kleuters se musikale ontwikkeling in, sowel as die ontwikkeling van leerders se ekspressiewe musikale begaafdheid (Gordon, 1971: 47).

Gordon is die outeur van ses musikale begaafdheidstoetse waarvan *Musical Aptitude Profile* (1995, Lehman, 1968: 53-54) bekend is en gebruik word om leerders van graad vier tot ses te assesser. Gordon het navorsing oor die sielkunde van musiek gedoen. As uitvoerende kunstenaar in kontrabas het hy 'n BA en MMus aan die Eastman School of Music, en daarna 'n PhD aan die Universiteit van Iowa verwerf. Vanaf 1979 tot 1997 was Gordon professor in Musiekopvoeding aan die Temple Universiteit in Philadelphia.

2.5.1 Gordon se musiekleerteorie

Die volgende verduideliking van wat Gordon se teorie is en alles behels, som sy hele filosofie oor musiekopvoeding in 'n neutedop op:

Music Learning Theory is an explanation of how we learn when we learn music. Music Learning Theory provides the music teacher with a sequential and comprehensive method for teaching musicianship through audiation, Gordon's term for thinking music in the mind with understanding. Music teachers . . . can use learning sequence activities to develop their students' tonal and rhythm audiation. Skills thus learned can then be applied to all manner of classroom activities, enabling students to draw greater meaning from the music they listen to, perform, improvise, and compose. The objective is to help students become independent musicians and musical thinkers (Dalby, s.j.: 1).

2.5.2 Musikale begaafdheid

Daar word gepraat van musiekaanleg as musikale begaafdheid. Prof. Philip MacLachlan het in 1980 (die navorser was 'n student in sy klas) dikwels in die klasmusiekklassie gesê: "Kinders word met 'n sin vir musiek gebore, dit hang af wat [die

musiekopvoeder] daaraan doen". Gordon gaan van dieselfde standpunt uit: "Music is not a special aptitude bestowed on a select few; every human has at least some potential to understand music . . . every child is born with at least some music aptitude" (Gordon, 1997: 3, 9).

Gordon beweer dat ongeveer 68% van alle kinders bogemiddelde potensiaal het, ongeveer 16% hoë potensiaal, en ongeveer 16% ondergemiddelde potensiaal. Hy beweer dat daar nie kinders is met geen musikale begaafdheid of talent nie (Gordon, 1997: 9). Soos mense 'n taal kan aanleer, so kan hulle ook musiek maak. Ons sou dus selfs kon praat van musikale begaafdheid as 'n latente sesde sintuig.

Volgens Gordon speel die omgewing en oorerwing beide 'n rol in die musikale aanleg van die kind. Musikale aanleg is die produk van interaksie tussen die aangebore potensiaal en die omgewingsinvloed op 'n vroeë ouderdom. Die mate waarin die omgewing en oorerwing 'n rol speel, verskil van kind tot kind. Om vir kleuters die beste leiding en onderrig in musiek te gee, moet opvoeders verstaan hoe kinders musiek leer. Dit is ook nodig om te weet watter belangrike rol musikale begaafdheid in die leer en onderrig van musiek speel (Gordon, 1971: 48).

Daar is 'n verskil tussen musikale begaafdheid en musikale prestasie. Iemand kan minder musikaal begaafd wees en beter presteer as iemand met hoë musikale vermoëns. Hier speel die musikale omgewing 'n rol, asook die intrinsieke motivering van 'n leerder (Gordon, 1997: 9-13). Jonger kinders moet op hulle eie ontwikkelingsvlak hanteer word, dit wil sê leerders se musiek moet nie te gevorderd wees nie. Dit sal hulle belangstelling laat verloor en hulle moedeloos maak. Kinders wat egter te maklike musiekervarings beleef, ruk maklik handuit, of raak bloot verveeld, en verloor ook belangstelling. Die uitdaging is om aan te voel wat die groep se behoeftes is, die individuele kinders te assesser, en lesse aan te pas om by almal se vermoëns aan te sluit (Gordon, 1997: 14). Dit is 'n moeilike opdrag. Daarom moet musiekopvoeders gehelp word met 'n model, 'n program met haalbare doelstellings, sodat kinders gestimuleer kan word in hierdie ontwikkelende stadium van hulle lewe.

Dit is moeilik om musikale begaafdheid te meet as kinders nog baie jonk is. Dit kan eers taamlik akkuraat gemeet word wanneer die kleuter in die preprimêre fase is deur die deelname aan aktiwiteite dan te evalueer (Gordon, 1971: 48).

Musikale begaafdheid is ook nie stagnant nie. Dit kan ontwikkel word. Gordon beweer dat musikale begaafdheid met geboorte op sy hoogste vlak is (1997: 1, 10). Volgens hom verlaag die musikale vermoëns totdat dit weer deur die musiekomgewing gestimuleer word. Ook beweer Gordon dat dit nie hoër kan styg as by geboorte nie (1997: 10). Alhoewel dit aanvaarbaar klink, behoort die resultate wat met musiekklasgroepe oor die algemeen bereik word in verdere studies ondersoek te word om waar te neem of leerders bo hulle vermoë presteer het.

Die kleuters van die Kleuterkerk Helderberg het in 1999, na drie kwartale se musiekonderrig op 'n spontane en innoverende manier, baie goed ekspressief kommunikerend met die musiek gewerk en het holisties baie ontwikkel wat hulle luistervermoë, deelname aan die musiekaktiwiteite, sang, instrumentale sang en eurtimiek aanbetref. Die kontras in gereedheid vir musiekopvoeding was opvallend tussen eersgenoemde groep en 'n groep van dieselfde ouderdom van 'n kleuterskool, Happy Days, wat ook musiekklas bygewoon het by 'n ander musiekopvoeder. Dieselfde lesse is deur die navorser op dieselfde manier by albei inrigtings aangebied. Tog was daar nie dieselfde reaksie by die twee groepe nie. Laasgenoemde groep het nie responsief reageer nie; daar is nie vantevore verwag dat hulle sensories en ekspressief betrokke moes wees by musiekaktiwiteite nie. Gevolglik was hulle baie beperk in hulle musikale vermoëns vanweë 'n gebrekkige musiekbelevens en 'n musiekarm omgewing. Gordon beweer dat die musikale vermoë nie 'n hoër vlak kan bereik as wat dit by geboorte was nie. As in berekening gebring word dat mense gemiddeld 7% van hulle brein gebruik, sou 'n mens kon dink dat musikale aanleg in 'n gestimuleerde, ryk musiekomgewing in hierdie stadium van die ontwikkeling van musiekaanleg wat Gordon (1997: 10) die "developmental music aptitudal stage" noem, moontlik meer kan ontwikkel indien die brein meer gestimuleer word.

Daarom het Vygotsky se teorie van die Proksimale Ontwikkelingsone (*Zone of Proximal Development*), ook waarde. Deur stimulasie van 'n aanmoedigende musiekomgewing,

kan die kind gehelp word om maksimaal te ontwikkel, dalk ook verder as sy vermoë, deur die hulp van 'n entoesiastiese onderwyser en bevoegde ouers (McCown et al., 1996: 44).

Hierdie maksimale stimulasie en omgewingsinvloede, saam met die aangebore potensiaal, noem Gordon (1997:10) "ontwikkelende musikale begaafdheid". Na die ouderdom van nege verander dit nie meer verander nie en word dit "gestabiliseerde musikale begaafdheid" genoem. Om hierdie rede is dit so belangrik dat musiekopvoeders die waarde van voorskoolse musiekstimulasie besef.

Dit is belangrik dat kinders se musiekbeleving as kleuters al by geleentheid soos kleuterkerke gestimuleer word. Kinders word beïnvloed deur die musiekomgewing tot op die ouderdom van nege. As ons kyk na Suzuki wat kinders op so 'n vroeë ouderdom aan die strykinstrumente blootstel en wat die kinders in konserte bereik as hulle volgens dié metode opgelei is, sien ons weereens watter waarde vroeë musiekopvoeding inhou. Daarom is die staafklokke so 'n handige stel instrumente: soveel kleuters kan meedoen aan musiekaktiwiteite op 'n genotvolle en verstaanbare vlak.

Ruth Strang sê oor begaafde kinders:

Giftedness is many-sided, many-patterned. Among the intellectually gifted we find persons talented in many different fields. Different patterns of personality have been noted among children with different kinds of talent – scientific, artistic, musical, leadership ability. Giftedness may take many forms depending upon the particular circumstances. Gifted children are far from being a homogeneous group; there are wide individual differences among children designated as gifted (cf. Mark, 1978: 226).

Michael Mark skryf dat musiek baie stimulerend kan wees vir begaafde kinders, ongeag die area van begaafdheid:

. . . because they respond more deeply to aesthetic stimuli than do other children. Many gifted children given proper instruction and motivation, also have the ability to analyze, create, and perform music. . . . When gifted students are placed in a normal music class, the teacher must provide enrichment activities

over and above those offered to normal students. . . . Students gifted in music present other kinds of problems and responsibilities for the music teacher. Musical giftedness can take different forms. A musically gifted child might excel in several aspects of music, or might be an excellent composer, but be unable to develop performance skills (1978: 227).

Musikale begaafdheid bestaan uit drie komponente: die tonale, die ritmiese en die esteties ekspressiewe dimensies. Musikaal begaafde kinders is dikwels nie ritmies en tonaal ewe sterk nie. Gewoonlik het hulle 'n voorkeur vir een van die twee. Leerders met 'n gemiddelde musikale vermoë kan dikwels in albei, ritmies en tonaal, gemiddeld wees (Gordon, 1997: 11). In 'n groep kinders van dieselfde ouderdom is die gemiddelde ritmiese en tonale begaafdheidsverskille gering (Gordon, 1971: 25).

Dit bied aan die opvoeder 'n groot uitdaging om klasse so aan te bied dat dit vir almal stimulerend sal wees. Kinders sal ook teen hulle eie tempo vorder wat dit ook moeilik maak vir die opvoeder om die tempo te bepaal. Baie begaafde leerders sal verveeld raak indien die tempo van onderrig te stadig is, terwyl leerders met lae musikale vermoëns gefrustreerd sal raak as die tempo te vinnig is. 'n Musikale begaafdheidstoets word voorgestel om leerders te toets sodat onderrig na gelang van die resultate aangepas kan word. Lesmateriaal kan gekies word na aanleiding van die globale tonale, ritmiese en belewingsvlakke van die klas se gemiddelde toetsing. Elke kind kan baat vind by gestruktureerde en ongestruktureerde informele leiding in klasverband as die opvoeder kennis dra van die groep se musikale vermoëns (Gordon, 1997: 89-101).

Volgens Gordon (1997: 14) is daar twee tipes musikale begaafdheidstoetse: ontwikkelende en gestabiliseerde toetse. Die gestabiliseerde toetse, *The Musical Aptitude Profile* (Gordon, 1995) is vir gevorderde leerders, dus kinders ouer as nege jaar, graad 4 tot 12. *The Advanced Measures of Music Audiation* (Gordon, 1989) is geskik vir kinders in graad 7 tot 12.

Die ontwikkelende musiekbegaafdheidstoetse is vir graad 1 tot 4 en heet *The Intermediate Measures of Music Audiation* (Gordon, 1982). Die ontwikkelende

musiekbegaafdheidstoetse vir kinders van preprimêr tot graad 3 heet *The Primary Measures of Music Audiation* (Gordon, 1979). Sy ander toets vir ontwikkelende musiekbegaafdheid, *Audie* (Gordon, 1989), is vir die voorskoolse kleuter van drie tot vier jaar. By al die toetse word die groepe getoets deur aan almal dieselfde toets te laat doen, en dan die gemiddelde begaafdheid uit te werk vir elkeen van die komponente van musiekbegaafdheid, naamlik die tonale, die ritmiese en die estetiese belewingsdimensies. Die *Audie*-toets word aan individuele kleuters gegee. Die klasgemiddeld word nie bepaal nie, as gevolg van die verskille in musikale begaafdheid (Gordon, 1997: 14).

2.5.3 Oudiasie

Daar is verskeie definisies van oudiasie. Volgens Gordon (1989: 3) is oudiasie “the mental ability to hear music which is not physically present”. Hy brei daarop uit:

Audiation takes place when one hears and comprehends music silently when the sound of the music is no longer or never has been physically present. In contrast, aural perception takes place when one hears music when the sound is physically present. Unfortunately, most persons hear, recognize, and perform music through imitation or memorization without audiating that music (Gordon, 1997: 19).

Armstrong (1993: 67) praat van oudiasie as die vaardigheid om musikale tone in jou kop te hoor. Hy praat ook van daarvan om 'n eie “inner walkman” te besit.

Oudiasie vorm die basis van musikale begaafdheid (Gordon, 1997: 19). Die mate waarmee iemand intuïtief tonaal en ritmies oudieer, sê dus vir opvoeders watter musikale begaafdheid die leerder het. Die potensiaal om te leer oudieer, verskil van leerder tot leerder as gevolg van die verskille in die leerders se vlakke van musikale begaafdheid. Konteks en kultuuragtergrond speel hier ook 'n belangrike rol. Kinders sal in 'n veilige, ontspanne en informele atmosfeer beter funksioneer as in 'n formele, onvriendelike omgewing (Gordon, 1997: 20-24). Oudiasie is dus deel van musikale begaafdheid, en musikale begaafdheid moet van jongs af ontwikkel word. Daarom is musiekopvoeding in die preprimêre jaar vir die leerder van vyf tot ses jaar so belangrik.

Oudiasie kan sonder enige kennis van notasie of musiekteorie plaasvind. Daarom het Gordon oudiasie in verskillende vlakke ingedeel waarvolgens leer volgens 'n bepaalde volgorde plaasvind vandat die musiek gehoor word, totdat dit uiteindelik intern sonder klank gehoor word, en later selfs geskryf kan word (Gordon, 1997: 28). Die volgordes word later breedvoerig bespreek.

Vorbereidende oudiasie is meestal nodig voordat leerders kan oudieer. Daar is drie tipes voorbereidende oudiasie, naamlik akkulturasie, nabootsing en assimilasië. "Children must engage in acculturation before they can engage successfully in imitation, and they must engage in imitation before they can engage successfully in assimilation" (Gordon, 1997: 39). Hierdie studie begin met voorbereidende oudiasie, daarom is nabootsing aanvanklik nodig vir die kleuters om die tegnieke van die staafklokkespel baas te raak. Opvoeders moet leerstof uit die repertorium van die kulture van ons land en van ons kerkkultuur aan die leerders bied om na te boots voordat assimilasië kan plaasvind. Daarna kan oudiasie plaasvind.

Oudiasie moet onderskei word van die nabootsing van musiekaktiwiteite. Kinders is goeie nabootsers: Hulle leer dikwels deur nabootsing, soos met die aanleer van 'n taal. So kan musiek ook nageboots word. Kinders kan dalk in groepsverband musikale aktiwiteite goed uitvoer, mits hulle goeie nabootsers is, maar die vertolking daarvan, en die korrigerings van foute, kan gewoonlik net deur die leerders gedoen word wat kan oudieer. Goeie nabootsers hoef nie noodwendig goed te oudieer nie, maar goeie oudiasie vereis goeie nabootsers. Goeie nabootsing is 'n noodsaaklike voorbereiding voor oudiasie kan plaasvind. Nabootsing is meer 'n fisiese of meganiese handeling, terwyl oudiasie meer abstrakte denke insluit (Gordon, 1997: 22, 23).

Die gevolg van oudiasie is musikale begrip. Musieknabootsing sluit nie musikale begrip in nie, maar kyk na musiek as 'n deel van die geheel, terwyl oudiasie die musiek in geheel benader. 'n Goeie beeld wat Gordon gebruik vir die verskil tussen nabootsing en oudiasie: Dit is die verskil tussen 'n prentjie van 'n voorbeeld afteken en iets uit jou kop te teken. Nabootsing is om 'n prentjie met behulp van deursigtige papier af te teken. Wanneer jy egter iets uit jou kop teken, kom oudiasie ter sprake (Gordon, 1997: 22). Wat jy verstaan, vergeet jy nie so vinnig soos wanneer jy net naboots nie. Om te

oudieer, bring begrip van die musiek wat gespeel word, terwyl nabootsing net 'n fisiese handeling is. Nabootsing is egter die voorloper van oudiasie.

Daar is ook 'n verskil tussen musiekherkenning en oudiasie. Iemand kan 'n stuk musiek herken, maar dit dalk nie met sang of instrumente uitvoer nie. Ook kan meer mense hoor as die intonasie van 'n stuk nie goed is nie, maar nie almal is in staat om dit reg te sing of te speel nie, as gevolg van 'n probleem met oudiasie (Gordon, 1997: 23).

Ouer kinders kan musiek beter verstaan deur die musiek sintakties te ontleed. Om dit te doen, moet die leerders die organisasie en struktuur van die musiek kan oudieer sodat wanneer daarna geluister word, die leerders sal weet wat die tonaliteit en metrum is, watter toonhoogtes dit is, asook die verskillende nootwaardes herken, weet waar die aksente, en wat die tempo is (Gordon, 1984: 46-49). Dit is baie waardevol in ensemblespel as kinders bogenoemde kan hoor.

Dieselfde gebeur met die staafklok-aanbieding. Kinders wat die betrokke harmonieë kan oudieer, maak ensemblespel moontlik en deelname word aangemoedig.

Memoriserings van musiek en oudiasie komplementeer mekaar. Dit is makliker om te memoriseer as jy kan oudieer, en om te oudieer stimuleer weer die geheue. Sonder oudiasie kan leerders 'n stuk musiek memoriseer sonder om dit te verstaan of aan te voel hoe om dit te vertolk. Leerders sal waarskynlik die musiek bloot meganies en onmusikaal speel (Gordon, 1997: 22-23).

Met staafklokkespel is oudiasie noodsaaklik omdat die staafklokke sekere note moet demp wat nie oormekaar moet speel nie, terwyl ander kan "aansing", en nie gedemp hoef te word wanneer akkoorde verander nie. Leerders doen aanvanklik staafklokkespel met 'n eenvoudige notasievorm, wat in hierdie studie voorgestel word, waarna die musiek geoudieer word wanneer die leerders gemakliker is met die klokkespel. Byvoorbeeld die C in die eerste akkoord (F A C) kan bly aansing wanneer die vyfde akkoord (C E G) na die eerste akkoord gespeel moet word. Ook wanneer leerders saam speel, en foute maak, help dit as hulle kan oudieer, sodat hulle weet wanneer en waar om weer in te val. Daarsonder sal ensemblespel baie moeilik

baasgeraak kan word as die hele ensemble groep elke keer moet stop as iemand 'n fout gemaak het.

Dit sou sin maak dat opvoeders self ook moet kan oudieer sodat hulle vir leerders kan demonstreer om met sensitiwiteit en musikale uitdrukking musiek te maak. Dikwels is opvoeders ook mense wat memoriseer, en hulle voorbeeld maak dat leerders hulle wil navolg.

Net so wil die navorser hê dat die leerders nie notasie net moet memoriseer sonder om te oudieer nie – hulle moet dit ook verstaan. Leerders leer dan nie die musiek self ken nie, maar leer net oor die musiek. Dit het dus net ekstrinsieke betekenis vir hulle. As hulle egter oudieer, leer hulle die vaardigheid om te oudieer, en ontwikkel die nodige selfvertroue in die hantering van die musieksintaksis self. Die musiek kry dan op dié manier intrinsieke betekenis vir hulle (Gordon, 1997: 24-25).

Dit is belangrik dat leerders nie net die harmonieë van begeleidings van eenvoudige liedere wat in hierdie studie gebruik word, memoriseer nie, maar ook deur middel van oudiasie verstaan hoekom sekere harmonieë gebruik word. Deur baie voorbereidende oefening moet hulle gereed gemaak word vir die uitken van spesifieke harmonieë vir sekere melodieë. Met die staafklokkespel saam met die liedere moet leerders die harmonieë intuïtief aanvoel, sodat die regte note, die regte tempo, met die regte rusposes, en die demping wat die moeilikste aksie is om reg te doen, op die gepaste tye gespeel sal word. Musiekopvoeders moet sensitief wees vir die leerders se vordering in die verskillende stadia van voorbereidende oudiasie sodat leerders gehelp kan word om hulle ontwikkelende musikale begaafdheid maksimaal te ontwikkel (Gordon, 1997: 32).

2.5.3.1 Voorbeelde van oudiasie

Die volgende is voorbeelde van oudiasie wat leerders van jongs af kan aanleer deur eenvoudige, dog bevredigende musiekervarings in groepsverband.

Daar is verskillende vorms van oudiasie wat leerders kan ervaar (Dalby, s.j.):

- Luister na bekende musiek en voeg gepaste instrumentasie by, byvoorbeeld nie-melodiese ritme-instrumente of melodiese slaginstrumente.
- Dink aan musiek wat hulle al gehoor het.

- Musiek uitvoer; hetsy deur sang, dans of 'n instrument te speel.
- Komponeer of improviseer nuwe musiek.
- Lees of skryf musieknotasie (ouer leerders).

Daar is agt tipes oudiasie wat nie in 'n volgorde plaasvind nie en ses tipes oudiasie wat wel in volgorde plaasvind (Dalby, s.j: 28).

2.5.3.2 Die agt tipes *nie-hiërargiese* oudiasie

Die agt tipes oudiasie vind nie noodwendig plaas in die spesifieke volgorde hieronder genoem nie:

1. Die luister na bekende of onbekende musiek.
2. Die lees of uitvoering van notasie van bekende of onbekende musiek deur sang of instrumentale spel.
3. Die notering van bekende of onbekende musiek van diktasie.
4. Die herroeping van bekende musiek in die geheue of die uitvoering daarvan deur sang of instrumentale spel.
5. Die notering van bekende musiek uit die kop.
6. Die komponering of improvisasie van musiek met sang of instrumentale spel.
7. Om te bladlees terwyl musiek gekomponeer word.
8. Die notering van gekomponeerde of geïmproviseerde musiek.

2.5.3.3 Die ses fases van *hiërargiese* oudiasie

Die ses fases van musiekleer wat op mekaar volg wanneer na musiek geluister word (Dalby, s.j.: 29):

Die volgende gebeur wanneer daar na musiek geluister word:

1. Klank word gehoor en gestoor.
2. Klank word deur oudiasie georganiseer in 'n reeks tonale en ritmiese patrone as 'n tonale vertrekpunt en makrometrums word gevestig.
3. Musieksintaksis word geoudieer, naamlik die tonaliteit en metrum, wat die basis is van tonale en ritmiese patrone.
4. Die tonale en ritmiese patrone wat alreeds georganiseer is in die musiek wat vantevore gehoor is, word deur middel van oudiasie in die geheue opgeroep.
5. Die tonale en ritmiese patrone wat in ander stukke musiek voorkom en reeds

geoudieer is, word herroep en deur oudiasie met nuwe musiek vergelyk.

6. Antisiperings vir bekende musiek en aanvoeling (of voorspellings) omtrent onbekende musiek word gemaak ten opsigte van tonale en ritmiese patrone wat volgende in die musiek gehoor word.

2.5.4 Harmoniese patrone en akkoordprogressie en oudiasie

Gordon maak gebruik van die Pestalozziese hiërargie (klank-voor-notasie-voor-teorie) (Bluestine, 2000: 62) vir sy oudiasietegnieke. Die vyf stappe van die Pestalozziese hiërargie wat gebruik word vir die studie is soos volg:

- Eerstens word harmoniese patrone gedemonstreer, dus gehoor.
- Tweedens word van leerders verwag om dit na te boots.
- Derdens word verwag dat hulle die patrone moet memoriseer, sodat hulle kan hoor wanneer akkoorde moet verander. Begin eers by twee akkoorde, die tonika en dominante akkoorde. Sien eenvoudige notasievoorstelling van die akkoorde van "Loof, loof die Here, kindertjies" se twee reëls. Vir volledige besonderhede oor die gebruik en toepassing hiervan, sien Les 4 in hoofstuk 6 (sien figuur 2.4).

1	1	1	5
5	5	5	1

Figuur 2.4. Eenvoudige notasiepatroon vir akkoordspel

- Vierdens word verwag dat leerders nou vertrou is met die akkoorde, dit kan oudieer, kennis het van die teorie van die eerste, vierde en vyfde akkoorde.
- Vyfdens word van leerders verwag dat hulle nou kan oudieer sodat daar opgetree kan word sonder notasie.

Hierdie studie wil met hierdie eenvoudige voorbereidende notasie leerders help om harmonie te begryp, dit te memoriseer, dan te oudieer, sodat hulle begrip van harmonie tydens improvisasie met die staafklokke asook met ander slaginstrumente kan toepas.

Gordon se leer van tonale patrone lê die basis vir die begrip vir tonale strukture van enige musiek, byvoorbeeld gesange, populêre musiek of simfoniese musiek. Kinders leer eers die basiese patrone oudieer: tonika, subdominant, dominantakkoorde. Ander akkoorde kan ook aangeleer word, byvoorbeeld mineurakkoorde, die supertonika en mediantakkoorde.

Kinders kan vanaf ongeveer vier tot vyf jaar al 'n belangstelling in harmonie toon. Wanneer hulle begin klavier speel, kan hulle eksperimenteer met die tipiese drieklanke in die C majeur-toonaard, naamlik die tonika C E G, die subdominant F A C, asook die dominant G B D. Veral die kinders met 'n sterk gehooraanvoeling wat kan oudieer, kan met bekende wysies eksperimenteer en sou dan van nature die akkoorde in die linkerhand kon speel. Ander kinders, wat maklik van die blad speel, sukkel soms om die gepaste akkoorde te vind. Hulle speel dikwels 'n onvanpaste akkoord, want hulle sukkel om die regte akkoord te vind omdat hulle nie oudieer nie. Musiekopvoeders het dikwels leerders wat goed bladlees, en ander wat weer goeie gehoor het.

2.5.5 Improvisasie

Dit is moeilik om in groepsverband te improviseer, veral met leerders van hierdie ouderdom wat nog besig is om die basiese musikale vaardighede baas te raak, soos: in tyd speel met die ander maats, die staafklokke fisies leer hanteer, en opdragte uitoefen soos wanneer om te speel. Die algemeenste gebruik van die staafklokke in die VSA en Engeland, wat die toonaangewende lande is vir hierdie instrumente se gebruik, is die ensemblespel vanaf notasie vir gevorderde leerders, of enkelmelodieë vir beginners (Van Valey & Berry, 1990e: 5).

Dit is wel moontlik om met die staafklokke te improviseer, indien die musiekopvoeder dit reg aanpak. 'n Bordun of 'n ostinato-akkordale-patroon kan die basiese begeleiding wees, en dan kan die kinders wat potensiaal toon, gevra word om te improviseer deur saam te sing of 'n instrument te speel rondom die pentatoniese toonleer. Hulle kan self 'n ritmiese patroon uitwerk, of op 'n gegewe patroon improviseer. Improvisasie met akkoorde is nie maklik in groepsverband waar leerders verskeie note van die akkoorde speel nie, en sal dus nie in hierdie studie met die kleuters aangepak word nie.

2.5.5.1 Sleutelkomponente vir improvisasie

Om te improviseer moet leerders die volgende kan doen:

- Speel oorspronklike ritmepatroonbegeleidings, bordun- of ostinatopatrone op die staafklokke.
- Skep 'n enkele melodiese lyn of frases en liederere vir die staafklokke.
- Eksperimenteer met verskillende klanke wat gemaak kan word deur verskillende tegnieke op die staafklokke te gebruik (sien bespreking in hoofstuk 5).
- Eksperimenteer met veranderinge in dinamiek, vorm en metrum met die staafklokke.

Kennis is nodig van staafklokkespel en klankproduksie om in staat te wees om te improviseer. Die speel en demp, skud en speel met 'n los slaanstok (*mallet*) is die bekendste tegnieke van speel. Dit neem ongeveer 'n jaar voordat die kleiner leerders regtig vertrou is met staafklokkespel, en dan moet hulle nog steeds geëvalueer word om te sien of hulle gereed is om te improviseer.

Leerders leer die speeltegnieke deurdat musiekopvoeders hulle daarvan bewus maak in lesverband. Genoeg tyd moet spandeer word deur hulle te laat luister na die demonstrasie van tegnieke. Sinne soos “Luister wat gebeur as ons die staafklok saggies speel” en “Hoor hoe klink dit as ons die staafklok met 'n slaanstok speel” kan gebruik word. Soos hulle luister, begin hulle om meer staafklokke harmonies of ritmies te kombineer. Eksperimente kan nou gedoen word en daar kan begin word om die een staafklok met 'n ander te vervang, terwyl die ritmiese patroon voortgaan, vinniger en stadiger, met hoër of laer note.

Alhoewel kleuters dit nie maklik vind om te improviseer nie, kan eenvoudige voorbereidende oefeninge met hulle gedoen kan word. Eenvoudige opdragte wat aanvullende slaginstrumente insluit, kan bydra tot die leerder se suksesbelevens wat improvisasie aanbetref.

2.5.5.2 Voorbeelde van improvisasietegnieke

In *Meeting the National Standards with Handbells and Handchimes* (McBride & Baldwin, 2000:41) word voorbeelde van improvisasietegnieke beskryf. *Melodiese*

improvisasie word die beste geleer deur nabootsing. Die dialoogbenadering het drie dele:

- Herhaal die patroon soos dit aangebied is (dit is ook 'n voorbereiding vir die oudiasieproses);
- Herhaal die patroon in 'n ander styl: Die musiekopvoeder speel die patroon op die metallofoon, die leerder antwoord op 'n staafklok in kort gebroke note, of speel die staafklok met 'n slaanstk. Gesels daarvoor, en laat hulle self besluit hoe hulle dit wil aanpas. Genoeg demonstrasies van moontlike veranderings sal aan leerders idees gee wat gedoen kan word.
- Reageer met 'n geïmproviseerde teenpatroon as antwoord op 'n musikale frase. Maak dit maklike, voor-die-hand-liggende musikale vrae, wat baie duidelike antwoorde het, byvoorbeeld as die vraag: I I V is, sal die antwoord waarskynlik wees: V V I. Die musiekopvoeder kan dit sing, of op 'n klawerbordinstrument speel. 'n Trekklavier bied 'n baie visuele uitbeelding van die logika van die akkoorde, soos dit op mekaar volg, en dit is 'n uitstekende instrument om die begrip van akkoorde aan leerders op 'n verstaanbare manier te demonstreer. Die melodiese Orff-instrumente is ook goeie voorbeelde van die uitbeelding van akkoorde. Metallofone het dieselfde klankkleur as die staafklokke en albei instrumente se klank hou lank aan. Dit word die "standvastige toestand" van die klank genoem (McBride & Baldwin, 2000: 41).

Vir improvisasie is dit belangrik dat leerders al so vertrou moet wees met die hantering van die staafklokke asook die aanleer en memoriseer van patrone, veral akkoordpatrone, dat hulle al begin oudieer voordat improvisasie gedoen word.

Ritmiese improvisasie word ook deur nabootsing geleer. Leerders kan dit ook in verskillende akkoorde beantwoord, en hulle kan die musiekopvoeder dophou vir aanwysings, wat dan wys wie moet speel. Hulle moet die ritme memoriseer soos dit gespeel is om met 'n respons daarop te kan antwoord.

Indien hulle hierdie ritme kan naboots, kan hulle daarop uitbrei. Riglyne vir so 'n improvisasie-oefening kan so lyk:

A – 'n Tema

- B – Tussenspel (byvoorbeeld die speel van 'n ritmepatroon met ritmestokkies)
- C – Eerste improvisasie
- B – Tussenspel
- C – Tweede improvisasie
- D – Einde, byvoorbeeld indien die tema in D majeur is, speel A en hoë D as 'n uitgewerkte einde waarop die hoë D laaste eindig. (Leerders kan gewoonlik hoor dat dit die einde van die melodie is.)


Die aanleer van akkoordpatrone bied moontlikhede vir improvisasie in 'n groep, asook vir die individuele leerder. Leerders moet hier dus ook al kan oudieer. Hier volg drie stappe wat gevolg kan word in *akkoordimprovisasie*:

- Bou basiese akkoorde en akkoordprogressies.
- Kies die geskikte staafklokke vir elke akkoord.
- Sit 'n geskikte melodie by vir die sangstem, of 'n teen-instrument.

Die hele konsep van die studie draai om hierdie drie punte. Dit is wat aanvanklik hierdie studie laat ontstaan het.

Dit is interessant om te sien wat tydens Jazz-improvisasies met die basiese akkoorde gedoen word. Die navorser sal graag wil hê dat na jare van oefening met die basiese akkoorde in 'n algemene musiekprogram, asook in 'n kerkmusiekprogram, daar ook geëksperimenteer moet word in ander style van musiek soos Jazz.

Wat gebeur in Jazz? Die hoeksteen van Jazz-improvisasies is die Blues-progressie. Dit is gebruik in alle periodes en style van Jazz en is die basis van Jazz-begeleidingspatrone. Dit is 'n twaalfmaat-akkoordopeenvolging wat die volgende akkoorde gebruik (sien figuur 2.5).



Figuur 2.5 Die Blues-progessie wat in Jazz-musiek gebruik word

- Wat kan gedoen word? McBride en Baldwin (2000: 43) noem verskeie moontlikhede. Speel die patroon met 'n verskeidenheid van ritmes en tegnieke (sien figuur 2.6 vir een voorbeeld). Die patroon kan ook in *drieslagmaat* eerder as in *tweeslagmaat* gespeel word. *Stoot* akkoorde vooruit vir 'n ritmiese aksent, versnel dus die tempo van die eerste pols. Dit veroorsaak doelbewuste onegalige spel. *Vertraag* die spel, 'n soort sleepgevoel, byna 'n kougom-rek-effek, net die teenoorgestelde van die *stoot*, 'n vertraging van die akkoord, dus 'n terughoudende akkoord. *Onreëlmatige aksente* kan op die tweede en vierde pols van die maat geplaas word. Speel gebroke akkoord deur die hele maat, van onder na bo, en van bo na onder. Note wat nie in die akkoord is nie kan bygevoeg word, byvoorbeeld E-mol voor E in die C majeure akkoord. Improviseer in *ander sleutels* (speel 'n akkoord op elke noot van die toonleer, soos die toonleer opgaan). Improviseer saam met 'n bordun-baslyn wat of staties is, of 'n ritmiese patroon het. Vervang een akkoord met 'n ander, byvoorbeeld vervang V met V7.



Figuur 2.6 Een van die metodes om die Blues-progessie te speel

Soos wat die musiekopvoeder en leerders leer improviseer, sal meer moontlikhede en nuwe idees na vore kom (McBride & Baldwin, 2000: 44). Hier word 'n paar genoem, hoewel al die moontlikhede nie in hierdie studie ondersoek kan word nie.

Vir die kleiner kinders (tot graad 1) kan die pentatoniese swart staafklokke, dus die #-note gebruik word. Die opvoeder kan dit aan vyf leerders uitdeel, en hulle deur middel van eenvoudige opdragte begelei om te improviseer. Die vyf leerders sal in 'n ry staan, en die staafklokke sal van laag na hoog aan hulle uitgedeel word. Opdragte soos "Speel een na die ander, sag en stadig", "Speel almal wanneer julle wil", "Speel soos 'n mars op elke pols" en "Slaan elke keer 'n maat oor" is net 'n paar voorbeelde van effektiewe improvisasie met kleuters en graad 1-leerders.

Gordon het in 'n internetonderhoud gesê sy raad aan opvoeders vir die toekoms is:

Improvise, improvise, improvise! Get rid of notation. Learn from music learning theory to teach children to make music without the aid of notation of music theory. Follow religiously the process of the way we learn language. That would be the most important thing they could do for themselves and for their children (Pinzino, 1998: 2).

Dit is belangrik om die fondament van musiek op bogenoemde informele manier te lê, met baie herhaling en nabootsing, voordat leerders later in meer formele musiekonderrig notasie aanleer in die onderrig van individuele instrumente. Die navorser stel voor dat kleuters en graad 1-leerders die staafklokke en Orff-instrumente as deel van hulle musiekopvoedingsprogram gebruik.

2.5.6 Kreatiwiteit

Die unieke kwaliteite van musiek stimuleer kreatiwiteit. Musiek sluit die verbeelding oop sodat nuwe gedagtes en insigte gevorm kan word. Musiek kan dien as 'n stimulasie vir kreatiwiteit. Daarom is dit 'n natuurlike proses vir kleuters wat van nature verbeeldingryk is (Armstrong, 1993: 70,71).

Vervolgens word definisies van kreatiwiteit bespreek asook hoe om kreatiwiteit in die voorskoolse musiekopvoedingsituasies te stimuleer.

2.5.6.1 Definisies van kreatiwiteit

Gordon omskryf kreatiwiteit as musikale bekwaamhede om nuwe musiek te skep. Alta Coertzen (2000) sê die volgende:

[Gordon] omskryf musikale bekwaamhede as vaardighede van tonale en ritmiese verbeelding (soos gemeet deur Gordon), musikale sintaks (sensitiwiteit vir die musikale geheel), musikale omvangrykheid, plooibaarheid en oorspronklikheid. Hierdie bekwaamhede, in kombinasie met konseptuele begrip(pe), vakmanskap en estetiese sensitiwiteit, is volgens hom die vaardighede wat nodig is in die kreatiewe proses.

Die wese van musikale kreatiwiteit is om waardige gestalte te gee aan nuwe idees. Musikale kreatiwiteit en nuwe idees vind albei deur die verbeelding plaas (Johansson, 1984: 15). Die verbeelding moet deur die intellek gedissiplineer en gekultiveer word, anders bly 'n idee net 'n fantasie. Volgens Johansson (1984: 16) het kreatiwiteit twee fases:

The subjective (that which is intuitive) and the objective (that which is crafted). Both phases of creativity need nurture. Creativity responds to – yes, is even determined by – the environment. As part of culture, the church should provide that nurture for its musicians. For the Christian artists, the church, as the community of the body of Christ, is (or should be) their base of operations because it is here that they ultimately belong. . . . As a community of believers the church must actively contribute to making the environment conducive to fostering the full use of the creative gift.

Soos vroeër bespreek by Gordon se teorieë, besit alle kinders 'n mate van latente musikale begaafdheid wat deur interaktiewe musiekervarings ontwikkel moet word. Die ongeveer 16% bogemiddelde begaafde leerders behoort met die nodige stimulering vele komponiste op te lewer. Kreatiewe stimulasie in die voorskoolse musiekopvoeding is die vertrekpunt om potensiële komponiste sowel as leerders met minder musikale begaafdheid te motiveer om hulle kreatiwiteit maksimaal te ontwikkel (Gordon, 1997: 2-4).

2.5.6.2 Hoekom kreatiwiteit gestimuleer moet word

Johansson (1984: 15) skryf oor hoekom ons kreatief behoort te wees:

[M]an creates as a result of the responsibility cast upon him in the creation mandate. Formed by God, every man is given the task of responding to His call to be a co-creator. We are to be creative as God is creative. . . . [A]s an artist and as a man he must design his music program to encourage the full development and use of the best creative gifts . . . that which breaks new ground imaginatively and with integrity.

Dus is dit 'n opdrag van ons Skepper om kreatief te wees, om nuwe dinge en idees te skep, om nuwe musiek te maak. Die stimulering van kreatiwiteit behoort die grootste impak te hê wanneer dit in die kind se voorskoolse en mees vormende jare geskied.

2.5.6.3 Hoe kreatiwiteit in die voorskoolse musiekopvoedingsituasies gestimuleer word

Eerstens sou die logiese oplossing wees deur te begin met die ongestruktureerde informele begeleidingsituasies waarvan Gordon praat (1997: 13). Tweedens behoort die opvoeder genoeg erkenning vir die leerder se kreatiewe pogings te gee. Kinders word geskape na die beeld van God, *Imago Deo*, God die Skepper, en daarom kan ons sê dat kinders kreatief gebore word. Moedig kinders aan om hierdie Godgegewe kreatiwiteit wat elkeen ontvang, te ontdek. Opvoeders word dikwels verras deur die kreatiwiteit wat leerders in 'n veilige en aanmoedigende opvoedingsituasie openbaar (Johansson, 1984: 21).

Kreatiewe werk met kinders kan vele vorme aanneem. Dit kan aangebied word vir leerders in byvoorbeeld musiek, met die ontdekking van verskeie klanke, ritmiek of danse, tekeninge en ander kunsvorme.

Klassifikasie van klanke vir kreatiewe werk sluit in:

- Vokale klanke, die insluit van geluide, woorde en sinne op alle toonhoogtes wat menslik gemaak kan word.
- Tradisionele instrumente. Dit kan slaginstrumente insluit, melodies en niemelodies, en snaarinstrumente. Staafklokke word hierby ingesluit.

- Onkonvensionele instrumente. Enige voorwerp van verskeie teksture kan hier ingesluit word soos hout, glas, papier, klip en metaal. Verskeie ander voorwerpe kan ook gebruik word, byvoorbeeld huisimplimente.
- Liggaamsklanke wat meestal insluit: die klap van die hande, vingers, knieë en tong, die stamp van die voete en enige klank wat met die liggaam gemaak kan word.
- Elektroniese klanke. Elektroniese klanke kan op verskeie elektroniese aparate gemaak word en moet met groot versigtigheid en styl hanteer word sonder om leerders te ontmoedig om te eksperimenteer. Die moontlikhede van elektronika is legio.

Kinders kan gewoonlik heelwat kreatiwiteit met musiek openbaar (sien afdeling 2.6.6.3) en kan met die spontane leiding en voldoende voorbeelde deur 'n opvoeder gedemonstreer, gewoonlik meer idees voortbring. Soos hulle prosedurale kennis aangaande musiekinstrumente ontwikkel, tesame met die verbetering van hulle oog-hand-koördinasie, kan groter kreatiwiteit met die speel van instrumente verwag word.

Kreatiewe werk met staafklokke word eers gedoen na 'n paar lesse sodat die kleuters al die staafklokkespel gewoond geraak het. Kreatiewe staafklokkespel word net aangeraak in hierdie studie deur die speel van "Dankie Jesus" (sien Les 5).

2.6 Inkorporasie van teorieë

Die werk van musiekopvoedkundiges soos Kodály, Suzuki, Orff, Montessori en Gordon het vandag nog 'n invloed op musiekopvoeding. Elkeen het op 'n spesifieke terrein 'n bydrae gemaak wat ons vandag in ons musiek vir kinders kan inkorporeer. Daarom is dit die moeite werd om stil te staan by van die belangrikste aspekte van elkeen van die musiekopvoedkundiges se bydraes:

Kodály se bydrae tot musiekopvoeding lê veral in die inklusiwiteit van musiek. Hy het daarin geslaag om vir musiek 'n regmatige plek in die alledaagse Hongaarse skoolkurrikulum te verkry. Volgens Kodály is die sangstem die belangrikste instrument, en kan alle mense geleer word om te sing. Volkswysies en volkseie musiek is 'n belangrike aspek van elke kultuur in die opvoeding van kinders (Choksy, 2003: 1-7).

Suzuki se bydrae tot die musiekopvoeding van kinders lê daarin dat kinders vanaf 'n vroeë ouderdom, ongeveer vier jaar oud, aan 'n musiekinstrument bekendgestel word. Daar word veral van strykinstrumente gebruik gemaak. Leerders met bogemiddelde musikale vermoëns word geleer deur middel van die speel vanaf gehoor. 'n Ouer is ook normaalweg betrokke in die les, en leer die instrument saam met die kind aan. Daar word veral in hierdie metode van musiekopvoeding op ensemblespel gefokus.

Orff se bydrae tot die musiekopvoeding van kinders lê in sy gebruik van ritmiese en tonale elemente van musiek, ook genoem die twee oerelemente van musiek. Orff het liggaamsbeweging en spraakpatrone met die gebruik van musiek aangemoedig. Hy was 'n voorstander van kreatiewe musiek, en sy musiek bied vele moontlikhede vir improvisasie. Hy het gebruik gemaak van eenvoudige slaginstrumente, nie-melodies en melodies, ook vandag bekend as Orff-instrumente. Die pentatoniese toonleer word heelwat gebruik. Vir begeleidings word ostinato- en bordun-patrone gebruik (McLachlan, s.j: 180-186). Die gebruik van patroonbegeleidings lewer 'n groot bydrae tot hierdie studie, aangesien daar baie van begeleidings met die staafklokke gebruik gemaak word.

Montessori se bydrae tot die musiekopvoeding van kinders lê daarin dat sy kinders se universele en unieke karakters erken het, en geglo het dat hulle verantwoordelik is vir hulle eie leer deur interaktiewe praktiese take. Opvoeders is deur haar gesien as fasiliteerders wat die kind in die leerproses slegs bystaan. Kinders ervaar baie vryheid om te eksperimenteer in Montessoriskole. Sy hanteer 'n kind as 'n mens in totaliteit wat nie net kognitief nie, maar ook fisies, emosioneel en geestelik ontwikkel. Sy maak godsdiensontwikkeling deel van die kind se skolastiese opvoeding deur haar konkrete hantering van die simbole en gebruike van die Katolieke Kerk (Montessori, 1930). Die gebruike is in skole soos by Pella se kloosterskool naby Aggenys beoefen. Die navorser het in 1994 'n onderhoud gevoer met Margaret Jaar wat by die Katolieke skool 'n leerder was. In die VSA word godsdiensbeoefening nie meer in die skole toegelaat nie.

Gordon se bydrae tot die musiekopvoeding van kinders lê in sy musiekleerteorie wat kinders leer oudieer. Dit beteken om musiek te kan hoor wanneer dit fisies nie

teenwoordig is nie. Die proses is nodig vir kinders om te leer om musiek holisties te verstaan en te verwerk: kognitief, fisies en emosioneel. Gordon het die leer van musiekprosesse in 'n bepaalde volgorde uiteengesit sodat musiekleer stap vir stap geleer kan word. Musikale begaafdheidstoetse kan 'n aanduiding gee van die vlak van leerders se musikale begaafdheid, terwyl alle leerders die geleentheid kry om hulle musikale begaafdheid optimaal te ontwikkel.

Al hierdie opvoedkundiges is dit eens dat alle leerders musiekopvoeding as deel van die gewone opvoedingsproses moet ontvang. Musiekopvoeders speel 'n sleutelrol in die musikale groei van leerders, want dit is deur hulle voorbeeld, ondersteuning en entoesiasme dat die leerders hulle eie liefde vir musiek kan uitleef.

Ons kan iets by elkeen van die pioniers van die musiekopvoeding leer. Bogenoemde aspekte moet geïnkorporeer word vanuit ander instansies as skole, waar sekere gesaghebbendes nie die belangrikheid van musiekopvoeding op die hart dra nie (Choksy, 2003: 7). Sulke ander instansies sal die kleuterkerk en samekomste van die breë gemeenskap kan insluit, soos die Tygerbergse Kinderkoor waarvan daar in afdeling 5.5.2.1 melding gemaak word.

HOOFSTUK 3


SELKUNDIGE ASPEKTE VAN MUSIEKOPVOEDING

Daar is meer aspekte in die opvoeding van kinders as net die intellektuele. Volgens Curtis (1986: 18-19) moet die fisiese, emosionele, sosiale, estetiese, morele en kreatiewe ontwikkeling van kinders ook aandag kry: “[V]iew the young child as first and foremost a whole person, with thoughts, feelings and imagination that need to be cared for and cherished” (1986: 5). Dit word holistiese opvoeding genoem. Deur musiekopvoeding kan ons al hierdie aspekte van opvoeding dek.

3.1 Holistiese musiekopvoeding

Deur musiek te maak met staafklokke en ander slaginstrumente, help opvoeders kinders om kognitief, fisies, emosioneel en kreatief te ontwikkel. Sosiaal ontwikkel leerders deur interaksie met die ander leerders in die klas. Alle kinders het unieke gawes en deur opvoeding moet dit ontdek en ontwikkel word (Armstrong, 1987: 13).

Barbara Clark beeld holistiese opvoeding uit soos in die model soos in figuur 3.1 weergegee. Dit word “Die geïntegreerde opvoedingsmodel” genoem wat die totale brein in die leerproses gebruik (Clark, 1986: 27).



Figuur 3.1 Clark se geïntegreerde opvoedingsmodel

'n Musiekprogram moet dus die kind in totaliteit stimuleer, wat beteken dat die program moet fokus op die “interactive system that involves the learner’s thoughts, feelings, senses, and intuitions” (Clark, 1986: 26).

Nie alle kinders leer op dieselfde manier nie. Dikwels is onderprestasie by leerders die gevolg van die onderrigstelsel wat rigiede en eensydige onderrigstyle toepas. Dit maak nie voorsiening vir unieke leerstyle nie, met die gevolg dat leer nie by alle kinders plaasvind nie (Gardner, 1983: 10). Baie leerders leer sensories, daarom is die lesingmetode van lesaanbiedings minder effektief as byvoorbeeld die interaktiewe of die konkrete hantering van leerstof. Die hantering van musiekinstrumente is 'n voorbeeld van sulke eerstehandse leerervarings (Montessori, 1930: 110-128).

3.1.1 Howard Gardner se veelvuldige intelligensies

Wat veroorsaak dat kinders verskillend leer? Daar is waarskynlik vele redes hiervoor. Die teorie van Howard Gardner se veelvuldige intelligensies maak ons bewus van al die verskillende soorte intelligensies waarvoor 'n leerder kan beskik. Leerders se intelligensies verskil van mekaar. Kennis van hierdie verskeie intelligensies help


opvoeders om anders te kyk na elke leerder se potensiaal om te leer, aangesien elke leerder 'n unieke kombinasie van hierdie intelligensies besit (Deo, 2003:1).

It is of the utmost importance that we recognize and nurture all of the varied human intelligences, and all of the combinations of intelligences. We are all so different largely because we all have different combinations of intelligences. If we recognize this, I think we will have at least a better chance of dealing appropriately with the many problems that we face in the world (Gardner, 1987 soos aangehaal deur Armstrong, 1994: 1).

Opvoeders kan leerders aanmoedig om hulle persoonlike leerstyl te ontwikkel deur die leermetodes aan te pas sodat elke kind se spesifieke kombinasie van intelligensies optimaal kan ontwikkel in die klassituasie (Gardner, 1983: 10; Armstrong, 1993: 4).

Die intelligensies sluit in: Die musikale, liggaamlik-kinestetiese, ruimtelike, interpersoonlike, intrapersoonlike, linguistiese en matematiese intelligensies (Olaf, 2004: 3; Gardner, 1983: 17-26). Die twee ander intelligensies, naamlik die naturalistiese en die transendentale intelligensies, sluit buitelig-opvoeding en godsdiensopvoeding in. Musiekopvoeding kan in die kleuterkerk en skole met hierdie twee intelligensies gekombineer word en veral godsdiensopvoeding kan ook 'n rol hier speel. Liedjies oor die natuur kan gesing word en met uitstappies kan die staafklokkespel 'n lekker aktiwiteit wees, veral om 'n kampvuur. Dit word dan hoofsaaklik vir begeleiding gebruik in akkoordspel.

In figuur 3.2 volg 'n skema van al die intelligensies, soos opvoeders dit kan gebruik in klasverband.



Figuur 3.2 'n Voorstelling van Gardner se teorie van veelvuldige intelligensies soos toegepas deur die navorser ter verduideliking van die intelligensies vir leerders in klasverband.

3.1.2 Toepassing van Gardner se intelligensies op staafklokkespel

Gardner se teorie word ook gebruik in die staafklokkonderrig, soos voorgestel in hierdie studie. Hier volg enkele voorbeelde van hoe hierdie intelligensies in dié studie gebruik kan word:

Linguistiese intelligensie: Musiek vertel dikwels 'n storie. So word die titel van die storie "Goodnight Hattie, my dearie, my dove" as 'n refrein in Les 6 gebruik. In Linda Miller se reeks *Chime Magic* (2001a & 2001b) gebruik sy verskeie musikastories, byvoorbeeld "Little Echo" (Miller 2001a & 2001b). Die staafklokke word dan op verskeie maniere gebruik, byvoorbeeld om patrone te eggo, of om hoër of laer te speel. Ritmes kan gebruik word om saam met die lettergrepe van woorde te speel.

Musiekterme soos legato, staccato en crescendo kan op die staafklokke gespeel word om te hoor hoe dit klink. Speletjies kan gespeel word om die leerders se kennis van die terme te toets, byvoorbeeld deur op 'n woord te wys en hulle dan te laat reageer met 'n staafklok.

Logies-matematiese intelligensie: Tyd speel 'n belangrike rol in musiek. Deur die gebruik van ritmes soos agste- en kwartnote in groeperings in 'n maat, kan leerders se begrip van syfers spelenderwys getoets word. Leerders moet nootwaardes verstaan om in tyd te kan speel op 'n instrument.

Musikale intelligensie: Sekere leerders met bogemiddelde musikale begaafdheid sal die staafklokke makliker speel in die ritme wat verwag word, en dalk selfs kan saamsing. Dit is 'n moeilike opdrag en min leerders slaag daarin.

Liggaam-kinestetiese intelligensie: Hierdie intelligensie is maklik sigbaar by leerders in die fisiese hantering van die staafklokke – 'n instrument wat vir die meeste leerders vreemd is. Hulle vaardigheid in die speel van die staafklokke verbeter hulle hand-oog-koördinasie deurdat hulle moet speel wat hulle op die eenvoudige kaartsisteem lees. Wanneer formele musieknotasie gedoen word, verbeter leerders hierdie intelligensie wat die vaardigheid van hulle spel insluit.

Ruimtelike intelligensie: 'n Speletjie kan gespeel word deur prentjies van verskillende grootte staafklokke vir leerders te gee, en hulle dit te laat rangskik volgens die klank wat deur die opvoeder agter 'n skerm gespeel word. Hierdie aktiwiteit sal hulle begrip van klank en grootte uitwys.

Interpersoonlike intelligensie: Die mate waarin leerders met ander leerders in groepsverband kan saamwerk, soos met die speel van staafklokke op die vaste polsslag, is deel van interpersoonlike intelligensie. 'n Leerder met 'n hoë interpersoonlike intelligensie maak dit vir ander maklik om met hom/haar in 'n groep saam te werk. So 'n leerder is dikwels 'n ekstrovert, en put sy/haar energie uit die groepsaktiwiteit.

Intrapersoonlike intelligensie: Die speel van staafklokke kan positiewe ervarings van suksesbeleving versterk, en die selfkennis van leerders kan as gevolg van hulle vaardigheid hiermee toeneem.

Naturalistiese intelligensie: 'n Leerder wat lief is vir die natuur kan maklik klanke wat voorgestel word, namaak. 'n Opdrag soos "Maak soos rëndruppels" sal gespeel kan word met 'n pentatoniese toonleer in 'n groep.

Transendentale intelligensie: Hierdie intelligensie kan versterk word deur die sing van geestelike musiek en himnes. Deur die staafklokbegeleidings kan 'n liefde vir die kerklied by leerders aangekweek word, wat weer hulle transendentale intelligensie versterk.

Die navorser moedig met dié studie opvoeders aan om leerders as unieke wesens te respekteer. Dit sou beteken dat elke leerder se unieke leerstyl moet ontwikkel deurdat opvoeders erkenning gee aan die diversiteit van algehele begaafdheid waarmee alle mense gebore word, as 'n gawe tot eer van God.

3.1.3 Piaget se leerteorie

Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling probeer verduidelik hoe mense kennis opdoen van hulleself en hulle wêreld. Wat kleuters weet, is beperkte kennis wat toeneem deur fisiese interaksie met en manipulasie van voorwerpe in hulle omgewing. Sy teorie sluit fisiese, kognitiewe en sosiale ontwikkeling in, dus ook holistiese opvoeding (McCown et al., 1996: 28). Hierdie leerteorie pas aan by die staafklokopvoedingsprogram.

Deur te organiseer, gee mense sin aan ervarings, gedagtes en emosies. Piaget glo dat mense hulle intellek gebruik om sin te maak van hulle omgewing. Piaget het vier prosesse geïdentifiseer waarvolgens kinders leer (McCown et al., 1996: 31-33). Die prosesse word vervolgens genoem:

- *Skemas.* Dit is die manier waarop kinders inligting in verband met voorwerpe in hulle wêreld inwin en kognitief organiseer.

- *Assimilasie*. Dit is die proses waardeur nuwe ervarings geïnkorporeer word met bestaande kognitiewe strukture soos bogenoemde skemas.
- *Akkommodasie*. Dit is die proses van die aanpassing van die aanvanklike skemas, of die ontstaan van nuwe kognitiewe strukture waarin nuwe ervarings georganiseer kan word.
- *Ekwilibrium*. Dit is die balans tussen die *assimilasie* en *akkommodasie* van nuwe ervarings wat aanvanklik *disekwilibrium* veroorsaak. Deur ons soeke na *ekwilibrium* kom daar aanpassings in ons kognitiewe organisasie van *disekwilibrium* tot *ekwilibrium* met nuwe ervarings (McCown et al., 1996: 31-33).

Piaget het die kognitiewe ontwikkeling in vier stadia opgedeel, naamlik die sensories-motoriese stadium, vanaf nul tot twee jaar, die pre-operasionele stadium, vanaf twee tot sewe jaar, die konkrete operasionele stadium, vanaf sewe tot elf jaar en die formele operasionele stadium, vanaf elf jaar tot volwassenheid. Vir die doel van hierdie studie is die pre-operasionele stadium van belang aangesien kleuters in hierdie groep val.

In die pre-operasionele stadium kan kinders begin om voorwerpe kognitief te beskryf of met woorde met woorde te simboliseer: "This capability to replace one object with another or to use words to talk about actions and experiences is called symbolic representation" (McCown et al., 1996: 36). Volgens McCown et al. (1996: 37) is taal 'n voorbeeld van so 'n simbolesistiem. So ook musiek. Leerders moet in hierdie studie 'n begrip hê van die simbole I, IV, V en dit kan oudieer om in staat te wees om saam met die groep te speel.

3.2 Positiewe musiekervarings

Positiewe musiekervarings is van kardinale belang om by kinders 'n liefde vir musiek te kweek, sodat hulle in die jare wat volg musiek sal verstaan en waardeer, asook individuele formele onderrig in 'n spesifieke instrument sal wil neem.

In die kleuterskool, kleuterkerk of graad 1 moet die kind musiek op 'n speelse, sensoriese manier, verkieslik ook met beweging, ervaar soos veral gesien in die Montessori-onderrigmetode (Montessori, 1930). Szönyi (1973: 30) sluit hierby aan:

When a child is in nursery school, he wishes to play games, and he should be thus taught the rudiments of music by means of play. Similarly, as the child grows older and, we hope, more serious-minded year by year, he should be taught by more and more systematic and serious methods. A child will thereby connect all his musical learning to personal experience, whether through singing or other active forms of music-making.

Musiek vorm 'n groot deel van mense se alledaagse lewens, omdat moderne tegnologie dit so maklik maak om musiek in die omgewing te hê, deur middel van byvoorbeeld die media, CD-en kassetspelers. Volgens Moog (1968: 34-38) raak musiek ons hele lewe aan: “[The] musical experience is not merely hearing or merely thinking (audiating), nor is it mere feeling, though this last is the opinion one most frequently meets with. It forms a totality . . .” (1968: 31).

Musiek stimuleer die persoon in geheel: dit word sensories ervaar, daar word emosioneel en intuïtief op gereageer, en intellektueel word daar geleer deur krities-analities na musiek te kyk tydens byvoorbeeld musiekopvoeding (Moog, 1968: 1-2). Oudiasie (musikale oudiasie) word aangeleer. Mense kan ook fisies en sosiaal by musiek betrokke raak (sien afdeling 3.1).

Daar is twee benaderings tot musikale ervaring: die *wetenskaplike* en die *intuïtiewe* benaderings. Albei benaderings is belangrik vir die positiewe musikale ervaring wat bydra tot gelukkige, volwaardige volwassewording (Moog, 1968: vii). Musiek word te dikwels eksakt beoefen. Die intuïtiewe benadering is belangrik omdat musiek as 'n vorm van estetiese kuns veel meer as kennis oordra. Daar is 'n aanhaling van William Morris in die voorwoord van Moog (1968) se boek oor die musikale ervaring van die voorskoolse kind, dat musiek 'n *kunsvorm* is wat deur die kind se sintuie tot sy/haar emosies spreek (Moog, 1968: vii–ix).

Die sensoriese proses van musiek ervaar verskaf vreugde aan mense. Dit is die grootste funksie wat musiek het (Moog, 1968: 34). Deur musiekervarings kan mense uitdrukking gee aan hulle eie natuurlike gevoelens in die artistieke aktiwiteite wat

Kestenberg (1921) beklemtoon. Die vertaler van Moog (1968), Claudia Clarke, skryf in die vertalersvoorwoord oor intuïsie en emosionele ervarings:

The present opposition between science and music can in large measure be traced to this disintegrating effect of the application of scientific method in music, yet no one can deny that the analytical method of science does lead to positive knowledge in the musical field. But it must be admitted that the musician also reaches positive results involving musical ideas, especially when at work as a composer balancing one musical idea against another and evolving new ideas from the presented material. His method is just the opposite of the scientist's and may well be described as intuitive. He deals in musical wholes and reaches his creative product in one bound rather than by carefully reasoned steps (Clarke in Moog, 1968: vii).

Kinders behoort hulle ingebore intuïtiewe musikale aanleg te ontdek en geniet deur die maak van en eksperimentering met musiek terwyl hulle van musiekkonsepte leer (Moog, 1968: 28-38). Opvoeders behoort leerders hierin by te staan en te motiveer deur 'n musiekprogram soos hierdie staafklokprogram wat in die studie voorgestel word.

Daar is verskeie aspekte wat die kind se musiekervarings positief kan beïnvloed. Hier word 'n stimulerende musiekomgewing en die inspirasie van 'n entoesiastiese musiekopvoeder as twee van die belangrikste faktore in die positiewe musiekervarings van leerders beskou.

3.2.1 Die stimulerende musiekomgewing

Die stimulerende musiekomgewing kan bydra tot positiewe musiekbelewensisse wat die kind help om sukses te ervaar. Dit kan die kind meer selfvertroue gee om nuwe uitdagings met meer waagmoed aan te pak.

'n Kind se fisiese leeromgewing moet by sy/haar totale behoeftes aanpas. Dit sluit die fisiese behoeftes in, soos om ruimte te hê om te kan beweeg. Kognitief moet leerstof kinders fassineer om hulle aandag te behou, emosioneel moet dit 'n ontspanne en aanmoedigende omgewing wees. Sosiaal moet dit verrykend wees om saam met ander musiek te maak, en moet hulle geïnspireer word om kreatief te verken (Curtis, 1986: 118-119).

Staafklokke en aanvullende slaginstrumente saam met 'n goed voorbereide program bied aan leerders 'n interessante en stimulerende musiekomgewing, waarin hulle hulself in groepsverband kan uitleef. Die leiding van 'n bekwame musiekopvoeder vorm ook deel van die stimulerende musiekomgewing. Volgens Curtis (1986: 126) sal die organisering van die fisiese omgewing 'n belangrike rol speel om kinders te help om vaardighede en bekwaamhede wat met voorskoolse onderrig gepaard gaan, te ontwikkel. Die volwassene is egter steeds die belangrikste aspek van die voorbereide leeromgewing.

3.2.2 Die rol van die musiekopvoeder

A competent educator does not harass them (the learners) about their deficiencies nor make them vain about their competencies. By being honest, direct, and relaxed with students, a teacher can act with integrity in providing the most appropriate instruction without sacrificing either his or the students' well-being. Moreover, when instruction is adapted to students' individual musical differences, less able students are not frustrated nor are more able students bored, because all students achieve success at their level of potential (Gordon, 1984: 229).

Dit is 'n groot uitdaging om lesaanbiedings so aan te pas dat dit kinders van alle musiekagtergronde, en met verskillende musiekvermoëns, almal kan stimuleer en motiveer om nie net deel te neem aan musiekaktiwiteite nie, maar dit ook te geniet en dit te verstaan (Goff, 2001: 1). Volgens Gordon (1984: 229-231) is dit nodig dat musiekopvoeders musiek moet verstaan en waardeer, asook self musiek kan maak om in staat te wees om kinders te onderrig.

Ons sien by Maria Montessori dat sy 'n *kindgesentreerde benadering* het tot opvoeding wat die kind sien as 'n hele persoon met gedagtes, gevoelens en verbeelding wat moet aandag geniet en gekoester word. Ook glo sy dat kinders inherent nuuskierig is, dus intrinsiek gemotiveer om te wil leer (Curtis, 1986: 5). Dit is die uitdaging vir opvoeders.

In *Introduction to music education* het Charles Hoffer (1993: 36) 'n selfevalueringsvorm vir 'n musiekopvoeder saamgestel. Die volgende vrae word aan die opvoeder gevra:

- Watter persoonlike karaktereienskap besit jy wat jy dink jou sal help om 'n suksesvolle musiekopvoeder te wees?
- Watter persoonlike karaktereienskap besit jy wat versterk behoort te word sodat jy 'n suksesvolle musiekopvoeder kan word?
- Watter musiekkwaliteite besit jy wat jou help of verhinder om 'n suksesvolle musiekopvoeder te wees?
- By watter aspekte van musiekopvoeding vind jy die meeste aanklank?
- Dink jy dat jy goed oor die weg kom met mense – alle soorte mense – selfs dié wat baie van jou verskil?
- Hou jy van kinders en jongmense, selfs wanneer hulle nie optree op die manier wat jy goedkeur nie?
- Is jy 'n redelik georganiseerde mens?
- Wees eerlik – geniet jy dit as ander mense sukses behaal, of pla dit jou?
- As jy dieselfde geld kon verdien met sang of instrumentele spel as met musiekopvoeding, sou jy liever wou optree of onderrig gee? Verduidelik jou keuse.
- Is jy die meeste geïnteresseerd in musiek, of stel jy belang in ander kunste of ander areas van studie soos tale, sosiale en fisiese wetenskappe?

'n Mens sou ook die volgende vrae kon byvoeg:

- Geniet jy self die klasse wat jy aanbied?
- Geniet die leerders die klasse?
- Is jy geduldig met die leerders?
- Is jou lesse so beplan dat jy die kinders se aandag behou of raak hulle gou verveeld of kiewelrig?
- Kan jy kinders stimuleer om selfwerkzaam te wees?
- Is die leerders entoesiasies oor die lesmateriaal wat aangebied word en wil hulle uit eie keuse nog instrumente leer speel?

Introspeksie is noodsaaklik, en selfkennis kan opgedoen word deur vraelyste soos bogenoemde.

Maria Montessori praat van meer as net selfkennis, sy wys op die belangrikheid van "innerlike voorbereiding" (1930: 52). 'n Opvoeder se geestelike lewe is van groot belang in die opvoedingsproses, aangesien die opvoeder 'n rolmodel vir die leerders moet wees wat hulle positief moet beïnvloed. Ook moet opvoeders 'n voorbeeld stel in die uitleef van hulle geestelike waardes.

"A great respect for the personality of the child should form an essential part of our most profound Christian sentiments, while the practical application of this sentiment should be a characteristic refinement of every religious teacher" (Montessori, 1930: 71).

'n Ander voorvereiste vir suksesvolle musiekopvoeding is kennis van kinderopvoeding en die verskillende stadia van ontwikkeling volgens ouderdomsgroepe, veral van die pre-operasionele fase, soos deur Piaget beskryf (McCown et al., 1996: 35).

Doelstellings moet bepaal word en die opvoeder moet die leerinhoud goed ken. Verder moet opvoeders van sekere onderwysvaardighede in hulle aanbiedings gebruik maak. Die vaardighede moet aanmoedigend, ondersteunend en stimulerend van aard wees. Opvoeders moet "kreatiewe, spontane deelname" deur die kleuters aanmoedig (Grobler, 1990: 114). Kreatiewe spel met die staafklokke is een van die doelstellings vir gevorderde spel, en gebeur nie in die begin van so 'n program nie.

Dit baat musiekopvoeders om self kreatief te wees, 'n liefde vir die kind en musiek te hê, 'n entoesiastiese en belangstellende persoonlikheid te hê, 'n goeie storieverteller te wees met 'n aanvoeling vir die dramatiese, buigbaar te wees om aanpassings in lesse te maak indien dit nodig is. Die opvoeder behoort ook die vermoë te hê om leerders te prys, vaardighede te besit om te sing, te beweeg en te improviseer en die minimum te praat, maar goed leiding te neem in die musiekmaakproses.

3.2.3 Selfleer en intrinsieke motivering

Motivering speel 'n belangrike rol in die leerproses. Die studies van Maria Montessori het gewys dat kinders verantwoordelik is vir hulle eie leer. Ekstrinsieke motivering, deur die stimulerende omgewing en met die interaksie tussen leerder en opvoeder, is baie

belangrik. Ekstrinsieke motivering beteken dat die kind beïnvloed word deur eksterne stimuli soos komplimente, positiewe opmerkings, prestasies in byvoorbeeld eisteddfods en goeie simbole vir skoolwerk. Positiewe opmerkings soos “Jy kan!”, “Mooi so!”, “Dis 'n goeie idee!” en “Ek hou daarvan!” is voorbeelde van ekstrinsieke motivering wat affektief 'n groot rol in die motivering van leerders speel (Kim, 2004: 97). By kleuters is die toekenning van sterretjies en plakkers in werkboeke goeie motiveerders. Barber (1989: 93) is van mening dat daardie dinge wat kinders laat voel dat iemand hulle liefhet en respekteer en dat hulle waardevol en spesiaal is, hulle motiveer om beter te leer.

Die ekstrinsieke motivering mag teenwoordig wees, maar indien die leerder nie intrinsieke motivering het nie, sal leer nie effektief wees nie.

Intrinsieke motivering beteken die spontane belangstelling en nuuskierigheid van die kind, asook sy/haar gretigheid om te leer. Kinders besit 'n natuurlike openheid teenoor nuwe onderwerpe of objekte (Topp, 1976: 108; Kim, 2004: 97). Werksbevrediging en genot in take wat uitgevoer word, is eienskappe van intrinsieke motivering.

Intrinsieke motivering is nodig om die belangstelling van 'n leerder aan te wakker om 'n individuele instrument te wil speel. Opvoeders vorm 'n belangrike skakel tussen die ekstrinsieke en die intrinsieke motivering deur die aanbieding, toewyding, voorbeeld en hulle entoesiasme vir musiek.

Voorbeelde van bronne van ekstrinsieke motivering uit die leeromgewing is volgens McCown et al. (1996: 281):

- doelstellings en verwagtings van ouers, opvoeders, klasgroepe en die portuurgroep;
- sosiale en kulturele waardes; en
- hulpmiddels en lesmateriaal.

Voorbeelde van intrinsieke motivering van leerders is volgens McCown et al. (1996: 281):

- persoonlike doelstellings en suksesbelevens;
- biologiese en psigologiese behoeftes en ambisies;
- selfkennis en 'n goeie selfbeeld;

- persoonlikheidsfaktore soos die bereidheid om kanse te waag en uithouvermoë; en
- emosionele welstand en die gepaardgaande meelewing in musiekaktiwiteite.

Wat belangrik is by motivering in hierdie studie, is dat die aanbieding van die staafklokprogram interessant moet wees, en 'n hoë estetiese kwaliteit moet hê. Dit moet sensories stimulerende ervarings insluit. Kinders se aandag en belangstelling sal waarskynlik geprikkel word, wat intrinsieke leer makliker kan laat plaasvind. Die intrinsiek gemotiveerde leerder bly meer betrokke by 'n taak en demonstreer ook groter toewyding aan sy/haar werk. Die leerder wat afhanklik is van ekstrasieke motivering om te leer, verloor belangstelling as die eksterne faktore nie meer aanwesig is nie (McCown et al., 1996: 280).

Die gebruik van die staafklokke bied aan kinders die sensoriese stimulerende ervarings, deur die manipulering van instrumente met 'n interessante klankkleur. Deur die staafklokke op kreatiewe maniere te gebruik (sien afdeling 5.5.3) word die leerders se belangstelling in musiekinstrumente aangewakker en is hulle gretig om aan musiekopvoeding deel te neem.

HOOFSTUK 4

MUSIEKOPVOEDING EN GODSDIENS

Musiekopvoeding in hierdie studie staan nie op sy eie nie. Dit gaan saam met die godsdiensoortuiging dat God mense geskep het om Hom te eer. Een van die belangrikste vrae wat gevra word in die Westminster Shorter Catechism³ is: "What is man's chief end in life?" Die antwoord is: "Man's chief end in life is to glorify God and enjoy Him for ever!" Musiek is 'n manier waarop mense saam die Here kan verheerlik en geniet.

Alle mense besit musiekvermoëns (sien afdeling 2.6.2) en daarom kan mense deur *saam musiek te maak* volgens die volgende opdrag in die Bybel leef (Johansson, 1984: 9): "Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars" (Psalm 149:1).

4.1 Die visie en missie van musiekopvoeding in die kerk

Wat hier volg, is 'n persoonlike visie en missie vir musiekopvoeding in diens van die kerk. Die navorser se strewe is om met musiekopvoeding by kleuters te begin en die volgende te bereik:

- Om 'n goed gebalanseerde en georganiseerde musiekprogram daar te stel wat gesentreer is rondom die Christelike beginsels.
- Om 'n filosofie van 'n christelike musiekopvoeding daar te stel wat vir alle kulture kan geld.
- Om te kyk na musiek as menslike praktyk. Alle musiekmaak en beluistering word gedoen vanuit hierdie uitgangspunt.
- Om alle elemente van musiek in die opvoedingsproses, naamlik ritme, harmonie, timbre, tekstuur en vorm in te werk.
- Om musiek aan te bied, nie as ingewikkelde aktiwiteite nie, maar as lewensaktiwiteite, waarby sosiale interaksie deel vorm van die leerproses. Musikale optredes is die model vir die sosiale lewe in die kerk tussen gelowiges. Die

³ Sien die bronnelys onder Westminster Shorter Catechism.

musikale prosesse word geïntegreer met lewenslesse wat geleer word deur musiek te maak.

- Om na ander kulture in Suid-Afrika te kyk asook na hulle kerkmusiek of godsdienstige liederen en dit te gebruik, byvoorbeeld deur die sing van Sionsgesange van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). 'n Samehorigheidsgevoel of eenheidsgevoel kan bewerkstellig word met die sing van bekende liederen uit alle kulture, byvoorbeeld deur die sing van Sionsgesang 268, "Doen slegs u wil, Heer", ook bekend as 'n Hallelujalied (sien bylae 2.1). Ons kan ook liederen soos Lied 533 in die Liedboek van die kerk, "Stuur ons, Here" sing, wat ook bekende Sionsgesange is (sien bylae 2.2).
- Om westere estetiese konsepte toe te pas deur die beluistering en opvoeding van die gevoelens wat in elke mens aanwesig is (Education of Feeling) (Langer, 1974: 94, Bunt, 1994:6).
- Om kennis van notasie van musiek informeel aan te leer ten einde kinders in staat te stel om sangbundels en ander godsdienstige bundels te kan lees.
- Om spontaan improvisasie en kreatiewe denke te stimuleer sodat daar ook op informele wyse musiek gemaak kan word.
- Om op ekonomiese gebied optredes te beplan sodat selfdoen kan lei tot selfstandigheid. Hierdeur kan bydraes tot die kerk en die musiekomgewing gemaak word ter uitbreiding van die gemeenskap. Musiekprojekte en spesiale musiekaande word beplan.
- Om leerders in staat te stel om hulle talente en vaardighede met mindergegoede mense in die gemeenskap te deel.
- Om programme wat Sondae in die kleuterkerk aangebied word in die week by mindergegoede skole in die gemeenskap aan te bied.
- Om terapeutiese oefeninge met musiek vir kinders en gestremde volwassenes met spesiale behoeftes aan te bied – dit sluit staafklokmusiek in.
- Om leerdergesentreerde groepsonderrig aan te bied waarin daar gepoog word om die individu se unieke gawes te ontwikkel.
- Om prosedurale kennis te bevorder en van die belangrikste uitkomst van die staafklok-musiekprogram, naamlik genot-ervarings aan te moedig.

- Om spontane leiding van energieke, en toegewyde musiekopvoeders aan te moedig deur die musiekprogramme te fasiliteer. Die sukses van die musiekprogramme lê dikwels in die leiding deur bekwame musiekopvoeders.
- Om musiek as uitdrukkings- en kunsvorm aan te bied, wat die mens net tot nog groter lof en bewondering vir sy Hemelse Skepper kan lei.
- Om dieper geestelike waardes te kommunikeer deur die professionele aanbieding van goeie musiek wat in die sekulêre wêreld kan slaag.

4.2 Die kleuter se godsdienstontwikkeling

'n Kind se ontwikkelingsfases bestaan uit fisiese, psigiese en religieuse komponente. Die musiekopvoedingsboeke van Heyge en Sillick (1995a, b & c) is 'n voorbeeld van 'n musiekprogram wat liedere van hierdie drie aspekte van die kind se leefwêreld insluit. Ons kan hier praat van die kind se wêreld na buite (die fisiese), na binne (die psigiese) en na Bo (die religieuse). Die kind se fisiese en psigiese ontwikkeling is gewoonlik duidelik meetbaar, terwyl die religieuse ontwikkeling uniek is en nie altyd duidelik meetbaar is nie. Verder beskik die kind oor 'n besondere inherente religieuse potensiaal wat dit nog moeiliker maak om hom of haar in 'n spesifieke fase van religieuse ontwikkeling te plaas. Religieuse potensiaal is egter inherent aanwesig by 'n kind en moet slegs die geleentheid gegun word om deur die regte benadering en Bybelstof optimaal ontsluit en ontwikkel te word (Roux, 1990: 2, 32).

Alle kinders het vanaf hulle kleuterjare 'n voorstelling van God wat deur verskillende faktore in die kind se lewe beïnvloed word. Namate die kind ontwikkel, ouer word en in die geloof groei, sal hierdie eerste fase van die kind se Godsbegrip ook verander en verder ontwikkel (Roux, 1990: 1).

God skep kinders na sy beeld en tot sy eer. Hy skep hulle met 'n soeke na Hom, hulle Skepper (Johansson, 1984: 22). Daarom speel religieuse ervarings 'n baie belangrike rol. Deur die erkenning van die verhouding tussen God en kind, word die kind se religieuse potensiaal ten volle in aanmerking geneem. Volwassenes moet dus in die aanbieding van Skrifwaarhede bewus wees van die besondere verhouding waarin die kind tot God staan.

Die kind het eie behoeftes, vrese en vrae wat ondersoek moet word. Hierdie behoeftes moet nie vanuit die volwassene se religieuse ervaring hanteer word nie, maar vanuit die kind se religieuse ervaring en godsbegrip. Kinders is in staat om oor God te dink en Hom te ervaar. Hierdie verhouding met God moet gerespekteer en aangemoedig word.

Volgens Roux (1990: 33) is die geestelike ontwikkeling van die kind (vyf tot ses jaar) soos volg:

- Wanneer kinders beskerming en liefde ervaar, leer hulle dat hulle geliefd is. 'n Kind kan dus voor vier jaar 'n positiewe godsbegrip vorm vanuit sy/haar besondere verhouding met sy/haar ouers. Hierdie verhouding met die ouers vorm die kind se Christelike lewensbeskouing (Trent, Osborne & Bruner, 2000: 122).
- Kinders is in staat om deur die menslike eienskappe wat hulle aan God toedig, God op 'n unieke manier te ervaar, byvoorbeeld God is liefdevol, God is groot, God is 'n vader soos hulle dit verstaan in hulle konteks.
- Tussen vyf en ses jaar is 'n belangrike tydperk om kinders van verhoudings te leer. Die dinamika in verhoudings tussen God en mens, en mens tot mens, leer die kind om God te ervaar. Dié ervaring kan vreugdevol wees.
- Die wese van gebed kan nou aangeleer word. Deur religieuse opvoeding is gebed meer as 'n rympte. Dit is 'n gesprek met God.
- Roux (1990: 33) sê dat simboliek nog nie dieper betekenis vir kleuters het nie. Gelykenisse kan wel aan die kind vertel word om die verhale wat Jesus self vertel het tuis te bring (verhaalelement) en geloofsgroei te bevorder. Dit beteken egter nie dat die gebruik van simbole geen sin het nie. Maria Montessori (1930: 38) gebruik die simbole van die Christusfiguur met 'n stralekrans om sy kop, die kruis met Jesus wat daaraan hang, Moeder Maria met die baba Jesus en ander simbole om sekere waarhede by die kleuters tuis te bring. Montessori het selfs 'n kapel op klein skaal gebou, met miniatuursimbole soos hierbo genoem, asook objekte van die altaar, soos die kandelare, die altaarkleed en die doopvont. Deurdat kinders die sensoriese ervarings met hulle omgewing kan hê, soos met die liturgiese simbole, help die ervarings hulle om dit te verstaan. 'n Mens onderskat dikwels kinders se vermoëns om simbole te interpreteer, al is die begrip daarvan nie dieselfde as volwassenes s'n nie.

- Die kinders se natuurlike spontaneïteit kan hulle religieuse ontwikkeling stimuleer. Hulle kan met oorgawe sing, die Here spontaan loof, met kinderlike geloof bid en met oorgawe dink aan vrolik wees. Volwassenes verloor dikwels die gawe om die Here spontaan te loof.

4.3 Die rol van musiek in die kleuter se godsdiensbelewenis

Religieuse musiek is noodsaaklik vir die versterking van Christene se geloofservaring en hulle geloofsbelydenis. Belewings is baie belangrik vir die hedendaagse kind en kerkmusiek bied 'n medium vir belewings wat fisiese en psigiese ontwikkeling bevorder (Benedict & Miller, 1998: 35). Kinders wil musiek hê met 'n maatslag en ritme wat maklik identifiseerbaar is. "They want music that moves their feet as well as their souls" (Benedict & Miller, 1998: 35).

Religieuse musiek speel eweneens 'n baie groot rol as onderrigmedium vir die geestelike ontwikkeling van die kleuter (Strydom, 1994: 287). Hulle groei geestelik deur musiek te maak en aan te leer. Lourens Strydom sê dat deur die herhaling van kerkliedere "die waarheid van [God se] boodskap deur woord en melodie letterlik ingegraveer word in die hart en gemoed" (Strydom, 1994: 287). Daarom moedig hy musiekopvoeders aan om kerkliedere aan te leer "aan die verbondsjeug van hul heel vroegste lewensjare af" (Strydom, 1994: 287).

Religieuse musiek het ook 'n sosiale funksie. In haar navorsing met kinders het Maria Montessori van die veronderstelling uitgegaan dat 'n kind in sy/haar wese 'n besondere gawe van God is en dat die volwassene ook van die kind kan leer. Sodoende leer die volwassene om aandag te gee aan die behoeftes van die kind (Roux, 1990: 18). Dit behoort ook van toepassing te wees op die manier waarop volwasse opvoeders geestelike erfenis aan kinders oordra. In die hedendaagse samelewing word kinders daaglik met woorde en beelde gebombardeer. Daar behoort dus kreatief beplan te word hoe opvoeders die geestelike erfenis aan kleuters kan oordra dat hulle dit werklik sal hoor en verstaan. Sodoende sal 'n stewige fondament gelê kan word vir hulle verhouding met God en hulle sosiale interaksie met medegelowiges (Trent, et al. 2000: 75). Sang en musiek is een van die beste mediums om die mens se sosiale interaksie met medegelowiges te versterk.

Religieuse musiek is 'n kommunikasiemiddel. Kinders kan met God kommunikeer deur aan musiek deel te neem. Dit bied 'n wye verskeidenheid van maniere waarop die kind op God kan reageer. 'n Verskeidenheid liedere gebruik word, byvoorbeeld lofliedere, aanbiddingsliedere, gewyde liedere om die aandag op God te fokus, en ook gebede kan gesing word (Strydom, 1994:283).

Volgens Strydom (1994: 283) is religieuse musiek 'n "onontbeerlike medium vir menslike ekspressie". Kinders kan deur die sing van liedere gehelp word om hulle emosies te verwoord. Hoewel kleuters se sangvermoë nog heel beperk is ten opsigte van stemomvang, toonproduksie en die vermoë om wysie te hou, is sang vir hulle 'n noodsaaklike en genotvolle medium van uitdrukking (McLachlan, s.j.: 86). Dit kan liedere van blydskap insluit, byvoorbeeld Kersliedere, en beslis ook dankliedere. Gebede verwoord kinders se behoeftes voor God en hulle leer om hulle verlangens in woorde uit te druk. So sal die behoefte na ouers een van hulle primêre behoeftes wees. Skuldbelydenis is ook goeie voorbeelde van emosionele uitdrukking. Kinders is vanweë hulle selfsugtige aard soms geneig om moeilik te vergewe, of sukkel om vergifnis te vra. Ons kan dit ook 'n "emosioneel-terapeutiese uitlaatklep" noem. Die sing van 'n skuldbelydenisliedjie help kinders om terapeuties van die skuldgevoelens genees te word. Die voorbeelde hier genoem, is tipiese ervarings waarmee die kleuters van die Kleuterkerk Helderberg te doen het.

4.4 Kriteria vir die kies van geskikte kerkliedere vir 'n repertorium vir kleutersang met of sonder instrumentale spel

Liedere vir kleuters moet met sorg gekies word. 'n Lied wat vir die volwassene mooi is, kan by die kleuter verbygaan as dit in wese nie voldoen aan die vereistes van 'n kleuterlied nie, naamlik eenvoud, egtheid en kinderlikheid (McLachlan, s.j.: 9).

Kerkmusiek staan vandag voor baie uitdagings: kan mense, oud en jonk, konserwatief en nie-konserwatief, mense met verskillende spiritualiteite in een gemeente, nog saamsing en werklik saam aanbid? Is daar 'n kerngroep liedere wat 'n ouma vir haar kleinkind op haar skoot kan sing? Ken die kind die liedere of het hy of sy dit nog nooit

gehoor nie? Wat word by kleuterkerke aangeleer? Dit is 'n belangrike vraag as daar oor die musiek in die kerk van môre besin word.

Die volgende kriteria kan gebruik word by die keuse van kinderliedere (McLachlan, s.j.: 9-11):

- As dit 'n strofelied is, is die hoeveelheid versies nie van belang nie, maar wel die lengte van elke strofe. Die navorser se beswaar hierteen is dat te veel strofes 'n probleem by die memorisering van liedere skep.
- Die stemomvang moet nie te wyd wees nie. Toonsoorte moet só gekies word dat liedere so na as moontlik binne die omvang D tot E¹ bly. Aangesien kinders se stemme nie in die skole ontwikkel word nie (behalwe as kinders koor sing) en omdat daar meestal net by die kerke gesing word, is kinders se stemme geneig om laer te sing as wanneer hulle in 'n koor gehelp word om hoër te sing. Daarom is die navorser se voorstel om kinders van C tot D¹ te laat sing.
- Die melodie moet eenvoudig (natuurlik) verloop sonder moeilike intervalle en behoort ook sonder begeleiding maklik gesing te kan word. Lang-gehoue tone, vinnige melismas, ingevoegde toevallige tekens en modulasies is ongewens. Eenderse of naverwante melodiese frases is feitlik noodsaaklik.
- Ritmiese komplikasies, soos onverwagte sinkopasie of ongewone verdeling van die polsslag moet met diskresie gebruik word. Die ritmepatrone van die melodie moet veral baie goed aansluit by die natuurlike ritme en aksente van die taal waarin die teks geskryf is. Wanneer dit die geval is, hoef selfs patrone soos triole of wisseling van maatslag nie probleme op te lewer nie.
- Die teks moet vir die kind sin maak. Herhalings en klankwoorde is dikwels geslaagd, gewoonlik omdat dit ritmies so aantreklik is. Ten opsigte van die teologiese waarde is die teks die belangrikste faktor wat by die keuse van liedere oorweeg moet word. Alleen dié liedere wat getrou is aan die Evangeliewaarheid is geskik. Die doel van hierdie liedere is om 'n storie te vertel wat die kleuter sal

aanmoedig tot geloof in Christus. Hierdie storie moet akkuraat vertel word, die boodskap moet sentraal gestel word en woorde moet duidelik gehoor word (vgl. McLean, 1998: 14). Hawn (2003: 30) stel vier basiese hermeneutiese vrae voor wat moontlik as hulpmiddel kan dien. Eerstens die persoonlike vraag: Wat beteken hierdie lied vir my? Tweedens die teologiese vraag: Wat vertel hierdie lied my van die God wat mens geword het? Derdens die liturgiese vraag: Hoe help hierdie lied my om as bemiddelaar op te tree voor God in belang van die wêreld? Vierdens die ekklesiologiese vraag: Hoe help hierdie lied my om die buitestaander te verwelkom en tuis te laat voel?

- Die karakter of atmosfeer van die melodie en teks moet by mekaar aansluit. As die lied 'n loflied is, sal die karakter waarskynlik vrolik wees. 'n Smekende of verootmoedigende lied, of skuldbelydenis, sal meer intens en ernstig en dalk stadig wees.
- Die behoefte vir die herhaling van die lied is altyd 'n goeie aanduiding dat die ondervinding aangenaam was. Herhaling lei tot die memorisering van die lied in hierdie geval. Memorisering is nodig om musikale geheue op te bou.

Kleuters geniet liedere met herhaling, veral 'n strofe met 'n refrein. Hulle leer die refrein gewoonlik die vinnigste aan, juis vanweë die feit dat dit so herhaal word, en dikwels is die karakter van 'n refrein baie jubelend. Die strofe bou gewoonlik op na die refrein, sodat die refrein die klimaks van die lied is.

Tittley (2000:1-5) kategoriseer liedere wat geskik is vir kleuters vir die gebruik van kennisoordrag en geloofservaring soos volg:

- *Aksie-liedjies*

Leer vind makliker plaas wanneer aksies saam met liedere gedoen word. Boonop is dit 'n gesonde manier om van oortollige energie ontslae te raak. Hoewel hierdie tipe lied min woorde en baie herhaling bevat, hoef dit nie noodwendig betekenisloos te wees nie.

- *Aanbiddingsliedere*
Kleuters wil nie noodwendig net pretliedjies sing nie. Hulle het ook behoefte daaraan om hulle liefde, verwondering en lof vir God in aanbiddingsliedere uit te druk. Dit sluit lof- en toewydingsliedere in. Lofliedere is meestal vroliker en vinniger as die toewydingsliedere.
- *Liedere vir volwassenes*
Kleuters het nodig om liedere te sing wat ook deur die ouer gemeentelede of senior jeuggroepe gesing word. Dit help hulle in hulle identifikasie met die ander groepe en laat hulle tuis voel in die kerk.
- *Psalms*
Eenvoudige psalms en skrifberymings help kleuters met Bybelversmemoriserings. Van die korter Psalms kan gesing word. Bylae 3 bevat 'n voorbeeld van 'n alternatiewe melodie van Psalm 67.
- *Gesange*
Blootstelling aan tradisionele kerkmusiek help die kleuter om toekomspektief te kry. 'n Begrip van hulle erfenis stimuleer 'n gevoel vir hulle toekomsbestemming. Die liedere word ook korale genoem. Dit is 'n goeie geleentheid om die kleuters van J.S. Bach se korale te leer.
- *Oorspronklike (eie kreatiewe) geestelike liedere*
Liedere wat uitvloei uit die siel en nie bloot uit die verstand nie. In hierdie area is dit heilsaam vir die ontwikkeling van kleuters se religieuse potensiaal as hulle hul kan uitdruk in oorspronklike sang. In 'n stimulerende musiekomgewing skep kleuters graag wysies. Daar behoort 'n plek vir hierdie spontane jubelsang te wees.

Die navorser stel voor dat die volgende geestelike liedere ook aan kleuters geleer kan word:

- *Kontemporêre liedere*

Kontemporêre liedjies speel 'n belangrike rol in kleuters se religieuse ontwikkeling. Dit beslaan die grootste deel van hulle repertorium, vanweë die informele aard daarvan. Liedere uit die Jeugsangbundels, byvoorbeeld “Loof Hom met die tromme”, “Daar’s vissies in die water” en “Twee ogies om na bo te sien” sluit die kind se leefwêreld in. Die informele aard daarvan maak dit moontlik om die kitaar en ook ander instrumente soos die outo-harp, trekklavier en slaginstrumente as begeleiding te kan gebruik.

- *Die multikulturele spirituele lied*

Hierdie groep liedere sluit liedere van ander kulture en lande in. Hierdie kategorie sluit in die Nuwe Liedboek van die NG Kerk asook die Sionsgesange van die susterskerk, naamlik die Verenigde Gereformeerde Kerk. Dit dek ook liedere van byvoorbeeld die Presbiteriaanse Kerk. “Negro-spirituals” is ook voorbeelde van hierdie soort lied, en kan gebruik word.

- *Taizé-liedere*

Alhoewel hierdie liedere multikulturele spirituele liedere is, is dit raadsaam om dit as 'n nuwe kategorie te klassifiseer. Die eenvoudige karakter van die lied maak dit geskik vir verskillende gebruike in die kerk. Die teks is kort en daar is baie herhaling. Dit bestaan dikwels uit 'n Bybelteks. Dit help kleuters met skrifmemorisering. Kleuters kan *Taizé-liedere* as deel van aanbidding in die kleuterkerk sing. Families kan *Taizé-liedere* op gesinskampe voor Bybelstudie sing. 'n Voorbeeld van 'n *Taizé-lied* is te sien in bylae 4.1. Liedere kan ook gekomponeer word in die *Taizé-styl*. 'n Voorbeeld hiervan is te sien in bylae 4.2.

Met inagneming van die musiekleermetodes van die musiekopvoedkundiges (by 2.1 tot 2.7), die sielkundige aspekte (3.1 tot 3.2), en die godsdienstige aspekte wat behandel is (4.1 tot 4.4), kan daar nou gekyk word na die staafklokke en die gepaardgaande program wat voorgestel word.

HOOFSTUK 5

STAAFKLOKKE

5.1 Terminologie: die oorsprong van die benaming “staafklokke” en ander verwante klokke

Opgrawings het bewys dat die Chinese eeue gelede koperhandklokke gebruik het. Die gebruike daarvan is egter onbekend (Blackwell, 1999: 71). Die eerste bekende algemene gebruik van klokkespel was dié van die toringklokke.

“Toringklokke” sê presies wat dit is: klokke wat in ‘n toring hang. Dit is gewoonlik groot klokke, byvoorbeeld een groot swaar brons klok, soos ook in Suid-Afrika gesien kan word. Sulke klokke kom veral op dorpspleine voor, terwyl dié wat op plase gebruik is slaweklokke genoem word. Dan bestaan daar ook, dikwels bo-in die torings van kerke, ongeveer ses tot agt klokke wat aan stellies hang. Stellenbosch Moederkerk het sulke klokke waar die regte klokkespel steeds voor eredienste gebruik word.

“Handklokke” is die direkte vertaling van die term “handbells” wat die bekende koperhandklok is.

“Handchimes”, die nuwe generasie handklok, is eintlik 'n buisklok, maar kan nie so genoem word nie aangesien daar reeds buisklokke in die klassieke orkes is. Hierdie “buis-klokke” is die reeks klokke wat aan ‘n reling hang en deur die perkussiespeler met ‘n slaan-stok gespeel word. Daarom word voorgestel dat die “handchime” die “staafklok” genoem word en nie “handklok” of “buis-klok” nie. Daar behoort geen onduidelikheid te wees indien die instrument uitgeken moet word tussen ander klokverwante instrumente nie. Dit is ‘n metaalstaaf, met ‘n klopper daaraan gekoppel, in wit of swart stawe, soos die chromatiese klawers van ‘n klawerbord. Die klopper is die direkte vertaling van die “clapper” soos dit gegee word by die illustrasie van die staafklok (sien figuur 5.2) terwyl ‘n “mallet” ‘n “slaan-stok” genoem word.

5.2 Die geskiedenis en ontstaan van toringklokke, handklokke of koperklokke en staafklokke

5.2.1 Die geskiedenis van die ontstaan van handklokke in Engeland en Europa
Die gebruik van klokke dateer uit die vroeë Christelike tye, tussen die elfde en die sestende eeu. Klokkespel is veral in Engeland en in Europa gebruik deur groot klokke in kloktorings te lui. Die klokke is gebruik as 'n vorm van kommunikasie: om aankondigings in dorpe te doen soos by feeste of begrafnisse, of selfs wanneer daar oorloë uitgebreek het (Moore, 2000: 32). Die klokkespel is "change ringing" genoem (Moore, 2000: 32), wat "beurtspel" beteken. Afhangende van hoeveel klokke daar in so 'n toring was, kon hulle kombinasies van spel uitwerk. Die patrone is voortdurend verander.

Volgens McBride en Baldwin (2000 :47) word veranderingspatrone nie van begin tot einde (dit wil sê 'n afgaande toonleer van begin tot einde) herhaal nie. Daar is begin om die klokke te lui volgens wiskundige kombinasies van die aantal klokke wat in 'n bepaalde toring hang. Drie klokke het ses moontlike kombinasies gehad, vier klokke het 24 gehad en agt klokke kon meer as 40 000 kombinasies speel (McBride & Baldwin, 2000: 47). Groepe spelers het hierdie beurtspel volgens 'n voorgeskrewe stel reëls gememoriseer. Dit het ure geneem om die patroon te voltooi, afhangende van die hoeveelheid klokke en die tipe klokkespel (McBride & Baldwin, 2000: 48).

In figuur 5.1 word die kort en eenvoudige spel van drie, vier of vyf klokke aangedui:

For Three Bells	For Four Bells	For Five Bells
1 2 3	1 2 3 4	1 2 3 4 5
1 3 2	2 1 4 3	1 3 2 5 4
3 1 2	2 4 1 3	3 1 5 2 4
3 2 1	4 2 3 1	3 5 1 4 2
2 3 1	4 3 2 1	5 3 4 1 2
2 1 3	3 4 1 2	5 4 3 2 1
1 2 3	3 1 4 2	4 5 2 3 1
	1 3 2 4	4 2 5 1 3
	1 2 3 4	2 4 1 5 3
		2 1 4 3 5
		1 2 3 4 5


Figuur 5.1 Die spelpatrone van drie, vier en vyf klokke

As daar tien klokke sou wees, sou dit 'n baie ingewikkelde spelpatroon wees vir spelers om te memoriseer vir hulle beurt. Die patroon eindig weer soos dit begin het. Om dit te bemeester, moes daar baie goed geoefen word. Dit is te verstane dat oefeninge 'n probleem was, aangesien dit 'n steurnis geword het vir mense in die omgewing. Die klokkespeloefeninge was ook verwarrend vir die gemeenskappe wat dit as aankondigings beleef het (McBride & Baldwin, 2000: 48).

Teen die sestiende eeu, nadat die Kerk van Engeland en die Rooms-Katolieke Kerk geskei het, het omtrent elke kerk in Engeland klokke gehad. Weens die groeiende populariteit van die klokkespel, en die hoeveelheid oefeninge wat nodig was om die fisiese en kognitiewe uitdagings te bemeester, het die handklokke mettertyd ontstaan (Moore, 2000: 32).

Bedink hierdie situasie in die kloktoring: 'n groepie mense wat in die koue winter in 'n oop kloktoring in 'n sirkel staan, met wind wat daardeur waai. Elke speler hou aan 'n tou vas wat deur 'n gat in die plafon gaan en verbind is aan 'n klok wat op die plafon gemonteer is. 'n Harde trek aan die tou draai die wiel wat aan die klok vas is, en die wiel laat die klok omswaai en lui. Let op dat die tou op- en afgaan, die klok na links en dan na regs gaan wat veroorsaak dat die klok twee keer lui (Camp, 1974: 66-76). Gedurende die Europese winters was dit 'n uitdaging om onder sulke omstandighede te oefen.

Figuur 5.2 wys 'n tipiese klok wat in torings gebruik is en hoe dit in 'n raamwerk van hout gemonteer is (Camp, 1974: 28).



Figuur 5.2. 'n Tipiese klok wat in torings gebruik is

Foto 5.1 en 5.2 wys hoe 'n vorm vir 'n toringklok gemaak word waarin die metaal gegiet word (Camp, 1974: 72)



Foto 5.1 Die maak van 'n toringklokvorm (1)



Foto 5.2 Die maak van 'n toringklokvorm (2)

In 1660 kon William en Robert Corr, wat die Wiltshire Bellfoundry ('n klokgietry) besit het, met verbeterde metodes die eerste brons handklokke vervaardig. Dit het weer tot gevolg gehad dat stelle brons handklokke saam met die kloktoringklokke gespeel is (McBride & Baldwin, 2000: 48).

Die Engelse handklokke het nou 'n vaste klapper gehad wat net in een rigting beweeg het om kontak met die klok te maak; dit was na die grondtone en die twaalf botone gestem; en dit het 'n veerkragtige meganisme gehad wat verhoed het dat die klapper teen die kant van die klok rus sodat dit nie die klank belemmer nie (Camp, 1974: 109-119).

Daarna is chromatiese stelle handklokke vervaardig wat gehelp het dat spelers bekende melodieë kon speel, teenoor die eenvoudige patrone wat hulle vroeër gespeel het. Teen die middel van die agtiende eeu was melodiese klokkespel baie gewild. Byna elke dorpie het so 'n groep spelers, "a band of ringers", gehad (McBride & Baldwin, 2000: 48).

5.2.2 Die geskiedenis van die ontstaan van handklokke in die VSA

In 1839 het William Peak en sy vrou, wat kerkmusici in Medford, Massachusetts was, bekendheid as die “Peak Ringers” met hulle handklokke verwerf (Moore, 2000: 33).

In 1902 het dr. A.H. Nichols en sy dogter, Margaret Homer Nichols (Shurcliff) in die somer na Londen gereis waar hy gou 'n groep gekry het om mee saam te speel. Hy wou graag sy dogter aan hierdie kunsvorm blootstel en nadat sy verskeie kere deelgeneem het, en baie goed gedoen het met die klokkespel, het die koerante oor haar geskryf. Sy het met 'n stel Whitechapel-handklokke as geskenk na Die VSA teruggekeer. Haar pa het hom ernstig beywer om die “English Tower Bell Ringing” in Boston te bevorder en hy het daarin geslaag. Margaret het die handklokke ook aan genoeg mense bekendgestel om 'n tradisie te begin wat vandag nog bestaan, naamlik die Kersaandtradisie van “Carols on Beacon Hill” in Boston. Die groep wat sy begin het, was bekend as “The Beacon Hill Ringers”. Haar invloed het daartoe gelei dat meer as een groep in die VSA ontstaan het, en die stigting van die “New England Guild of Handbell Ringers” het in 1937 hieruit voortgevloei (Moore, 2000: 33).

Handklokke is in 1940 in kerke en skole bekendgestel. Dit het meegebring dat baie kerke en skole hulle eie klokke aangeskaf het. Die bekende AGEHR (“The American Guild of English Handbell Ringers”) is in 1954 gestig met Margaret Shurcliff as die gilde se eerste president (McBride & Baldwin, 2000: 3; Moore, 2000: 33).

In 1981 het Jacob Malta die aluminium-staafklokke met sukses begin vervaardig. Hy het dit vierkantig gemaak, aangesien die ronde buis addisionele botone produseer. In 1982 is die eerste staafklokke onder die handelsnaam Choirchime vervaardig. Suzuki het sedert 1985 staafklokke vir die Amerikaanse mark begin vervaardig. Die staafklokke is amper rond, maar is plat bo en onder (Van Valey & Berry, 1990f: 5).

Die gebruik van handklokke en staafklokke het nie so vinnig in skole versprei nie. Dit hang baie af van die individue wat dit aanmoedig se deursettingsvermoë. In die afgelope jare is staafklokke meer algemeen in laerskole, en handklokke veel meer in hoërskole gebruik. In sekere areas is daar ook handklokstelle wat saam deur 'n

klompie inrigtings gedeel word. Gewoonlik, na 'n paar jaar van stelle deel, koop skole hulle eie stelle aan (McBride & Baldwin, 2000: 48).

Die formele onderrig in handklokspel in Amerikaanse skole vind gewoonlik op 'n baie klein skaal plaas. Daarom geskied onderrig nie tydens skoolure nie, maar eerder voor of na skool (McBride & Baldwin, 2000: 48).

Die programme wat aangebied word, berus skynbaar eintlik op die betrokke musiekopvoeder. Dit hang dus af van hoe sterk die persoon voel oor die gebruik van klokke in die skole of kerkmusiekskole – of dit gesien word as 'n effektiewe manier om musiekopvoeding aan te bied in sulke leersituasies, en ook of dit voorsien in die behoeftes van individuele leerders (McBride & Baldwin, 2000: 48).

“The American Guild of English Handbell Ringers” (AGEHR) is 'n nie-winsgewende organisasie wat opvoedkundige materiaal aan leiers van handklok- en staafklokkore verskaf. Talle publikasies oor verskeie onderwerpe rakende die kunsvorm kan bestel word, met praktiese inligting vir klokkoorleiers oor die gebruik daarvan met sulke groepe (McBride & Baldwin, 2000: 3; Thompson, 1996: 98).

Hier volg 'n opsomming van die AGEHR se organisasiedoelstellings, asook lede-aangeleenthede, soos beskryf deur Martha Lynn Thompson (Thompson, 1996: 98,99).

Die AGEHR se doelstellings is om:

- opvoedkundige materiaal aan alle groepe beskikbaar te stel;
- konferensies vir leiers en klokgroepe regoor die wêreld te hou;
- streekskonferensies te hou om samewerking tussen leiers en groepe van die omgewing te bevorder;
- idees uit te ruil en nuwe materiaal vir publikasies te versamel; en
- ledetalle te laat groei.

Alle persone wat belangstel, kan lede van hierdie organisasie word. Almal kan deelneem in AGEHR aangeleenthede, en deel hê aan die voorregte van lidmaatskap

(Thompson 1996: 99,100). Dit beteken dat Suid-Afrikaanse opvoedingsentra ook lidmaatskap kan kry en deel word van AGEHR se wêreldwye netwerk van klokspelers.

Daar word vele geleenthede gebied om bymekaar te kom tydens konferensies, en hulpmiddels word baie bekostigbaar beskikbaar gestel aan lede. Persone wat nie lede is nie, kan ook die hulpmiddels en boeke koop, maar teen 'n hoër tarief (Thompson 1996: 99).

Elke lid kan:

- plaaslike, streeks en nasionale byeenkomste bywoon
- deur middel van 'n netwerk met ander professionele hand- of staafklok musici skakel
- die amptelike tydskrif van AGEHR, *Overtones*, ontvang
- 'n rooster ontvang van al die groot gebeure dwarsdeur die hele jaar
- 'n nuusbrief ontvang van die "member's home area"
- musiek en katalogusse ontvang van die "Handbell Industry Council members"
- stem vir bestuurslede, of benoem word vir 'n bestuurslid, asook die besigheidsvergaderings bywoon

Spelers in 'n groep waarvan die leier 'n lid van AGEHR is, mag ook dieselfde voorregte as die groepleier geniet, en kan musiek van AGEHR aankoop (Thompson, 1996: 99).

Indien staafklokke in Suid-Afrika gebruik gaan word soos voorgestel in hierdie studie, is die navorser se opinie dat dit voordelig sal wees as opvoeders by die AGEHR aansluit of as Suid-Afrika 'n verteenwoordiger by dié organisasie het. Dit moet iemand wees wat programme kan loods, sodat musiekopvoeders in Suid-Afrika spoedig meer kennis in verband met die organisering van sulke programme kan opdoen.

5.2.3 Die geskiedenis van staafklokke in Suid-Afrika

Die navorser het in 1995 in Atlanta in die VSA die eerste keer met staafklokke te doen gekry waar sy musiekopvoedingklasse in 'n musiekskool aangebied het. Volgens haar wete is daar nie vroeër staafklokke in Suid-Afrika gebruik nie. Sy het die basiese twee-oktawe stel aangekoop en 'n eenvoudige notasiestelsel uitgewerk vir die aanleer van staafklokkespel as akkoordbegeleiding. Groepe kinders het reeds vanaf 1996 in die NG

Kerk Helderberg se eredienste met die staafklokke en Orff-instrumente opgetree. Daarna is die staafklokke gebruik by verskeie kerklike byeenkomste deur kleuters, hoërskooljeug, senior burgers sowel as verstandelik gestremde volwassenes, volgens die eenvoudige numeriese notasievorm wat in hierdie studie voorgestel word.

Die Bloemfonteinse Kinderkoor, onder leiding van Huibrie Verster (2005), het in 1999 vier-oktawe staafklokke aangekoop. Me. Verster het die staafklokke by oorsese simposiums wat sy bygewoon het, gesien, en besluit om dit vir die koor aan te koop. Hulle maak gebruik van bladmusiek vir staafklokkespel wat in die VSA aangekoop is, en van die tradisionele koraalspel. Hulle speel ook verwerkings van byvoorbeeld "Stille Nag". Verder speel hulle inleidings en slotgedeeltebegeleidings by sommige liederes. Hulle maak ook gebruik van akkoordspel, soos dit aangedui word vir kitaarspel by lirieke. Die staafklokke word gereeld by hulle konserte gehoor. Dit word egter slegs deur die koor gebruik, en nie deur ander instansies nie.

5.2.4 'n Ander kloksoort wat in Suid-Afrika gebruik word

Die "Angklung" is slaginstrumente, van verskillende lengtes en diktes pype van bamboes gemaak, en is afkomstig uit Indonesië. Die instrumente word volgens die diatoniese toonleer gestem en het 'n twee-oktawe omvang. Dit stem ooreen met die buise van die staafklokke wat ook verskillende diktes en lengtes het, en ook deur 'n groep spelers as ensemble gespeel word. Daar is 'n addisionele basreeks van dertien nootstawe wat beurtelings in akkoorde gespeel word. Ongeveer drie stawe speel tegelykertyd 'n akkoord van die akkoordbegeleiding. Saam met die twee ander oktawe wat die melodie speel, is daar dus 'n melodie en 'n begeleiding. Die klank is sag en diep en korter as dié van die staafklokke.


Felicia Lesch (2005) het by die Hoërskool Dieprivier in Heathfield Angklungspel vir leerders aangebied. Waar daar in hierdie studie van 'n akkoordstelsel gebruik gemaak word, het sy 'n numeriese stelsel gebruik. Die numeriese stelsel word gebruik om die melodie eerder as die begeleiding aan te leer. Die begeleiding word met kitaardrukke aangedui. Lesch gebruik 'n negentigstuk-stel Angklung wat bestaan uit twee oktawe asook 'n basreeks van dertien stawe.

Angklung word gespeel deurdat die note van die arm af hang en met die ander hand geskud word. Twee of drie note wat saam 'n akkoord vorm, kan saam deur een leerder gespeel word.

5.3 Die meganika van staafklokke


'n Staafklok is 'n eenvoudige instrument. Dit is 'n groot, lang aluminium stemvurk wat uit 'n lang, vierkantige buis bestaan. Die verskillende lengtes en deursnee van die aluminium pyp asook die gleuf aan die voorkant van die staaf bepaal die toonhoogte van die staafklok. Hierdie gleuf word die "stemgleuf" genoem. 'n Groter, langer en wyer vierkantige staaf sal 'n laer klank voortbring as 'n kleiner, korter en smaller staaf.

Bo-op die staaf is 'n "klopper" gemonteer wat, as dit gespeel (geskud) word, teen die staaf slaan en so die klank voortbring. Waar die klopper vas is, kry ons die "buffer" wat die slaanaksie beheer en weg van die staaf laat terugbors. Bo-op die bufferblok (sien figuur 5.3) is 'n "bufferplaat" waarop die nootnaam en toonhoogte van die staafklok aangedui word. (Van Valey & Berry, 1990f: 6, 7)



Figuur 5.3 Die verskillende dele van die staafklok (Rosene, 1984: 4)

Staafklokke is 'n transponerende instrument, wat beteken dat dit 'n oktaaf hoër as die geskrewe noot klink. Daar word gepraat van “'n instrument” as gevolg van die feit dat die afsonderlike staafklokke deel vorm van die geheel wat as een instrument beskou word. Die staafklokke word vergelyk met die afsonderlike klawers van die klavier (sien figuur 5.4). Daarom het die spelers van die staafklokke 'n unieke verantwoordelikheid om sowel deel van die groter instrument as 'n onafhanklike deel van die totale ensemble te wees. Leerders kan die geleentheid gegee word om met die staafklokke te eksperimenteer en die klanke te ontdek (Van Valey & Berry, 1990f: 8, 15).



Figuur 5.4 Die staafklokname en die indeling van die oktawe staafklokke

Die staafklok se basiese twee oktawe word in 'n tas gebêre (sien foto 5.3) wat dit baie maklik hanteerbaar maak om na skole of kerke te neem, en maklik om te kontroleer wanneer dit gebêre moet word. Elke staafklok het sy eie plek waarin dit in die koffer inpas in 'n skuimvorm. Elke vorm is gemerk met die spesifieke staafkloknaam, sodat dit maklik is vir leerders om self hul staafklok op die regte plek te bêre.



Foto 5.3 Staafklokke se posisies in die spesiale tas waarin dit gebêre word (Rosene, 1984:3)

5.4 Die speeltegnieke

Daar bestaan verskeie speeltegnieke, waarvan die mees algemene speeltegnieke nou bespreek sal word by afdeling 5.4.1. Dit is ook die speeltegnieke wat die beste uitgevoer is deur die kleuters en graad 1-leerders.

5.4.1 Die basiese speeltegnieke

Die lui- of speelaksie bestaan uit drie basiese komponente: die greep, speel- en dempaksies (Berry, 2000: 97-100; Rosene, 1984: 5-9; Van Valey & Berry, 1990f: 34-39).

Die **greep** van die staafklokke en die handklokke is min of meer identies. Die hand vou net om die staaf met die duim wat weg wys van die ander vingers, min of meer soos iemand sy hand uitsteek om te groet en dan net die hand toemaak (sien foto 5.4).





Foto 5.4. Die greep waarmee 'n staafklok gespeel word (Rosene, 1984: voorblad)

Die **speelaksie**: Daar is twee verskillende benaderings van die klokke lui of speel; dit sluit handklokke en staafklokke in. Albei soorte klokke word min of meer op dieselfde manier hanteer. Die een manier is om die gewrig van die pols te knak, en die knak-aksie die hamer laat kontak maak en die hamer die klok tref. Die ander manier is om die pols reguit te hou in die sogenaamde neutrale posisie sodat die krag van die arm self die aksie voltooi (Rosene, 1984: 6).

Die tweede manier is die beter manier vir die kleiner kind wat die hele arm se krag agter die speelaksie gebruik. Dit is belangrik om met die hele voorarm te speel – gravitasie en momentum word só aangewend om 'n beter klank te produseer.

Wanneer 'n staafklok opgetel word, wys die naamplaatjie na die speler. Die hand, pols en elmboog is in lyn met die skouer. Die staaf word net onderkant die naamplaatjie en die speelhamer vasgehou. Dit word die gemaklikste so hanteer, anders kan die staaf uit 'n kleuter se hand val as gevolg van die ongelyke verdeling van gewig. Dit kan

vergelyk word met 'n lossere wipplankgevoel: Die balans is amper in die middel. As groter basstaafklokke gebruik word, kan dit deur die tweede hand op dieselfde manier vasgehou word vir ekstra stabiliteit en beheer. Die voorkeurhand word bo gehou met die twee hande net gemaklik uitmekaar. Gemak is belangrik, sonder dat die greep te styf is. 'n Stywe handdruk sal seer en moeë spiere veroorsaak wat beteken dat kleuters die staafklok nie lank sal kan hanteer nie (Berry, 2000: 97-98). Hierdie speelaksie veroorsaak 'n sirkelbeweging (sien figuur 5.5).




Figuur 5.5 Die sirkelaksie van die speelaksie (Berry, 2000: 98)

Die **dempaksie**: Daar is verskeie tegnieke om die klank te demp nadat 'n noot gespeel is. Vir die doeleindes van hierdie studie word net enkele voorbeelde bespreek. Vanweë die klank wat so lank "voortsing", of vibreer, moet die klank van die staafklokke soms uitgedoof word. Ander kere moet die klank net natuurlik uitsterf en nie deur die speler uitgedoof word nie. Laasgenoemde word "LV" genoem wat 'n afkorting is vir "let vibrate" of "laat vibreer" (Van Valey & Berry, 1990f: 37).

Nog 'n tegniek is om die klank te laat aanhou vibreer totdat die klank uitgedoof moet word omdat die harmonie verander. Dit staan bekend as "LVUHC": "let vibrate until


harmony changes” of “laat vibreer totdat harmonie verander” (Van Valey & Berry, 1990f: 37).

Die demptegnieke kan ook op verskillende maniere uitgevoer word. Die eerste manier is om die elmboog op te lig en die punt van die buis teen die skouer te druk (sien figuur 5.6). Met dempmetode (1) raak beide punte van die stemvurk die skouer om die klank heeltemal uit te doof (Van Valey & Berry, 1990f: 36).




Figuur 5.6 Dempmetode (1) (Van Valey & Berry, 1990f: 36)

Met dempmetode (2) word die gewrig ingedraai sodat die staafklok op sy kant teen die skouer druk en albei punte van die stemvurk nog steeds die skouer raak (sien figuur 5.7) (Van Valey & Berry, 1990f: 36).



Figuur 5.7 Dempmetode (2) (Van Valey & Berry, 1990f: 36)

Dempmetode (3) is die beste vir beginners en kleuters: Die klank word met die een hand gedemp deur die onderkant van die staafklok op die hand wat nie speel nie se handpalm neer te sit (sien figuur 5.8) (Van Valey & Berry, 1990f: 37).



Figuur 5.8 Dempmetode (3) (Van Valey & Berry, 1990f: 37)

Die kuns van die demp van klank is om te weet wanneer om te demp. Die beste resultate vir legato spel is om aan die einde van die nootwaarde te demp wanneer die ander noot al speel. Te vroeë demp veroorsaak staccato spel, terwyl te laat demp 'n oormekaarvloei van note veroorsaak. Dit kan beskryf word as die note wat oor die ander "smeer" en het wanklanke tot gevolg. 'n Doeltreffende demptechniek is aanvanklik moeilik vir kleuters, soos in die lesse gesien kan word. Aan die begin word heelwat aandag aan hierdie vaardigheid in oefeninge gegee.

5.4.2 Gevorderde speeltegnieke


Komponiste en musiekopvoeders kan vandag uit 'n verskeidenheid speeltegnieke kies om kleur en afwisseling aan staafklokmusiek te gee. Dieselfde geld vir die klokkefamilie oor die algemeen. Beginner staafkloksespelers moet eers die basiese speeltegnieke goed baasraak voordat meer tegnieke aangeleer kan word, terwyl gevorderde spelers kan eksperimenteer en só ontdek watter ander tegnieke hulle kan bemeester (Van Valey & Berry, 1990f: 82-88). Die klappers moet egter uiters versigtig hanteer word. So ook moet die staafklok nie op die grond val nie – dit kan kraak en moet dan deur 'n nuwe vervang word.

Volgens McBride en Baldwin (2000: 41) word die klankkomponent van klokke in drie dele verdeel, naamlik die begin van 'n noot of "attack", die duur van 'n noot of stasionêre toestand ("steady state"), en die wegsterf van 'n noot of "decay".

Sekere tegnieke is van toepassing op die begin van die noot wanneer die klopper die staafklok slaan; ander is vir die duur van die klanktoon, dus hoe lank dit gehoor word; en ander tegnieke het te doen met die afeindiging van die normale toon.


In die VSA word staafklokke deur groepe leerders gespeel wat meestal meer as een klok op 'n slag hanteer. Leerders staan agter spesiale tafels, met sagte sponsbedekkings om stampe uit te skakel, met hulle klokke voor hulle. Die digtheid van die sponsblad beïnvloed die klank van die staafklok met die speel van die tafelbladtegniek wanneer die staafklok op die spons slaan. Hoe sagter die spons, as gevolg van meer lug, hoe sagter is die klank (McBride & Baldwin, 2000: 41).

Die tegnieke word met simbole op die bladmusiek aangebring (sien die benamings hieronder). Hierdie name sal behou word, met die vertalings daarby, met die oog op die standaardisering van die terminologie van die tegnieke (Berry, 2000: 68-75; Thompson 1996: 74-76). Hier volg 'n lys van die algemeenste tegnieke wat gebruik word:

- *Ring (R)* – Speel: Dit dui op gewone spel. Dit word soms gebruik nadat ander tegnieke voorgeskryf is, en normale spel weer verlang word.
- *Damp (D)* – Demp: Demp die klank teen die skouer, of met die ander hand indien net een staafklok gespeel word. Thompson (1996: 74) gee die volgende simbool daarvoor aan: 
- *Thumb Damp (TD)* – Duimdemp: Demp die klank met die duim of voorvinger, soos reeds genoem.
- *Pluck (PL)* – Pluk: Dit word gedoen deur die klapper met die hand op te klap, sodat dit self terugval en 'n sagter, korter klank maak as met die gewone speeltegniek.
- *Let Vibrate (LV)* – Laat vibreer: Laat die klok toe om aan te hou "sing", ongeag die duur van die nootwaarde of rusteken wat volg.

- *Shake (SK)* – Skud: Die staafklok word aanhoudend geskud. Dit beteken ononderbroke skud vir die volle nootwaarde en word soos volg aangedui:



- *Swing (SW)* – Swaai:  Nadat die klok op die normale manier gespeel is, word dit na die kant van die lyf geswaai waar die arm is. Die staafklok wys na onder en word weer dadelik opgelig.
- *Mallet* - Slaanstok: 'n Spesiale slaanstok word gebruik wat die timbre wat verlang word, produseer. Dit word met 'n plusteken (+) aangedui. Die plusteken met 'n kolletjie onder beteken dat die klok op die tafel-met-spons rus. Dit word gespeel met die slaanstok naby die trefpunt van die klopper. Die navorser het gevind dat die staafklokke 'n beter klank produseer indien dit in die een hand gehou word, met die klopper wat na onder wys in plaas van na bo. Dus word die staafklok onderstebo vasgehou. Dit word dan met 'n slaanstok aan die voorkant gespeel.
- *Martellato (V)* – Hamer: Dit beteken dat die staafklok se punt saggies op die opgestopte tafel geslaan word. Die klok word dan opgelig sodat die klank kan aanhou. Dit produseer 'n baie dramatiese klank. Let asseblief daarop dat slegs ervare spelers hierdie tegniek kan gebruik, aangesien die staafklokke maklik beskadig kan word indien die tegniek nie korrek uitgevoer word nie.

5.5 Die funksies van die gebruik van staafklokke in musiekopvoeding

Hier volg 'n lys van die funksies en voordele wat die gebruik van staafklokke kan hê in die voorgestelde verband soos deur die navorser saamgestel uit verskeie bronne (McBride & Baldwin, 2000: 1; Moore, 2000: 75; Rosene, 1984: 2; Thompson 1996: 11; Van Valey & Berry, 2000f: 82):

- Spel op staafklokke is maklik en genotvol. Dit is lekker vir leerders om hierdie instrument te speel, aangesien suksesbeleving so maklik verkry word. As leerders eers 'n demonstrasie van die "lui-aksie" of speelaksie sien, kan hulle dit gewoonlik binne twintig minute met die leiding van die opvoeder baasraak: "Build confidence by achieving an immediate musical sound" (Van Valey & Berry, 2000f). Hulle speel dan van gehoor af.

- Dit is ideaal vir 'n groep, dus word 'n gevoel vir ensemblespel ontwikkel. Dit het met ander woorde sosiale waarde. Dit word nie as 'n individuele instrument gespeel nie, aangesien dit soos 'n klawerbord funksioneer. Die enkelnote saam vorm deel van die klawerbord, wat nodig is om akkoorde of melodieë te speel. Elke speler in die groep is dus verantwoordelik vir die gesamentlike eindproduk, wat interafhanklikheid aanmoedig. Interafhanklikheid is 'n eienskap wat in vandag se individualistiese wêreld baie min aangemoedig word. Daarom het dit groot waarde om op so 'n sosiale en ontspanne manier te leer om saam met ander te werk om 'n bevredigende musikale produk te skep. Veral voorskoolse kinders kan hierby baat vind. Baie leerders word ná positiewe ervarings met slaginstrumente soos staafklokke aangemoedig om later instrumente van die klassieke orkes te begin speel. Dit gaan hier oor die proses van samespel en nie soseer net oor 'n foutlose optrede nie. Dit is 'n bonus as die kinders daarin slaag om só goed te konsentreer dat hulle so min moontlik foute maak.
- Staafklokke is 'n duursame instrument. Met hardhandige hantering sou die hamer van die klokke kon afbreek, en die staafklok sou kon breek indien dit op 'n harde oppervlak laat val word. Dit is egter onwaarskynlik. Die onderhoud daarvan is ook baie maklik. Klokke hoef net met 'n skoon natlappie, of soms 'n seeplappie, afgevee te word.
- Mense van alle ouderdomme kan dit geniet om die klokke te speel: van kleuters tot senior burgers. Musiekopvoeders hou daarvan om met hierdie instrumente te werk, aangesien dit soveel genot aan die deelnemers verskaf.
- Die minimum instruksie is nodig om dit te bespeel. 'n Liefde vir musiek word meestal ontwikkel asook 'n behoefte om met ander instrumente te eksperimenteer.
- Alhoewel 'n goeie musiekagtergrond altyd help in die musiekopvoeding, is dit nie 'n voorvereiste vir suksesvolle spel nie.
- Die minimum opleiding vir opvoeders of musiekopvoeders is nodig, ook vir die aanbidding daarvan.
- Die belangstelling in musiek groei soos leerders se vaardigheid met die speel van die staafklokke toeneem. Leerders se belangstelling om ander instrumente te bespeel word gestimuleer. Genoegsame blootstelling aan die staafklokke dra veral by hiertoe. Die entoesiasme van die onderwyser speel ook hier 'n groot rol.

- Die klanke is altyd suiwer: Staafklokke is fyn gestem, met 'n briljante kwaliteit klank wat eie is aan hierdie klokke.
- Aandag word ook maklik gefokus, vanweë die besondere klank en genot wat geput word uit die speel van die staafklokke.
- Dit het 'n universele aantrekkingskrag. Al sou leerders uit verskillende sosio-ekonomiese vlakke kom, kan leerders uit alle bevolkings dit saam doen.
- Dit is aanpasbaar in verskillende omgewings, waarvan die kerk- en skoolomgewing in die studie behandel word. Groot lokale is ook nie 'n vereiste vir suksesvolle spel nie.
- Die speel van staafklokke, soos hier voorgestel, bevorder goeie gehoor omdat daar baie vanaf gehoor gewerk word alvorens notasie bygevoeg word.
- Dit ontwikkel die gevoel vir harmonie, aangesien die harmonieë saam met die melodieë gespeel word.
- Begrip van toonhoogte word bevorder deur drie oktawe wat elkeen verskillend klink, te gebruik. Dit help leerders om 'n begrip vir die klawerbord te ontwikkel.
- Begrip van toonaarde en die funksie van die swart note kan gedemonstreer word met die speel van C majeur, G majeur, en dan D majeur. Die leerders ervaar die andersheid van elke toonaard en leer só musiekteorie ken.
- Dit ontwikkel musikaliteit. Leerders jonger as nege jaar wat in die fase is waar musiekontwikkeling veral plaasvind se musikaliteit word ontwikkel deur hulle blootstelling aan die verskeie speeltegnieke.
- Kennis van musiekelemente word opgedoen deur die speel van staafklokke.
- Dit is ook toeganklik vir mense met gestremdhede, aangesien dit eenvoudig en maklik hanteerbaar is.
- Musiekleerders met 'n hoë musikale begaafdheid kan vroeg ontdek word deur die speel van staafklokke, en verantwoordelike en moeiliker staafklokwerk kan vir hulle gegee word.
- Dit is vir kinder maklik om dit te hanteer. 'n Tweede hand kan bygesit word indien die klokke te groot en lomp of swaar is.
- Dit is maklik om in die tasse te vervoer. Vanweë die feit dat elke staafklok sy eie spasie in die tas het, met sy naam in die spasie, is dit maklik om kontrole uit te oefen oor die uitdeel en opneem van die instrumente.

- Dit blyk lewensvatbaar te wees vir Suid-Afrikaanse gebruik as gevolg van die feit dat dit so 'n veeldoelige stel instrumente is: vir oud en jonk, beginners en gevorderde spelers. Die gebruik deur senior burgers is 'n voorbeeld van lewenslange leer en dus ook een van die groot pluspunte vir die gebruik daarvan.
- Die strewe van musiekopvoeders om aan *alle* leerders die geleentheid te gee om musiekgeletterd te wees, is haalbaar deur die blootstelling aan die staafklokke, aangesien meer minderbevoorregte leerders die geleentheid kan kry om instrumente te speel deur die beplande gebruik van dieselfde stelle staafklokke.

5.6 Didaktiese strategieë vir die aanleer van akkoordpatrone

Om leerders te help om die staafklokke suksesvol in groepsverband te speel, moet hulle eers individueel die tegniek van speel en demp aanleer. Daarna kan hulle saam met die groep speel. Vanweë die feit dat die staafklokke, soos die klawers op 'n klavier, saam gespeel moet word, is die strategieë van samespel in die leerproses 'n groot taak. Dus is die begin van die noot (*attack*), die duur van die noot (*steady state*), en die wegsterf van die noot (*decay*) (sien afdeling 5.4.2) van groot belang vir akkoordpatrone in akkurate ensemblespel. Leerders verskil in hulle *manier* van leer, asook die *tempo* waarteen hulle musikale handeling bemeester. Spesifieke aktiwiteite word gebruik vir die vaslegging van konsepte sodat die leerders die speeltegnieke kan bemeester. Dit bevorder die groep se kennis van die prosedures vir goeie ensemblespel. Hoe meer ervaring spelers kry in staafklokkespel, hoe meer sal leerders vorder sodat moeiliker musiek aangeleer kan word. (McBride & Baldwin, 2000: 7).

Volgens McBride en Baldwin (2000: 7-8) moet daar in die beplanning van die progressie van staafklokkespel oor die algemeen eers lang- en korttermyn doelstellings opgestel word:

5.6.1 Langtermyn doelstellings

- Die musiekelemente ritme, melodie, harmonie, tempo, vorm, en ook ekspressiewe elemente moet in die spel sigbaar wees.
- Die gebruik van die gepaste speeltegniek om akkurate klank voort te bring, moet gedemonstreer word.
- Gepaste ensemblespel moet gedemonstreer word.

- Musiek van 'n verskeidenheid kulture, genres en style moet gespeel kan word.
- Staafklokkespel moet 'n deel vorm van die algehele musikale ontwikkeling van die kind, op pad na musiekgeletterdheid.

Daar sou bygevoeg kon word:

- Staafklokkespel moet 'n bydrae lewer in aanbidding en lofprijsing van kinders in en buite die kerk.

Daar is verskeie vlakke van staafklok- of handklokspel (McBride & Baldwin, 2000: 7):

Vlak I (Beginner): Speel opeenvolgende toonhoogtes in die pentatoniese toonleer, met sang en beluistering van musiek. Hieronder val ostinato- en bordunpatrone.

Vlak II (Gevorderde beginner): Speel akkoordbegeleidings met 'n vaste polsslag en stabiele tempo met beluistering of terwyl ander sing, byvoorbeeld saam met die lied "Genade, onbeskryflik groot" soos dit in hierdie studie by Les 3 gedoen word.

Vlak III (Intermediêr): Speel die melodie van liedere ritmies met sterk en swak polsslae terwyl die speeltegnieke verander. Hierdie vlak vra gevorderde musikale spel.

Vlak IV (Mediêr), **Vlak V** (Gevorderd) en **Vlak VI** (Meesters) word nie in hierdie studie bespreek nie, aangesien dit nie van toepassing is nie.

In hierdie studie word die eerste twee vlakke omgeruil. As gevolg van die maklike suksesbeleving van die akkoordpatrone in groepspeel, word daar eers gefokus op akkoordspel (Vlak II) voordat enkelnootpatrone aangeleer word (Vlak I). Die probleem met die ostinato- en bordunpatrone in Vlak I is dat die leerders, afgesien van die speel van die regte noot, byvoorbeeld in 'n enkelnootpatroon wat progressief ooploop, ook nog moet konsentreer om alleen in tyd te speel. Indien die hele groep dit saam speel, kan die musiekopvoeder met die hand vir hulle wys presies wanneer hulle moet speel. Ook word musiek so gekies dat dit in die vroeë stadium van spel meestal lang note (heelnote) is: Die klank sterf weg sodat dit nie gedemp hoef te word nie, en die speel van die volgende noot is dus nie steurend nie en bots nie met die aanvanklike noot nie. Die kinders voel veilig in 'n groter groep, en as hulle die klank van die ander in hulle spesifieke groep hoor, dan help dit hulle om ook op die regte tydstip te speel. Teen die tyd dat hulle wel ostinato- en bordunpatrone moet speel, het hulle al die tegniek van die basiese speelaksie bemeester, en kan die dempaksie ook makliker aangeleer word.

5.6.2 Korttermyn doelstellings

McBride en Baldwin (2000: 7-8) gee die korttermyn doelstellings as volg aan:

Vlak I

- Skep 'n ontspanne atmosfeer waarin musiek geniet kan word.
- Oefen die gelyke polsslag.
- Stel die staafklokke bekend.
- Leer die basiese woordeskat aan.
- Demonstreer die speeltegniek van die staafklokke.
- Doen voorbereide oefeninge met en sonder instrumente.
- Laat kleuters die staafklokke hanteer.
- Oefen beurtspel.
- Klokkespel neem die vorm van akkoordbegeleidings aan.
- Behou die aandag deur interessante hulpmiddels soos speletjies, ander instrumente en CD's met melodieë in die gepaste moeilikheidsgraad te gebruik.
- Leer kwart- en agstenote aan.
- Leer die volgende konsepte aan: hoog en laag, lank en kort, vinnig en stadig.

Vlak II

- Speel meer gevorderde akkoordpatrone.
- Verbeter ensemblespel.
- Oefen pentatoniese toonleer patrone en memoriseer dit. Dit kan dien as begeleidings of as melodiese patrone.
- Maak bordunpatrone vir begeleidings en memoriseer dit. Speel die patrone saam met sang en/of ander instrumente.
- Leer meer staafklokspeeltegnieke aan.
- Leer meer musiekelemente ken: akkoorde, harmonie, ritme, melodie, styl, vorm en die konsep "ekspressie".
- Leer die nootwaardes aan: halfnoot, heelnoot en hulle rustekens.
- Improviseer eie klanke wat by musiekstories pas.

Vlak III

- Speel meer gevorderde akkoordpatrone en sing saam. Meer as een musikale handeling word dus gelyktydig vereis.
- Notasie: leer nootname op die notebalk ken.
- Kennis van basiese akkoorde behoort leerders nou in staat te stel om te oudieer.
- Meng die twee vaardighede naamlik akkoordspel op 'n vaste polsslag en die speel van 'n melodie, deur ander instrumente soos die metallofoon, metallofoon monostawe, glockenspiel, of ritmiese slaginstrumente saam met die staafklokke te gebruik.

As gevolg van die eenvoudige harmoniese struktuur van die lied “Genade, onbeskryflik groot” (sien bylaes 10.1 en 10.2) is dit ideaal om die akkoordbegeleiding vir die leerders aan te leer. Dit is wel gedoen in Les 4 soos in afdeling 6.3.3 uiteengesit.

5.6.3 Strategieë vir basiese akkoordspel

Die maklikste vorm van staafklokkespel is om in akkoorde te speel. Die musikale bevrediging, en dus suksesbelewenis, is 'n haalbare doel. As die omgewing waarin leer plaasvind, aanmoedigend en stimulerend is, behaal die leerders die doelstellings nog makliker.

Hier wil die navorser graag die volgende doelstellings bereik:

- Verbetering in die speeltegnieke van die staafklokke. Elke keer wanneer die leerders die staafklokke hanteer, verbeter hulle hantering daarvan.
- Verbetering van ensemblespel. Deurdat die leerders saam gegroep word in die basiese akkoordgroepe, met kleurserpe of kleurarmbande aan, raak hulle gewoond daaraan om saam met die ander maats te speel. 'n Spesifieke kleur kan vir elke groep gebruik word (byvoorbeeld rooi vir groep 1, blou vir groep 5 en geel vir groep 4) saam met die groepnommers op 'n kleurkaart soos in figuur 5.9 aangetoon. Nog iets wat die leerders met ensemblespel behoort te help, is as 'n hulpopvoeder met 'n stokkie wys waar hulle moet speel: veral aan die begin wanneer die leerders nog nie die metode van notasie en spel ken nie.



Figuur 5.9 Die gebruik van kleurkaarte as 'n hulpmiddel vir ensemblespel

- Verbetering van die speel van die vaste polsslag en 'n beter gevoel vir ritme. Leerders leer om die polsslag te antisipeer deur met die ander leerders van daardie groep te sinkroniseer om 'n helder, suiwer akkoord op die polsslag te produseer.
- Om harmonie sensories te ervaar, te hoor hoe dit klink.
- Leer om die “dirigent” te volg. Hulle leer dus om op aanwysings vir ensemblespel te reageer.
- Leer oudieer, deur 'n begrip vir harmonie met die akkoordspel te vorm.

Hier volg nou agt stappe om akkoordpatrone aan te leer. Die eerste sewe stappe is in die ses-weke-program met die kleuters van die NGK Helderberg en graad 1-leerders van die Laerskool Sir Lowryspas uitgetoets en in hoofstuk 6 bespreek.

Stap 1: voorbereidende oefening

Twee stokkies word aan elke leerder gegee. Die een stokkie word op dieselfde hoogte as die elmboog dwars voor hulle met die een hand vasgehou. Die ander stokkie word met die dominante hand (skryfhand) vasgehou terwyl dit reguit na voor wys. Die dominante hand maak nou 'n sirkelbeweging, soos die staafklok se speelaksie, sodat die reguit stokkie die dwars een raakslaan, asof dit die staafklok is wat speel. Die opvoeder lei die leerders met die volgende woorde wat tydens staafklokkespel gebruik word: “Gereed” – almal lig hulle arms op en hou die stokkie in die dominante hand sodat sy punt effens skuins na bo wys; “En speel” – die aksie word dan geoefen. Sien foto 5.5.



Foto 5.5 Stap 1 – voorbereidende oefening vir staafklokkespel

Die leerders oefen nou hierdie aksie saam met vierslagmaatmusiek. ('n CD kan gebruik word.) Daardeur word die vaste polsslag geoefen, sowel as die saamspeel van die groep wat die begin van ensemblespel is. Daarna word die stokkies op die vloer neergesit.

Stap 2: die oefen van die “gereed...en speel”-aksie op die staafklokke

Die “C E G”-staafklokke word uitgedeel. Die “gereed...en speel”-aksie word nou geoefen terwyl die leerders saam sê wat hulle doen. Dit word herhaal totdat die leerders dit as 'n groep saam kan doen.

'n Liedjie of net 'n melodie kan op die tonika-solfa *mi, so en la* saam met die “G B D”-begeleiding geïmproviseer word. 'n Voorbeeld hiervan is die “Kieliebak”-liedjie (sien figuur 5.10).

Kieliebak

F. Ludik

Kie - lie - bak, kie - lie - bak, kie - lie, kie - lie - bak

5
kie - lie - bak, kie - lie - bak, kie - lie, kie - lie - bak

Figuur 5.10 Die “Kieliebak”-liedjie

Die “Alleluia”-kanon (McBride & Baldwin, 2000: 12) is nog 'n voorbeeld van 'n enkelakkoordbegeleiding saam met 'n melodie. Hier is die akkoord “C E G” soos in figuur 5.11 geïllustreer.

I
C

II
C

C

Al - le - lu - ia Al - le - lu - ia Voi - ces sing - ing,

C

C

C

C

Al - le - lu - ia Al - le - lu - ia Al - le - lu - ia.

Alto Xylophone

Alto Metallophone

Bass Xylophone

Figuur 5.11 Die “Alleluia”-kanon (McBride & Baldwin, 2000: 12)

Nog 'n goeie voorbeeld van enkelakkoordbegeleiding is die Engelse volkswysie “Row your boat” (sien figuur 5.12). Hier word die “F A C”-akkoord gebruik op elke eerste pols van die saamgestelde tweeslagmaat-liedjie.

Row your boat

Row, row, row your boat, gent - ly down the stream. _____

5
Mer - ri - ly, mer - ri - ly, mer - ri - ly, mer - ri - ly, life is but a dream.

Figuur 5.12 Die Engelse volkswysie “Row your boat” (Heyge en Sillick 1995b: 106)

Stap 3: voorbereiding vir die tweede akkoord

Voordat die twee groepe se staafklokke uitgedeel word, word die voorbereidende oefening vir die beurtspel eers geoefen. Die leerders gaan sit in twee groepe op die mat met 'n paadjie tussen die twee groepe. 'n Bol tou word tussen die groepe deur gerol en agter deur iemand styfgetrek sodat die twee groepe duidelik onderskeibaar is. Die eerste groep word Groep 1 genoem en die tweede een Groep 5. Hulle doen die oefening deur eers hulle hande te klap.

Groep 1 klap: 1 2 --- --- (rus op 3 en 4)

Groep 5 klap: --- --- 3 4 (rus op 1 en 2)

Albei leerders ontvang stokkies, waarna hulle die oefening met die stokkies herhaal. Die stokkies word weer ingeneem.

Stap 4: die aanleer van die dempaksie

Die staafklokke word uitgedeel sodat die dempaksie aangeleer kan word. Die bevel “en speel...en demp” word gebruik. Die dempaksie word uitgevoer deur die onderkant van die staafklokpunt met die ander hand te raak.

Groep 1 speel: F en A speel (saam) en demp

Groep 5 speel: G en C speel (saam) en demp

Improviseer 'n liedjie, met die gebruik van hoofsaaklik *me* en *so*, of speel die patroon op 'n blokfluit. Die voorbeeld kan by temas soos kerktyd, badtyd en speelyd aangepas word. In dié geval is die liedjie “Dis weer Kersfees” as deel van die tema Kerstyd gebruik (sien figuur 5.13). Die opvoeder sing die liedjie. Die leerders kan spontaan saamsing, hoewel dit veral aan die begin moeilik is om op meer as een musikale handeling te konsentreer. In hierdie geval wou ook die leerders wat nie speel nie eerder luister en kyk as saamsing. Na maande se oefening met die staafklokke vind spontane samesang makliker plaas.

Dis weer Kersfees

F. Ludik

The musical score is written in 4/4 time on a single treble clef staff. The melody consists of quarter and eighth notes. The lyrics are in Afrikaans and are aligned with the notes below the staff.

Dis weer Kers - fees kin - ders, Je - sus het ge - kom.

5
Hy is on - se Ko - ning, kom nou saam na Hom.

Figuur 5.13 “Dis weer Kersfees”-melodie

Stap 5: die speel van multi-akkoordbegeleidings

Die leerders kan nou 'n begeleiding speel wat uit twee akkoorde bestaan. Baie kindermusiek bevat net twee-akkoordbegeleidings. Die navorser het vir hierdie studie 'n kort liedjie, “Loof, loof die Here, kindertjies”, geskryf met die eerste en vyfde akkoord (sien figuur 5.14).

Groep 1 speel: F A C

Groep 5 speel: C E G

Loof, loof die Here, kindertjies

F. Ludik

Loof, loof die He - re, kin - der-tjies. Loof, loof die He - re, kin - der-tjies.

5
Hy het vir ons so bai - e lief, daar - om sing en bid ons el - ke dag.

Figuur 5.14 "Loof, loof die Here"-melodie met 'n twee-akkoordbegeleiding

Tot dusver is die opdrag om te speel aan hulle gegee deur een van drie didaktiese strategieë, naamlik deur gebruik te maak van gebare, visuele simbole en nommers.

Gebare: Die leerders met die staafklokke van een spesifieke akkoord staan bymekaar. Wanneer die opvoeder vir hulle met 'n handgebaar wys, speel hulle almal saam.

Visuele simbole: Sekere simbole, vorms of kleure kan op 'n kaart gebruik word. Wanneer die opvoeder op die simbool, vorm of kleur druk, speel daardie spesifieke groep. Voorbeelde van sulke vorms kan gevind word in Rosene (1984: 55) se *Making music with choirchime instruments* (sien ook bylae 12.1 tot 12.3). Dit is egter geskryf vir 'n enkel melodielyn vir slegs een staafklok, en nie vir 'n akkoord soos in hierdie studie nie.

Nommers: Elke akkoord kry 'n nommer. Daar is twee kaarte: Een kaart bevat die nommer soos dit voorkom in die lied wat gespeel word. Die ander kaart bevat die nommers wat gebruik word en watter staafklok by watter nommer pas. Hierdie studie maak veral gebruik van hierdie manier, aangesien dit in die praktyk met jonger leerders suksesvol aangebied kan word. Dit is maklik om na 'n twee jaar siklus die nummering te verander na Romeinse letters, soos deur Van Valey en Berry (1990f: 84) voorgestel word.

Die navorser het hierdie strategie van akkoordpatrone al sedert 1996 met kleuters, laerskoolleerders, mense met gestremdhede sowel as met senior burgers gebruik.

Stap 6: die bekendstelling van flitskaarte met die nommer-notasievorm

Staafklokke word aan Groep 1 en Groep 5 uitgedeel. Die opvoeder het een kaart met die nommer 1 daarop en nog 'n kaart met die nommer 5. Wanneer die opvoeder 'n spesifieke kaart omhoog hou, speel die leerders daardie akkoord op die vaste polsslag.

Groep 1: F A C

Groep 5: C E G


Nou wys die opvoeder flitskaarte met patrone soos in figuur 5.15:



Figuur 5.15 Flitskaarte langs mekaar met die nommer-notasievorm

Die leerlinge oefen eers die een frase totdat hulle dit bemeester het, en dan die volgende frase. Daarna word die twee frases direk na mekaar gespeel. Die opvoeder speel die liedjie "Loof, loof die Here, kindertjies" saam op die blokfluit. Gee ook aan die ander kinders in die groepe 'n kans om te speel. Met die herhalings leer die leerders die musiek en speeltegniek beter ken en meer leerders kry beurte. Een stokkie word aan die leerders gegee wat nie 'n staafklok het nie (en nie twee soos voorheen nie) om die speeltegniek te oefen. Beurtspeel word ook hierdeur geoefen sodat elke leerder later presies weet wanneer dit sy/haar groep se beurt is om te speel.

Die twee flitskaarte met nommers word nou onder mekaar geplaas (sien figuur 5.16). Dit is die vorm wat hierdie metode van staafklokkespel uiteindelik aanneem. Liedere wat meer frases het, word onder mekaar neergeskryf.



Figuur 5.16 Flitskaarte met nommers onder mekaar geplaas

Stap 7: die bekendstelling van Groep 4


Groep 4 word bekendgestel sodat begeleidings met drie akkoorde gespeel kan word. Mineurakkoorde kan ook gebruik word.

Groep 4: B-mol D F

Vorbereidende oefening: Laat al die F's van Groep 1 opstaan en langs die B-mol en die D staan, aan die kant van Groep 1 sodat F dan saam met Groep 1 en 4 speel. So ook sal C van groep 1 ook tussen Groep 1 en Groep 5 staan omdat C saam met beide groepe speel.


Die rooi groep stel Groep 1 voor wat F A C speel. Die blou groep stel Groep 5 voor wat C E G speel. Die groen groep stel Groep 4 voor wat Bmol D F speel. Dus is daar 'n oorvleueling tussen die groepe. F van Groep 1 speel ook saam met Groep 4. C van Groep 1 speel ook saam met Groep 5. skematiese notasie voorstelling (sien figuur 5.17). Daar moet genoeg tyd gegee word sodat elke groep hulle akkoord kan speel vooraf om te hoor of dit reg klink, dus of almal verstaan wanneer hulle moet speel.

Groep 4:	Groep 1:	Groep 5:
Bmol D F	F A C	C E G




Figuur 5.17 'n Skematiese voorstelling van die staanposisies van die drie verskillende groepe (1, 4 en 5) om die oorvleueling van die groepe voor te stel

'n Voorbeeld van die nommer-notasievorm vir die voorbereidende oefening om Groep 4 bekend te stel, word in figuur 5.18 gegee.



Figuur 5.18 Die nommer-notasievorm vir die bekendstelling van Groep 4

Wanneer die leerders die progressie in figuur 5.18 bemeester het, kan hulle aangaan na die liedjie “Genade, onbeskryflik groot” se akkoordprogressie (sien figuur 5.19 en bylae 10.3). Nou kan die leerders die hele kaart verstaan waarop hierdie metode van speel gebaseer is. 'n Variasie van die eenvoudige notasievorm is te sien by bylae 10.1. Die blokke stel 'n volle maat voor, wat dit maklik maak vir die leerders om die vaste polsslag waar te neem.



Figuur 5.19 “Genade, onbeskryflik groot” se akkoordprogressie

Hierdie notasievorm kan aangepas word met die kleure van die serpe wat ooreenstem met die kleur van die nommers. 'n Voorbeeld van hierdie gekleurde notasievorm is te sien in bylae 10.2, van die lied “Kom kinders besing”. Dit trek soms egter meer die

aandag weg van die akkoorde as wat dit 'n hulp is vir oudiasie. Daarom word die gekleurde notasievorm nie gebruik nie.

Stap 8: meer akkoorde en ingewikkelder speeltegnieke

Die leerders het reeds die tonika-, subdominant- en dominantakkoord in begeleidings gebruik. Die supertonika- en submediantakkoord kan volgende ge oefen word. Slegs een nuwe akkoord word op 'n slag behandel. Wanneer die leerders die akkoordbegeleidings verstaan, hoef hulle nie meer kleure met die akkoorde te verbind nie – die gebruik van nommers is genoeg. Daarom word die kaarte voortaan met 'n swart koki-pen geskryf.

Die Kersliedjie “Al was ek nie daar nie” kan as voorbeeld gebruik word, aangesien die supertonika-akkoord daarin voorkom. Daar is ook 'n ander verskynsel waarmee die leerders nog nie te doen gehad het nie, naamlik korter akkoorde wat veroorsaak dat die akkoordbegeleiding 'n ander ritme as die vaste polsslag op die sterk pols het. Genoeg tyd moet spandeer word aan die bekendstelling van die nuwe akkoord, sowel as die verkorte akkoord, met die gepaardgaande dempaksie. Hierdie Kersliedjie se akkoordprogressie word in figuur 5.20 weergegee.

1	1	1	2
5	1	2	5
1	1	1	2
5	1	2	5 1

Figuur 5.20 “Al was ek nie daar nie” se akkoordprogressie

Die patroon **2 5 1** word met die ritme 1 2 3 1 2 3 gespeel en moet ge oefen word totdat die leerders dit bemeester het. Die opvoeder wys watter groep moet speel deur met 'n stokkie op die nommers te druk.

Heelwat kontemporêre musiek bevat mineurakkoorde in 'n majeurlied. Dit sluit ook gosspeeliedere in. 'n Voorbeeld hiervan is “Somerkersfees” deur Koos du Plessis

waarvan die supertonika- (akkoord 2) en submediantakkoord (akkoord 6) mineurakkoorde is. In bylae 11.1 word die note op die notebalk gegee soos dit fisies gespeel word. Bylae 11.2 is die vereenvoudigde notasievorm wat aan die leerders gegee is. Oudiasie geskied makliker met hierdie notasievorm, aangesien dit aanvanklik makliker gememoriseer kan word.

Nog ander notasievorms wat gebruik is deur die navorser is die kersliedjie “Engelkore” (met orrel en staafklokke) wat vir die Tygerbergse Kinderkoor gekomponeer is (sien bylae 11.3). Bylae 11.4 bevat nog 'n Kersliedjie, “Kersfeesklokke”, wat deur die Verenigde Gereformeerde Kerk gesing word, wat deur die navorser genoteer is, en verwerk is vir die Tygerbergse Kinderkoor. Die navorser het die drie bogenoemde liedere aan die staafklokkespelers van die Tygerbergse Kinderkoor aangeleer en haar staafklokke is ook gebruik in die Kerskonserte 2004 in die Endler se auditorium in Stellenbosch. Die eenvoudige notasievorm maak dit makliker as meer musiek sonder bladmusiek gememoriseer en dus oudieer moet word met uitvoerings. Die opname van die uitvoering is op die DVD ingesluit by die studie (sien bylae 17).

Daar is vier belangrike uitkomstes by die multi-akkoord begeleidingspatrone wat die gevolg is van staafklokkespel:

- Die oog-hand-koördinasie verbeter voortdurend met die speel van die staafklokke.
- Die geheue word verbeter deurdat die leerders die akkoordpatrone van die liedere onthou. Later leer hulle oudieer as hulle gevra word om dit weer te gee.
- Gehooropleiding word ondersteun deur oudiasie, die vermoë om die klank te hoor sonder dat dit fisies teenwoordig is, uit vorige ervarings van die klank. Leerders moet 'n begrip hê van die akkoordpatrone om hulle in staat te stel om die akkoordbegeleidings sonder notasie te speel.
- Kennis van eenvoudige harmonieë verbreed met die oefening daarvan.

5.6.4 Willekeurige spel (*Random ringing*)

Sodra leerders met die basiese akkoordspel vertrou is, kan hulle verder uitbrei na ander speltegnieke en -gebruike. Die staafklokke word nog gebruik vir begeleidings van eenvoudige of pentatoniese liedere. Hierdie oefeninge sal op Vlak II gedoen word, dus moet die spelers al 'n bietjie ervaring van die staafklokke hê.

Die volgende doelstellings kan met willekeurige spel bereik word:

- Leerders leer om onafhanklik te speel deur hulle eie patrone te oefen.
- Die konsep van basiese harmonie word verder ontwikkel.
- Ensemblespel verbeter.
- Hulle geheue ontwikkel deurdat hulle meer moet onthou: verskeie ritmes kom by.
- Ritmiese vaardighede ontwikkel deur meer patrone wat gespeel word, nie net die vaste polsslag wat in aanvanklike akkoordspel gebruik word nie.
- Musikale vaardighede ontwikkel deur die gebruik van verskeie tegnieke, ritmes en toonhoogtes. Musiekstories met byklanke, rympies en liedjies kan nou met vrymoedigheid aangebied word.
- Selfvertroue is die gevolg van suksesbeleving met die spel van staafklokke op 'n gereelde basis.

Van Valey en Berry (1990f: 88) stel die volgende voor vir die verskillende vlakke van onderrig:

- | | | |
|--------|-------------------|--|
| Vlak 1 | Bordun: | Die tonika en dominant word altyd saamgespeel. |
| | Ostinato: | 'n Eenvoudige vier-noot-patroon wat herhaal word. |
| Vlak 2 | Gebroke Bordun: | Die tonika en dominant word opgebreek en op verskillende polsslake gespeel. |
| | Ostinato: | 'n Patroon wat uit agt polsslake bestaan, beweeg soos 'n toonleer en word herhaal. |
| Vlak 3 | Bewegende Bordun: | Die tonika bly konstant terwyl die dominant verander of beweeg. |
| | Ostinato: | 'n Patroon wat uit agt polsslake bestaan wat nie soos 'n toonleer beweeg nie, maar wat wel herhaal word. |

Sien bylae 5 vir die voorbeelde wat Van Valey en Berry (1990f: 89) gee ter illustrasie van bogenoemde patrone. Hierdie patrone kan ook soos volg gebruik word (Van Valey & Berry, 1990f: 88):

- Die bordun begin.
- Die ostinato patroon kom by.
- Die klas kan improvisasies met woorde of klanke of liederes saamsing.

- Voeg niemelodiese slaginstrumente by.
- Liggaamslagwerk kan bygevoeg word, of dansies, of vrye beweging.
- Enige hulpmiddels kan bygevoeg word, byvoorbeeld serpe, linte, hoepels, boontjiesakkies, papierborde, terapie-bande (rekbande) of rekbare balle (*Gertie-balls*).

Dit is belangrik om, ongeag watter hulpmiddels gebruik word, die begeleidingspatrone baie te herhaal sodat dit goed ingeskerp word. Hierdie aktiwiteite dien ook as voorbereidende oudiasieprosesse. Die lesse moet goed georganiseer word sodat genoeg tyd aan aktiwiteite bestee sal word, en sodat leerders die musikale spel vir latere oudiasie kan memoriseer en assimileer. Harmonieë kan al op Vlak III uitgeken word.

Willekeurige spel kan ook in musikastories gedoen word. Hierdie studie sluit twee stories van “Stefan Stafie” se manewales in. Dit is spesiaal vir hierdie studie deur die Afrikaanse sangeres en skrywer, Annalise Wiid, geskryf en word in bylae 6 en 7 ingesluit.

Die “Stefan Stafie”-stories is as 'n vervolghverhaal geskryf. Dit kan oor 'n paar lesse versprei word, of met ander musiekaktiwiteite gekombineer word. Die hele les hoef dus nie uit die storie te bestaan nie. In die eerste storie word die karakters bekendgestel (met hulle staafklokstemme), die rympie word 'n paar keer tydens die storie gesing, en vir die spelers aangeleer.

Hierdie storie leen hom uitstekend tot die uitvoering van talle effekte met die staafklokke sowel as ander slaginstrumente. Elke staafklokarakter kry 'n spesifieke staafklok wat verantwoordelik is om tydens daardie karakter se dialoog te speel. Spelers van die staafklokke kan langs mekaar staan soos vir die D majeur-toonleer, sodat wanneer die “karre heen en weer woer” hulle soos 'n glissando op en af na mekaar kan speel. Daar is 'n wysie vir Stefan Stafie se rympie gekomponeer wat die spelers, afhangend van hulle vaardigheidsvlak, in akkoorde saam met die rympie se woordritme kan begelei. Hulle kan ook net die melodie speel.

Die storie "Good night, Hattie, my dearie, my dove" (sien bylae 8) is deur Alice Schertle geskryf (Schertle, 1985). Hierdie slaapydstorie is 'n goeie voorbeeld van die "gesig na binne" of introspeksie wat aandag gee aan geestesgesondheid. Dit handel oor die self, en die versorging en belange van die self. Sien bylae 9 vir die geïllustreerde slot van die storie en bylae 8 vir 'n Afrikaanse vertaling van die hele storie. Die storie het 'n refrein wat telkens herhaal en wat vir hierdie studie getoonset is. Die akkoordbegeleiding word saam met die woordritme gespeel. Die leerders geniet dit om die storie te dramatiseer, met 'n bed op die vloer, en om met al die poppe te dans. Die refrein word herhalend gesing, en 'n groep speel die staafklokbegeleiding daarmee saam.

5.6.5 Melodiese spel

Fokus word hier geplaas op die voorbereidende oefeninge vir informele musieknotasie wat met visuele hulpmiddels gedoen word ten einde die leerder se begrip van toonhoogte aan te help. Melodiese spel is die algemeenste gebruik van staafklokkespel in Amerika. Sien bylae 13 vir 'n voorbeeld van musiek uit 'n katalogus. Hierdie studie kyk na die leerproses van die kleuter tot graad 1. Dus word ritmiese, melodiese spel heelwat later aangebied wanneer goeie begrip van akkoorde en ritmiese spel opgedoen is.

Doelstellings wat volgens Van Valey en Berry (1990f: 90) met melodiese spel bereik behoort te word:

- Leerders moet gehelp word om die begrip "toonhoogte" te verstaan deur dit sensories te ervaar.
- Leerders moet gehelp word om die begrippe "toonsoort" en "toonleer" te verstaan.
- Daar kan begin word om musieknotasie op die notebalk bekend te stel. Alhoewel informele notasie op hierdie ouderdom gebruik word, is formele tradisionele musieknotasie die langtermyn doelwit.
- Daar kan begin word om ritme en toonhoogte te kombineer.

5.7 Groepsaktiwiteite vir melodiese spel

Die volgende aktiwiteite is voorbereidende groepsaktiwiteite vir melodiese spel: Eerstens die kerkklokkespel en tweedens die toonleerspel.

Die klokkespel

Al die staafklokke wat nou uitgedeel word, is kruise en is dus swart. Die volgende basstaafklokke word ook uitgedeel: C#3, F#3, C#5, D#5, F#5, G#5 en A#5. Laat die leerders in hierdie volgorde waarin die staafklokke hier neergeskryf is, teenaan mekaar staan. Wanneer die musiekopvoeder van agter aan iemand se kop raak, moet hy of sy die betrokke noot speel. Laat hulle die bekende kloktema speel (sien figuur 5.21) Aangesien dit stadig is, het die musiekopvoeder genoeg tyd om aan die leerders se koppe te raak, en hulle het genoeg tyd om die wysie in die vaste polsslag te speel.

Kloktema



Figuur 5.21 Die kloktema soos aangeteken en verwerk deur die navorser

'n Groot gedeelte van 'n les kan hieraan gewy word, en leerders kan beurte maak om te speel. Die melodie het vier frases. Die leerders kan oor die verskillende frases gesels en probeer om die frases uit te ken wanneer dit afsonderlik gespeel word. Die leerders kan die eenvoudige melodie memoriseer en dit uit hulle koppe speel. In hierdie groepsaktiwiteit word beurtspel individueel geoefen, terwyl daar vroeër as harmoniese groepe saamgespeel is. Dit is ook 'n voorbeeld van voorbereidende oudiasie. Om uit hulle koppe te kan speel, moet die leerders die melodie in hulle gedagtes hoor om te weet wat om te speel. Die kloktema leen hom uitstekend tot hierdie melodiese oefening, aangesien dit 'n stadige klokkewysie is wat genoeg tyd aan leerders bied om te dink. Dit is ook nie nodig om te demp nie, want die tema is pentatonies sowel as stadig. Pentatoniese melodieë is uiters geskik vir klokkespel omdat enige note musikaal saamgespeel kan word.

Die toonleerspel

Al die staafklokke van die C majeure toonleer word uitgedeel: C5 tot C6 word gebruik. Agt leerders kry 'n staafklok en staan soos hulle in die toonleer sal speel. Die toonleer word nou op en af gespeel. Die volgende speletjie kan gespeel word: Ruil twee staafklokke om, laat hulle luister watter twee omgeruil is en vra 'n leerder om dit te kom regstel.

Laat hulle luister na die toonleer, en identifiseer watter staafklokke uit plek is en dit weer omruil.

Die hoog-en-laag-speletjie kan gespeel word: Wanneer 'n hoë noot (die hoë *do*) speel, staan al die ander leerders wat nie staafklokke speel nie op hulle tone met hulle hande in die lug. Wanneer 'n noot in die middel van die toonleer speel, staan hulle met die arms langs hulle sye. Wanneer die lae *do* speel, hurk die leerders op die vloer. Nog 'n oefening kan gedoen word deur aan elke noot in die toonleer 'n simbool toe te ken. Die simbole word dan gebruik wanneer 'n patroon op 'n kaart geskryf word. Letters, simbole of nootname kan gebruik word. Die betrokke polsslag in die maat word onder elke simbool geskryf. Die leerders speel dan die lied na aanleiding van hierdie simbole. Sien bylae 12.1 tot 12.3 vir Rosene (1984: 54-56) se voorbeelde van so 'n oefening.

Eenvoudige begeleidings kan by die melodie gevoeg word soos 'n bordun met C4 en G4 of 'n ostanatopatroon met E6, G6 en C7 (Van Valey & Berry, 1990f: 91).

Die musiekopvoeder kan die ensemblegroep met handgebare lei. Die drie groepe staan op afsonderlike plekke bymekaar. Die invalle van die melodie, bordun en die ostanatopatroon kan afgewissel word.

Die geestelike, kerk- en gossellied kan op dieselfde manier deur akkoorde en 'n melodie begelei of gespeel word. Ander melodiese slaginstrumente kan bygevoeg word sodat óf die begeleiding, óf die melodie deur die staafklokke gespeel word. Die ander instrumente sal die alternatiewe melodie of akkoordbegeleiding speel.

5.8 Die uitbreidingsmoontlikhede van staafklokke na ander ouderdomsgroepe

Staafklokke kan met vrug gebruik word deur ander ouderdomsgroepe as alleenlik kleuters en Graad 1-leerders, soos genoem onder die funksies van staafklokkespel by afdeling 5.5. Laerskool- en hoërskoolleerders, volwassene groepe, soos omgegroepe, gestremde groepe, kerkkore, asook senior burgers kan staafklokkespel beoefen (Van Valey & Berry, 1990f: 92). Die groepe kan insluit:

- *Laerskoolleerders:* Groter uitdagings kan aan hulle gestel word vir ensemblespel, met akkoorde, woordritmes, asook met melodieë. Kreatiewe bydraes, die uitwerk van nuwe melodieë, asook ostinato- en bordun-patrone in groepe is moontlik by hierdie ouderdom leerder. Prof P. McLachlan (s.j.) se notepretreks kan ook gebruik word vir kreatiewe werk met die staafklokke.
- *Hoërskoolleerders:* Meer formele leer kan plaasvind wat klassieke werke, asook korale van Bach en korale uit die Koraalboek van die NG Kerk en ander kerke insluit. Gevorderde ensemblespel is moontlik met 'n groep leerders wat hulself daartoe kan verbind om in spesiale tye uitgesit vir ensemble oefening, saam te oefen. Ensemblespel kan gedoen word vir spesiale funksies in die skool of kerke, op uitnodiging.
- *Gestremdes:* Die Aanhouwenklub op Somerset Wes is 'n voorbeeld van 'n volwasse groep, met verskeie gestremdhede, wat nou al twee jaar lank die staafklokke speel op 'n weeklikse of tweeweklikse basis. Hulle tree elke jaar tydens hulle opedag in September op met die staafklokke. Hulle speel ook akkoorde soos die kleutergroep. Die groep put baie genot uit die speel van die staafklokke, soos duidelik op hulle gesigte te sien is wanneer daar geoefen word.
- *Ensemblegroep:* Dit kan 'n uitsoekgroepie, verkieslik hoërskoolleerders wees, wat hulle wil verbind om een of twee keer 'n week, na skool, of vroeg in die aand, bymekaar te kom om te oefen en dan by uitvoerings, konserte en in kerke op te tree.
- *Vir kore:* Kore bied baie moontlikhede om met die staafklokke op te tree. Die Tygerbergse Kinderkoor (TKK), wat in 2004 in Hongarye as een van die twee beste

kinderkore ter wêreld aangewys is, het ook twee verwerkings van die navorser vir staafklokke en sang, asook een nuwe komposisie met die Kerskonserte van 2004 gesing. Kersfeesmusiek is by uitstek geskik vir staafklokkespel. Opnames van die TKK-uitvoering van die werke is hoorbaar op die DVD wat ingesluit word by die studie in bylae 17, soos vanaf die Kersuitvoering-DVD geneem.

- *Senior burgers:* Senior burgers van die NG Kerk Helderberg het al met die staafklokke opgetree by 'n senior burger byeenkoms. Hulle speel ook akkoorde, vanaf die eenvoudige notasiekaart wat in die studie beskryf word in bylae 10.1. Afgesien van hulle spanning om “reg” te speel, is die genot rondom die aksie baie opvallend.

Dit is 'n redelike nuwe veld, veral as in ag geneem word dat die staafklokke eers vanaf 1982 vervaardig is. In 1995 het die navorser klasgegee by 'n musiekskool van die grootste Presbiteriaanse Kerk in die VSA, “Peachtree Presbyterian” in Atlanta, met 'n lidmaattal van ongeveer elf duisend lidmate, en ongeveer 500 leerders in die musiekskool. In daardie stadium is staafklokke glad nie aan enige van die voorskoolse groepe aangebied nie. Onderrig in die staafklokke het eers begin met leerders van ongeveer sewe jaar en ouer. Die navorser het die instrumente aan hulle bekendgestel met die gebruik van die akkoordstelsel, eers net die tonika-akkoord. Daarna het sy Gleni Merwin, hoof van die musiekskool in daardie stadium, uitgenooi om die klas te besoek. Die vierjariges het vir haar gespeel. Die kleuters het daarmee bewys dat hulle die staafklokke kan hanteer.

5.9 Doeltreffende klokkespel sonder beserings

Indien staafklokke nie reg hanteer word nie, kan dit stywe spiere en ongemak veroorsaak. Susan Berry het in haar boek, *Healthy Ringing* (2000), geskryf oor die gesonde manier om die staaf- en handklokke te hanteer. Afgesien van die speeltegnieke wat sy breedvoerig beskryf, kyk sy ook na die mens se anatomie, watter spiere met spel betrokke is, hoe die postuur moet wees, en selfs watter rol asemhaling in die speelproses speel. Sy gee dan ook 'n volledige stel opwarmings- en strekoefeninge wat gedoen kan word.

Daar word ook verder aandag gegee aan die liggaam se fisiese versorging ten opsigte van goeie gewoontes, soos die eet van gesonde kos, min stres, die versorging van die oë deur die gebruik van goeie lig met oefeninge, en ore, deur nie na te harde klanke te luister nie. Indien die basklokke naby staan, en die klank te hard is, kan oorpluisies of oorfone gebruik word.

Daar word ook gewaarsku teen die ooreising van die spiere tydens staafklokkespel. Kleuters en graad 1-leerders behoort nie enige fisiese probleme met die hantering van staafklokke te ervaar nie: Hulle hanteer kleiner staafklokke, mag dit met twee hande vat indien dit te swaar is, hanteer dit nie baie lank op 'n slag nie, en hulle spiere is soepel omdat hulle nog jonk is. Dit beteken dat spierbeserings in hulle geval hoogs onwaarskynlik sal wees. Die opvoeder moet seker maak dat hulle die staafklokke gemaklik vashou en nie krampagtig daaraan vasklou nie. Daar behoort ook tussenposes te wees wanneer hulle die klokke op die mat voor hulle kan neersit, soos wanneer die opvoeder iets moet demonstreer.

Leerders word geleer om die staafklokke met 'n reguit pols, oftewel in die "neutrale posisie" te speel (Moore, 2000: 1). Die pols word nie op of af, of na die kante gebuig nie. Hierdie posisie veroorsaak die minste spanning op swakker spiere in die gewrig.

Vir hierdie studie is die teikengroep die kleuters en graad 1-leerders, en daarom word daar nie verder aandag gegee aan oefeninge vir staafklokkespel en moontlike beserings nie.

5.10 Lewensvatbaarheid van staafklokkespel in die Suid-Afrikaanse konteks

Volgens Moore (2000: 34) is die AGEHR (The American Guild of English Handbell Ringers) se strewe "to gain acceptance and recognition by the professional music and education communities as a legitimate performing instrument and teaching tool". Die navorser wil opvoeders in Suid-Afrika aanmoedig om dit ook as uitdaging te sien. Daar kan byvoorbeeld 'n webwerf ontwerp word om dié doel te bereik.

Staafklokke is bekostigbaar (sien afdeling 5.8), veral in kerke met groter lidmaatgetalle waar daarvoor begroot kan word, of fondse ingesamel kan word deur byvoorbeeld konserte te hou of verkopings te reël. Die geld kan ook deur iemand voorgeskiet word en dan later terugbetaal word soos fondse beskikbaar raak. Dit kan 'n ideale gemeenskapsprojek wees waarby verskeie groepe betrek kan word. So 'n projek se praktiese reëlings behoort maklik getref te word, aangesien die meeste kinders Sondagoggende bymekaar kom en die ouers moontlik geneë sal wees om fondse in te samel vir iets waarby hulle kinders baat kan vind. Die staafklokke kan dan weer met die toestemming van die kerkraad aan skole beskikbaar gestel word om te gebruik.

Kerkmusiekopvoeders kan programme by skole aanbied wat reeds in die kleuterkerk aangebied is, dus is die voorbereiding minder en die materiaal wat gebruik word, meer bekend. Die navorser is reeds deur twee laerskole in Hermanus en Stellenbosch genader om so 'n program te loods. Daar hoef ook nie spesiaal musiek gekomponeer te word nie, aangesien daar reeds heelwat musiek vir staafklokke beskikbaar is (sien bylae 13 vir 'n voorbeeld wat uit 'n katalogus kom. AGEHR kan ook in alle behoeftes van sodanige program voorsien. Van Valey & Berry se reeks "Learning to Ring Series" (1990a, b, c, d & e) kan ook deur AGEHR bestel word.

Die navorser stel voor dat 'n komitee gestig word om die gebruik van staafklokke in Suid-Afrika te bevorder. Hierdie komitee kan bestaan uit musiekopvoeders, ouers en belangstellendes wat met veral die finansiële sake kan werk. Die komitee kan saam met die musiekpersoneel beplan hoe die stelle staafklokke maksimaal benut kan word. Dit kan dus tot voordeel strek van die gemeente aan wie die staafklokke behoort, en kan ook gebruik word in die opbou van die gemeenskap en sodoende tot die uitbreiding van die Koninkryk van God.

Daar bestaan ook die moontlikheid om hierdie kunsvorm verder uit te brei na die speel van handklokke. Die oorgang van die speel van staafklokke na handklokke is baie maklik, aangesien die speeltegniek en die terminologie feitlik dieselfde is. Handklokke is egter 'n baie duur opsie, dus sal dit slegs moontlik wees met 'n donasie van welwillende persone, of 'n baie vasberade musiekopvoeder wat 'n lewensvatbare plan van aksie kan uitwerk.

Staafklokke kan van twee van die bekende vervaardigers van staafklokke bestel word, naamlik Malmark en Yamaha/Suzuki. Albei firmas is in die VSA en staafklokke kan van daar bestel word. Om die vervaardiger se kontakbesonderhede en pryslyste te sien, kyk in bylae 18.

Met al die inligting in verband met die staafklokke, kan daar nou gekyk word na die ontwerp van 'n program om die gebruik van staafklokke uit te toets.

HOOFSTUK 6

DIE ONTWERP VAN 'N PROGRAM

6.1 Die gebruik van 'n staafklokprogram om musiekopvoeding aan kleuters en graad 1-leerders aan te bied

'n Groot uitdaging vandag in meeste musiekopvoedingsituasies is om doeltreffende onderrig te gee vir klasse met meer as 35 kinders veral as daar met individuele instrumente gewerk word. In die kleuterkerk van die NGK Helderberg is daar soveel as 45 kinders in die groep. Dit maak musiekonderrig in groepsverband baie moeilik omdat daar nie soveel beskikbare instrumente is dat almal 'n kans kan kry om te speel nie. Leerders kan ook nie soveel persoonlike aandag kry om musikaal maksimaal te ontwikkel nie. Musiekopvoeding is dan net vir 'n klein groepie kinders beskore, wie se ouers hulle by privaat musiekprogramme kan inskryf.

Hierdie program met staafklokke moet juis aan soveel kleuters moontlik die geleentheid bied om musiekgeletterd te raak, deur gebruik te maak van metodes soos in hoofstuk 5 en 6 in die studie voorgestel word om hierdie groot klasse te akkommodeer.

6.2 Beplanning van die gebruik van staafklokke in die kleuterkerk en graad 1-klaskamer

Met die beplanning van 'n staafklokprogram moet daar gekyk word na die instrumente wat gebruik moet word, die doelstellings moet bepaal word en die strategieë beplan word oor hoe die doelstellings bereik gaan word.

Die basiese twee-oktawe staafklokke betrek redelik min spelers as daar van die akkoordspel gebruik gemaak word. Dit is dus raadsaam om 'n derde oktaaf aan te koop sodat meer leerders die geleentheid kan kry om te speel. Beurte moet gemaak word sodat almal 'n beurt kry met die beskikbare instrumente. Dit maak dit selfs die moeite werd om dalk twee stelle basiese twee-oktawe staafklokke aan te skaf, aangesien die vier oktawe 'n versterking is van die basiese stel se toonhoogtes, en die omvang nie te hoog of te laag is nie. Die grootte van die basiese stel is maklik hanteerbaar, terwyl die derde stel se basistaafklokke te groot is vir klein handjies, en hulle moet dit dan met

twee hande speel. Die kinders word ook gouer moeg as gevolg van die gewig van die swaarder klokke.

Dit is belangrik om doelstellings op te stel sodat die lesse nie net op 'n lukrake wyse aangebied word nie. Die sleutel tot suksesvolle musiekopvoeding is verder hoe die doelstellings in die praktyk toegepas word deur gepaste musiek, instrumente en doeltreffende strategieë te gebruik.

6.2.1 Die opstel van doelstellings

Die opvoeder behoort 'n lys met lang- en korttermyn doelstellings op te stel (sien afdeling 5.6.1 en 5.6.2). 'n Behoeftebepaling word ook hierby ingesluit om te bepaal op watter vlak van musiekgeletterdheid die betrokke groep is en watter spesifieke vaardighede verdere aandag moet geniet.

Opsommenderwys kan ons aansluit by McBride en Baldwin (2000: 1) se lang- en korttermyn doelstellings:

Students will possess the ability to (1) perform, alone and in ensembles, a varied repertoire of handbell/handchime music; (2) read and notate handbell music; (3) listen, respond, evaluate, and describe handbell music; (4) create music with handbells and/or handchimes; and (5) use handbells and/or handchimes to understand the relationship music has with other disciplines as well as in history and culture (McBride & Baldwin, 2000: 1).

6.2.2 Geskikte musiek vir die gebruik van staafklokke

Martha Lynn Thompson (1996: 23-28) het 'n lys van kriteria opgestel waarvolgens musiek vir gebruik in enige klokprogram gekies kan word. Dit word vervolgens uiteengesit.

Musiek moet musikaal verantwoordbaar wees. Musikale smake en style verskil, maar daar moet sekere elemente in musiek teenwoordig wees wat dit geskik maak vir gebruik in spesifieke ouderdomsgroepe. In goeie musiekkomposisies moet die melodie, ritme, harmonie, vorm en karakter van die stuk eg wees en van goeie smaak getuig. Moeite moet gedoen word om die beste musiek moontlik met die oog op die teikengroep aan te

koop. Dit sluit in musiek wat die toets van die tyd kan deurstaan soos klassieke musiek en sekere himnes (*hymns*), sodat dit weer vir toekomstige groepe aangeleer kan word. Neem ook in ag dat ons graag in die kerk musiek wil aanleer wat langtermynwaarde sal hê. Dit beteken dat ons musiek vir kleuters aanleer met die doel dat dit deel sal vorm van hul geestelike repertorium wat die leerders as volwassenes sal gebruik in die kerk. Daarom is die keuse van die repertorium van die kerkliedere vir hierdie doel so 'n belangrike keuse.

Musiek moet geskik wees vir die spesifieke ouderdomsgroep, die leerders se betrokke vlak en dit moet ook hulle belangstelling wek. Musiek wat volwassenes interesseer, is dikwels nie vir kinders interessant nie. Tieners hou weer dikwels van musiek met 'n sterker ritme. Tieners sal ook verder hou van musiek wat vinnig en hard is, terwyl die staafklokke se timbre eintlik gedemp is. Dit sal gepas wees om stadige en sagter musiek vir die kleiner kind op die staafklokke te laat speel. Vinnige staafklokmusiek kan wel deur ervare spelers gespeel word. Verwerkings van sekere gewilde klassieke stukke is populêr by tieners en kan bestel word wanneer 'n staafklokprogram uitgebrei word na hoërskoolleerders (sien bylae 13). Daar moet egter goeie oordeelsvermoë aan die dag gelê word by die keuse van musiek wat kleuters musikaal sal laat ontwikkel, en ook hulle musieksmaak op hierdie vroeë ouderdom sal beïnvloed.

Die musiek moet goed klink wanneer dit op die staafklokke gespeel word, met ander woorde die timbre wat verlang word, moet ooreenstem met dié van die klokke. Die musiek moet ook geskik wees vir klokkespel in die sin dat die speeltegnieke wat vereis word wel op die klokke uitgevoer kan word. Die klank van die klokke resoneer baie lank, dus pas legatomusiek die klokke goed. Die kontras tussen die kort, skerp klank van die hoë note, teenoor die langer, lae note kan ook in die musiek benut word. Iets wat die musiek interessant sal maak is die afwisseling van die speeltegnieke, hoewel die vlak van die leerders 'n beperkende faktor kan wees.

Die musiek behoort deurgaans al die klokspelers besig te hou. Soms word van die klokke min in die stuk gebruik wat probleme met veral beginners kan veroorsaak, want hulle raak verveeld en speel dan uit hulle beurt.

Die liedere wat in een les aangebied word, moet verkieslik in een toonsoort wees om die uitdeel van die staafklokke aan groepe te vergemaklik. Enige toonaard, D majeur, E majeur, F majeur of G majeur is geskik vir gebruik vir kinders van daardie ouderdom. Dit hang af hoe hoog die lied op- of afgaan, nie laer as A (A5) onder middel-C (C5), en verkieslik nie hoër as E (E6) bo die volgende C (C6) ná middel-C (C5) nie. Hierdie omvang word gewoonlik in die klokkefamilie gebruik. Dit sluit die handklokke ook in. Philip McLachlan (s.j: 9) stel die omvang voor van D na middel-C (D5) tot E (E6).

Indien die tweede lied se toonsoort wel van dié van die eerste lied verskil, moet die staafklokke eers teruggeplaas word voordat die nuwe toonhoogte se klokke uitgesoek word. Dit verhoed dat kinders met die verkeerde note by verkeerde groepe beland en sodoende die les onderbreek. Vir optreedoeleindes is dit egter belangrik dat liedere in dieselfde toonsoort gekies word. Dikwels werk F majeur baie goed, byvoorbeeld met Kersliedere soos “Die Heiland is gebore” en “Away in a manger”.

Aan die begin is leerders nog te onseker om enkellynmelodieë te speel, dus kan daar eerder van akkoordbegeleidings gebruik gemaak word. As die akkoorde op die eerste pols van die maat gespeel word, is dit makliker omdat die leerders heelnote moet speel. Halfnote is ook aanvaarbaar, omdat dit nog stadig genoeg is om die leerders tyd te gee om te dink oor wie moet speel. Wanneer heelnote gespeel word, is dit ook nie nodig om die staafklokke se klank te demp nie, aangesien die klank teen die einde van die maat al feitlik uitgesterf het. Hierdie metode van spel is eenvoudig genoeg dat kleuters dit kan geniet en selfvertroue kan kry om moeiliker vaardighede aan te leer.

Wanneer daar 'n nuwe akkoord, byvoorbeeld die subdominant aangeleer word, moet daar baie op daardie akkoord gefokus word en baie herhaling moet plaasvind. Die groepie wat dit speel, moet eenkant *bymekaar* staan en saamspeel voordat hulle by die bestaande groepe gevoeg word. As groep 4 dus “Bmol D F” is, en F speel ook in groep 1, moet F eenkant by groep 4 staan, maar ook saam met groep 1 speel. In Les 3 het groep 4 van beide die kleuterkerk en die graad 1-leerders nie goed gespeel nie, maar in Les 4 het albei groepe die vaardigheid van multi-akkoordbegeleiding goed baasgeraak soos hierbo beskryf.

Die kans op suksesbeleving word vergroot deur haalbare doelstellings te stel. 'n Lied kan nie saam met die staafklokbegeleiding in een les aangeleer word nie. Die vaardigheid om die staafklok te speel en die lied saam te sing, al is dit 'n bekende lied, is te gevorderd vir leerders van hierdie ouderdom. Dit sal in 'n studie met ouer kinders getoets moet word. (Daar was wel enkele leerders wat tegelykertyd kon sing en speel.)

Op Vlak 1 speel die leerders 'n middelmatige vierslagmaat met gemak. In die voorbereidende oefeninge kan hulle daarop marsjeer. Indien drieslagmaat gebruik word, kan hulle ook die wals oefen voordat hulle dit speel.

Musiek kan as 'n vorm van terapie gebruik word. Musiek bied deur klank aan leerders 'n vorm van uitdrukking en kommunikasie in betrokkenheid met hulle omgewing, waar woorde dalk nog nie gevind kan word nie. 'n Ontspanningsoefening, of suggestopedie, kan met welslae gedoen word om kinders te laat ontspan (Bunt, 1994: 17-20).

Die lesse in hierdie studie word altyd met dieselfde wysie geopen en afgesluit: Slegs die woorde word aangepas om die les met 'n groetliedjie te begin en met 'n totsiensliedjie af te sluit. 'n Mate van deurlopendheid gee aan kleuters 'n gevoel van sekuriteit waarbinne hulle veilig genoeg voel om te eksperimenteer en dit stimuleer hulle spontaneïteit. Al hierdie voorstelle is 'n vorm van terapeutiese oefening wat een van die belangrikste funksies van musiek is. Dit vorm saam met die godsdienstige basis 'n wesentlike deel van hierdie studie.

6.3 'n Sesweke-program met kleuters en graad 1-leerders

Die sesweke-program is aangebied met die kleuters van die NG Kerk Helderberg en die graad 1-leerders van die Laerskool Sir Lowryspas word bespreek by afdeling 6.3.1 en 6.3.2. Dit word 'n eksperimentele aksie-navorsingsmetode genoem (Babbie & Mouton, 2001) wat behels dat die uitkomst van die lesse geassesseer word (sien bylae 15.1-15.12).

'n DVD met uittreksels van die lesse soos aangebied by die NGK Helderberg se kleuterkerk en die graad 1-klas by Laerskool Sir Lowryspas word by hierdie studie

ingesluit (sien bylae 17). Die DVD bevat ook beeldmateriaal van uitbreidingsgeleenthede soos die staafklokkespel met die Tygerbergse Kinderkoor Kerskonsert 2004.

6.3.1 NGK Helderberg se kleuterkerk

Die kleuterkerk by die NGK Helderberg word Sondag in 'n geboutjie langs die kerk onder leiding van Petro du Plessis aangebied. Sy is opgelei in kinderevangelisasie en het baie ondervinding op dié gebied. Die kleuters is verskillende ouderdomme en die een groot lokaal is voldoende vir onderrig vir die ouer groep kleuters. Die jonger kleuters gaan tydens die musiekprogram na die kleiner klas langsaan.

Alhoewel die kinders baie gestimuleer en goed versorg is, is daar kinders wat onseker van hulleself in die groot groep is en wat swaar van hulle ouers afskeid neem. Die kinders is gewoond daaraan dat die “tannies” aan diens op verskillende Sondag wissel. Dit bemoeilik ook die uitvoering van hierdie studie, aangesien die navorser dan deel word van die ongewone situasie met geen deurlopende aanbieding van kleuterkerkmusiek nie. Wat die onderrig in hierdie groep verder bemoeilik, is dat die kinders nie elke Sondag die klas bywoon nie en ook nie noodwendig maatjies in die groot groep van ongeveer 40 kinders ken nie. Daar is onderbrekings tydens die sesweke-program, want elke eerste Sondag van die maand vind gesinsdienste plaas en dit maak kontinuïteit moeilik. Die ideaal in 'n soortgelyke situasie sou wees dat die opvoeder haar/hom moet verbind om die lesse vir 'n volle jaar aan die groep te bied. Sodoende kan 'n mate van kontinuïteit bewerkstellig word wat die kinders kan laat tuis voel in hulle leeromgewing.

Foto 6.1 wys die kleuters van die NGK Helderberg in hulle lokaal, die “Murasië”.



Foto 6.1 Leerders in die NGK Helderberg se kleuterkerk

Sien bylae 15.1 tot 15.6 vir kommentaar oor die lesmateriaal sowel as die assesseringsverslae oor die onderskeie lesaanbiedings.

6.3.2 Graad 1-groep van Laerskool Sir Lowryspas

Die graad 1-leerders van Laerskool Sir Lowryspas is al in 'n formele onderrigfase waar hulle elke dag onderrig ontvang. Die skool is in die plakkersgebied van Sir Lowryspas geleë. Die opvoeder is Moira Karelse wat goeie dissipline in haar klas handhaaf. Verder is dit ook opvallend dat die skool in geheel 'n positiewe beeld van netheid en doeltreffendheid weergee. Die hele skoolomgewing blyk baie veilig te wees en die leerders kom goed versorg voor.

Onderrig in hierdie situasie word ervaar as die ideale leersituasie vir die navorser, Francé Ludik, en ook vir die musiekopvoeder, Linda Stroebel, wat as assesseerder in hierdie lesse optree. Die groot klaskamer wat gebruik word, werk goed. Die swartbord met sy lekker magnete is ideaal vir die opsit van hulpmiddels. Die mat bedek 'n groot gedeelte van die oop ruimte, dus kan leerders vrylik tydens aktiwiteite beweeg. Die leerders ken mekaar, hulle opvoeder en die klaskamer. Die kinders het die aanbieders weekliks met 'n glimlag op die gesig ingewag. Hierdie kinders hou baie daarvan om op

die mat te kom sit vir spesiale programme. Aangesien die leerders gedissiplineerd is, voer hulle die opdragte gretig uit. Die klas is ingerig met wasbakke om hande te kan was, wat ideaal is voordat die leerders die instrumente hanteer.

Sien bylae 15.7 tot 15.12 vir kommentaar oor die lesmateriaal sowel as die assesseringsverslae oor die onderskeie lesaanbiedings.

Foto 6.2 wys die graad 1-leerders van Laerskool Sir Lowryspas wat by die projek betrokke was.



Foto 6.2 Die graad 1-leerders van Laerskool Sir Lowryspas

6.3.3 Lesse vir die sesweke-program⁴

Les 1

Doelstellings:

- Skep 'n ontspanne atmosfeer waarin musiek geniet kan word.
- Oefen die vaste polsslag.
- Verbeter leerders se konsentrasievermoë en behou die aandag deur die eggo-speletjie.
- Leer die hello-liedjie aan.
- Stel die staafklokke bekend.
- Leer die basiese woordeskat aan.
- Demonstreer die speeltegniek van die staafklokke.
- Doen voorbereide oefeninge met en sonder instrumente.
- Laat kleuters die staafklokke hanteer.
- Oefen beurtspel met 'n stokkies-en-blokkies-oefening.
- Gebruik goeie verwerkte musiek om die les interessant te maak en die musiek op lewendige wyse vir die kinders aan te bied.
- Ervaar die basiese harmonieë: 1 en 5.

Benodigdhede:

- Staafklokke
- Stokkies (ritmestokkies)
- Klokkies
- Trom
- Trekklavier, CD-speler en blokfluit
- 'n Bolletjie tou
- CD: *Songs of Praise (Cedarmont Kids Classics)* Nr. 3: *Hallelu, Hallelu* en Nr. 6: *The Lord is my Shepherd*
- Flitskaart van 'n staafklok

⁴ Vir die maklike leesbaarheid, en die beklemtoning van sekere feite, is aanhalingstekens nie in die leseenhede gebruik nie, maar wel *skuinsgedrukte woorde en name*. Daar word ook in die lesse gebruik gemaak van syfers wat andersins uitgeskryf moet word.

- Flitskaart van staafklokverwante terme

Woordeskat om aan te leer:

Staafklok

Buffer

Klopper

Greep

Speel

Lesaanbieding:

Groetliedjie: *Ons sing hello.*

Vers 1: *Ons sing hello, hello.*

Ons sing hello, hello.

Ons sing hello, hello.

Hello, hello, hello, hello,

Ons sing hello, hello. (Kleuters luister net)

Vers 2: *Ons waai hello, hello.* (Kleuters waai)

Vers 3: *Ons klap hello, hello.* (Kleuters klap op kwartnootpols)

Sing dit drie keer. Die kinders ken nog nie die liedjie nie, en daar word van hulle verwag om net die aksies te doen. Die opvoeder sing en begelei die liedjie op die trekklavier:

Groetliedjie

Ons sing hel-lo, hel-lo! Ons sing hel-lo, hel-lo! Hel-

lo, hel-lo, hel-lo, hel-lo, ons sing hel-lo, hel-lo!

Figuur 7.1 Groetliedjie (1): melodie uit *Kindermusik Beginnings* (Swears & Heyge, 1990)

1. Voorbereidende oefening voor staafklokkespel

1.1 Leerders hou oë toe. Opvoeder speel op staafklokke (sien figuur 7.2):

F + A speel met die regterhand

G + C speel met die linkerhand

Komponis: F. Ludik

Figuur 7.2 Voorbereidende oefening voor staafklokkespel

1.2 Gesels oor die klank:

Die staafklokke sing / hou lank aan / is helder / dit klink skerp / klink soos klokke.

1.3 Blokkies-en-klokkies-oefening: Blokkies (2 vir elke kind) en klokkies (1 vir elke kind) word uitgedeel. Deel die leerders in twee groepe en span 'n toutjie tussen die groepe.

Groep 1: Blokkies – speel met *Hallelu* (speel op die kwartnootpols)

Groep 2: Klokkies – speel met *Praise ye the Lord* (skud deurgaans)

1.3.1 *Hallelu, Hallelu* : uit die *Songs of Praise-CD, nr. 3*

Kleuters speel in twee groepe om die beurt saam met die CD soos hierbo aangewys.

Neem die klokkies in.

1.4 Staafklokhantering-oefening:

Gee aan die tweede groep ook blokkies (wat by 1.3 klokkies gespeel het).

1.4.1 Oefen die aksie: Hou een blokkie dwars, die ander blokkie vorentoe, maak 'n sirkelbeweging en slaan die tweede blokkie soos 'n mens 'n staafklok speel. Indien leerders sukkel om die een blokkie dwars te hou, laat 'n tweede leerder die blokkie dwars hou, en laat die eerste leerder dit raak met sy sirkelbeweging. Laat hulle omruil. Leerders kan ook in die lug speel met een blokkie, en die opvoeder kan dan alleen met twee blokkies speel (sien foto 5.5 en afdeling 5.6.3)



Foto 5.5 Die voorbereidende oefening vir staafklokkespel

1.4.2 Oefen gelyke polsslag. Deel in twee groepe:

Speel met die blokkies: Groep 1: speel: 1 2 -- --

Groep 2: speel: -- -- 3 4

Die hulpopvoeder hou die polsslag op die trom, terwyl die opvoeder 'n melodie op die blokfluit speel saam met die ritme (sien figuur 5.13 hieronder⁵ en afdeling 5.6.3).

⁵ Foto's, figure en melodieë word herhaal ten einde die lesse volledige eenhede te maak wat makliker lees. Figure wat vroeër in die tesis gebruik word, se nommers sal dieselfde bly, en sal dus verskil van die figure van die lesse.

Dis weer Kersfees

F. Ludik

Dis weer Kers - fees kin - ders, Je - sus het ge - kom.
 5 Hy is on - se Ko - ning, kom nou saam na Hom.

Figuur 5.13 “Dis weer Kersfees”-melodie

Bêre die blokkies in die mandjie.

1.3 Deel die staafklokke uit.

Die instrumente word eers neergesit. Die opvoeder sing: *Instrumente op die vloer* (sien figuur 7.3) (Komponis: F. Ludik)

In - stru - men - te op die vloer

Figuur 7.3 Instrumente op die vloer

Speel nou met die staafklokke: Groep1: speel: 1 2 -- -- (F + A)
 Groep 2: speel: -- -- 3 4 (G + C)

Die hulpopvoeder speel die eerste polsslag, terwyl die opvoeder 'n melodie op die blokfluit saam met die ritme speel.

Groep 1: F, A – speel: 1 2 -- -- asook Groep 3: F#, B mol – speel 1 2 -- --
 Groep 2: G, C – speel: -- -- 3 4 Groep 4: Amol, C# – speel -- -- 3 4
 (wit note) (swart note)

Wys die verskillende note op die klawerbord van die trekklavier.

Begelei Groep 1 en 2 met die trekklavier, daarna Groep 3 en 4.

Dit is belangrik dat die groepe wat nie speel nie hulle instrumente op die vloer neersit. Tyd moet afgestaan word om toe te sien dat hulle goed hierop reageer.

2. *The Lord is my Shepherd*: van die *Songs of Praise-CD*, nr. 6.

Behou twee groepe. **Groep 1** en **Groep 2** word nou **Groep 5**

Groep 1: Speel **F A C** Groep 5: Speel **C E G**

Speel die CD: Die opvoeder wys na die groep 1 of 5 wat moet speel.

Gee instrumente aan ander leerders wat nie 'n beurt gehad het nie. Speel weer die CD en die kinders word aangemoedig om saam te sing. Die lied word baie herhaal.

3. Neem die staafklokke in, laat hulle dit in die tas bêre, met die gleuwe vir elke staafklok se plek.

4. *Groetliedjie* (2). Sing weer die groetliedjie soos aan die begin van die les. Verander die woorde na (sien figuur 7.4):

Vers 1: *Ons sing totsiens, totsiens...*

Vers 2: *Ons waai totsiens, totsiens...*

Vers 3: *Ons klap totsiens, totsiens...*

Groetliedjie

Ons sing totsiens, totsiens! Ons sing totsiens, totsiens! Tot -

³
sien, totsiens, totsiens, totsiens, ons sing totsiens, totsiens!

Figuur 7.4 Die "groetliedjie" (2) met "hello" verander na "totsiens"

Les 2

Doelstellings:

- Doen 'n ontspanningsoefening.
- Skep 'n ontspanne, genotvolle atmosfeer.
- Hersien die vorige les – die terme en prosedurale kennis.
- Oefen die vaste polsslag weer.
- Oefen die hantering van die staafklokke.
- Maak die kleuters bewus van toonhoogte deur 'n staafklokkespeletjie: “hoog, laag en middel”.
- Vertel 'n storie oor die staafklokke: die storie van Stefan Stafie (sien bylae 6).
- Oefen beurtspel.
- Leer hierdie lied aan: *Loof, loof die Here, kindertjies*.
- Ervaar die basiese harmonieë: 1 en 5.

Benodigdhede:

- Staafklokke
- Stokkies (ritmestokkies)
- Klokkies
- Trom
- Trekklavier, CD-speler en blokfluit
- 'n Bolletjie tou
- CD: *Songs of Praise (Cedarmont Kids Classics nr. 3 en nr. 6)*
- Flitskaart van 'n staafklok
- Flitskaarte van staafklokverwante terme
- Flitskaart van Stefan Stafie
- Storie van Stefan Stafie (bylae 6)

Woordeskat om aan te leer:

- Gelyke polsslag

- Demp
- Rusposisie
- Gereed (arms optel, staafklokke se punte moet op wys)

1. Groet die kinders.

Sing die *Groetliedjie* (1) drie keer (sien Les 1, figuur 7.1).

2. Hersien die vorige les:

2.1 Vra vrae oor: Staafklok / speel / greep / buffer / klopper.

2.2 Deel blokkies en klokkies uit en speel weer *Hallelu, hallelu* saam met die *Songs of Praise-CD, nr. 3*.

3. Toonhoogte-speletjie: Gebruik die volgende staafklokke: **C4, G4 en C5**

Wys die klokke aan die leerders: Dit lyk soos Pappa, Mamma en Baba staafklok.

Hoor hoe klink hulle: Speel dit elke keer as jy na een verwys, soos volg:

As julle die groot lae een hoor (die opvoeder speel C4), hurk op die grond.

As julle die klein hoë een hoor (die opvoeder speel C5), staan op julle tone met die arms in die lug.

As julle die middelste een hoor (die opvoeder speel G4), staan net gewoonweg, arms langs die sye.

Vestig die leerders se aandag op die grootte: die deursnee van die pyp en die lengte.

- 3.1 Die storie van Stefan Stafie (sien bylae 6): Vertel die storie, demonstreer met die verskillende groottes staafklokke en laat die kleuters dit vashou en speel. Leer ook die wysie aan (sien figuur 7.5), sodat die leerders dit kan saamsing. Wys ook die prentjie (sien figuur 7.6).


Stefan Stafie

F. Ludik en A. Wiid

The musical score is written on two staves in treble clef with a key signature of one sharp (F#) and a common time signature (C). The melody consists of quarter and eighth notes. The lyrics are written below the notes.

Jou beurt, my beurt, klok-kies-blaf, woef waf. Eers ek, dan jy, dan
 al - twee saam. Ste - fan Sta - fie is my naam!

Figuur 7.5 *Stefan Stafie*-melodie



Figuur 7.6 *Stefan Stafie* (illustrasie deur Allan Berry (2000: 102))

Dit sou wenslik wees, indien die program uitgebrei kon word na 'n jaarprogram, om die storie uit te brei met 'n poppekas van die karakters in die storie en hulle gepaste staafklokke.

4. Leer die liedjie aan: *Loof, loof die Here, kindertjies* (sien figuur 5.14, asook afdeling 5.6.3).

Loof, loof die Here, kindertjies

F. Ludik

Loof, loof die He - re, kin - der-tjies. Loof, loof die He - re, kin - der-tjies.

Hy het vir ons so bai - e lief, daar - om sing en bid ons el - ke dag.

Figuur 5.14 *Loof, loof die Here*-melodie met 'n twee-akkoordbegeleiding

4.1 Sing eers die liedjie totdat meeste leerders dit ken.

4.2 Verdeel weer in dieselfde twee groepe as vantevore: Groep 1 en 5. Deel nou die staafklokke uit. Die twee groepe speel weer:

Groep 1: F A C C speel saam met Groep 1 en 5, so C speel altyd!

Groep 5: C E G

(Hier speel leerders net op die eerste pols van die maat, dus 1 2 3 4, 1 2 3 4.)

Groep 1 speel drie keer, dan speel Groep 5 vier keer. Dan weer:

Groep 1 speel vier keer, dan speel Groep 5 vier keer.⁶

Vra die leerders of dit reg klink so, sodat hulle dink wanneer hulle dit hoor.

Herhaal en gee die staafklokke vir maatjies wat nog nie 'n beurt gehad het nie.

6. Sing weer die *Groetliedjie*(2) (sien figuur 7.4 by Les 1) om af te sluit

⁶ As die lied baie herhaal word, speel elke groep vier keer namekaar.

Les 3

Doelstellings:

- Doen 'n ontspanningsoefening.
- Skep 'n onspanne, genotvolle atmosfeer.
- Hersien die vorige les – die terme en prosedurale kennis.
- Oefen weer die vaste polsslag.
- Oefen die hantering van die staafklokke.
- Speel weer saam met die CD vir die genot daarvan.
- Genot en suksesbelewenis is 'n prioriteit vir dié les.
- Hersien die lied *Loof, loof die Here, kindertjies* (sien figuur 5.14).
- Ervaar basiese akkoorde: 1 en 5. Ervaar ook die vierde akkoord.
- Ontwikkel ensemblespel.

Addisioneel:

- Leer die lied *Genade, onbeskryflik groot* (Liedboek van die Kerk 2001, nr. 510, sien bylae 10.4).

Benodigdhede:

- Staafklokke
- Stokkies (ritmestokkies)
- Klokkies
- Trom
- Trekklavier, CD-speler en blokfluit
- 'n Bolletjie tou
- CD: *Songs of Praise (Cedarmont Kids Classics nr. 3)*
- CD: *New England Sunrise*
- Flitskaart van 'n staafklok
- Flitskaarte van staafklokverwante terme.

1. Groet die kinders.

Sing die *Groetliedjie (1)* drie keer (sien figuur 7.1 by Les 1).

2. Hersien die speel van die vaste polsslag:

2.1 Die vaste polsslag word op die trom gespeel. Laat die leerders verskeie liggaamslagwerk naboots wat die opvoeder op die vaste polsslag doen, byvoorbeeld hande klap, bene raak, skouers raak, kop raak en die grond raak.

2.2 Laat hulle staan. Vra: "Kan julle twee bewegings gelyk doen op die vaste polsslag terwyl die trom speel?" Gee die volgende bevele:

Marsjeer op die plek en klap hande.

Marsjeer op die plek en klap die bene oorkruis.

(Vra hulle idees ook en laat die ander leerders dit naboots.)

2.3 Deel klokkies en blokkies uit. Hersien *Hallelu, hallelu* (sien les 2.2).

2.4 Hersien beurtspel met staafklokke: Hersien *Loof, loof die Here, kindertjies* (sien Les, figuur 5.14).

3. Speel die notasievorm soos bekendgestel: 1 5

Groep 1 = F A C

Groep 5 = C E G

3.1 Span tou in die middel. Deel staafklokke uit in twee goepe: Groep 1 en Groep 5.

Groep 1: F A C Groep 5: C E G

3.2 Hou die afsonderlike kaarte op. Die leerders speel op die vaste polsslag wanneer hulle kaart gewys word. Wys nou die volgende lyne hieronder (sien figuur 5.15):

1	1	1	5
---	---	---	---

5	5	5	1
---	---	---	---

3.3 Laat hulle dit lyntjie vir lyntjie oefen. Speel dit nou altwee na mekaar. Speel *Loof, loof die Here, kindertjies* saam op die blokfluit. As hulle klaar gespeel het, vra "Watter liedjie is dit?" Gee ook aan die ander leerders in die groepe 'n kans om te

speel. 'n Stokkie word aan die leerders gegee wat nie 'n staafklok het nie, om die speeltgniek en die beurtspel te oefen. Met ander woorde: "Wanneer is dit ons groep se beurt om te speel en dan voer ons die beweging uit" (sien figuur 5.16) .

1	1	1	5
---	---	---	---

5	5	5	1
---	---	---	---

Figuur 5.16. Die *Loof, loof die Here*-tema se eenvoudige notasievorm ondermekaar

3.4 Stel ook 'n nuwe groep voor: Groep 4.

Groep 4 = Bmol D F

3.5 Voorbereidende oefening:

Laat al die F's van Groep 1 ook opstaan en langs die Bmol en die D staan, langs die kant van Groep 1 sodat F dan saam met Groep 1 en 4 speel.

Gee genoeg tyd vir die nuwe Groep 4 om saam te speel, sodat hulle en die hele klas die nuwe akkoord kan hoor (sien die verkorte weergawe van figuur 5.18).

Oefen: 1 4 5

	5		4	
--	---	--	---	--

	4	5	
--	---	---	--

Figuur 5.18 Die verkorte weergawe van die bekendstelling van Groep 4 se nommernotasievorm.

4. Indien hulle die lyne goed speel, kan hulle aangaan met *Genade onbeskryflik groot* se akkoordprogressie. Nou kan hulle die hele kaart verstaan waarop hierdie metode van speel gebaseer is. Dit lyk soos volg (sien figuur 5:19):

1	1	4	1
1	1	5	5
1	1	4	1
1	5	1	1

Figuur 5.19 *Genade, onbeskryflik groot* se akkoordprogressie

Wys met 'n stokkie op die nommers watter groep moet speel. Wys duidelik en op die vaste polsslag.

5. Suggestopedie-oefening: Speel die CD, *New England Sunrise, nr. 11*. Laat die leerders uitsprei en op die mat sit. Laat hulle visualiseer dat hulle in die bos loop, al die mooi blomme van die lente geniet, die skoenlappers sien, en al die blomme ruik. Laat hulle stadig saam met die musiek uitrek om blomme in die bome en struik te pluk om vir hulle mamma te neem. Dan is almal moeg, gaap, rek uit en lê vooroor op hulle arms.
6. Speel die *Groetliedjie(2)* (sien figuur 7.4 by les 1), en almal sing, waai en klap totsiens (sien Les 1).

Les 4

Doelstellings:

- Skep 'n genotvolle, ontspanne atmosfeer.
- Doen 'n ontspanningsoefening saam met die musiek op kasset van Ingrid Birkenstock, *Kiddie Boogie, Let's do some excercises*.
- Verfyn die tegniek van die vaste polsslag.
- Lang en kort note aanleer: bespreek lang en kort klanke.
- Leer notasie op 'n informele manier aan – *wolf* vir 'n kwartnoot (op 'n rooi kaart) en *jakkals* vir twee agstenote (op 'n blou kaart).
- Laat hulle kwart- en agstenote ervaar, vir vaslegging deur 'n speletjie: *In the woods* van Jon en Jacque Negus van die CD, *Kindermusik for the young child, teacher's CD 1*.
- Oefen ensemblespel.
- Hersien *Loof, loof die Here, kindertjies* vanaf die notasie-flitskaarte.
- Doen voorbereidende oefeninge met die vierde akkoord.
- Oefen *Genade, onbeskryflik groot* (Liedboek van die Kerk 2001, nr. 510).
- Oefen lyn vir lyn vanaf die notasie-flitskaarte.

Benodigdhede:

- Staafklokke
- Stokkies (ritmestokkies)
- Klokkies
- Trom
- 'n Bolletjie tou
- Trekklavier, CD-speler en blokfluit
- Kasset: *Kiddie Boogie* met *Let's do some excercises*, van Ingrid Birkenstock
- CD: van *Kindermusik for the young child nr. 1, teacher's CD, nr. 24, Into the Woods*, van Jon and Jacque Negus
- Flitskaart van 'n staafklok

- Flitskaarte van staafklokverwante terme
1. Groet die kinders. Sing die *Groetliedjie* (1) drie keer (sien figuur 7.1 by Les 1).
 2. Doen 'n ontspanningsoefening. Kasset: *Ingrid Birkenstock se Kiddie Boogie, Let's do some excercises*. Die vrolike musiek lei die kinders om:
 - Hulle groot tone te raak
 - Hulle klein toontjies te raak
 - Hulle linker- en regterbene afsonderlik te swaai
 - Hulle linker- en regterarms afsonderlik te swaai
 - Drie keer te spring
 - Op die vaste polsslag te masjeer
 - Af te sluit met 'n lekker hoë sprong
 3. Hersien: vaste polsslag. Speel die trom. Klap saam op die knieë, skouers, bene, grond en oorkruis op die bene, op die kop en in die lug.
 4. Leer die kwartnoot- en die agstenootwaardes aan:


Kwartnoot = Wolf

Agstenoot = Jak-kals



- 4.1 Wys die flitskaarte met die simbole. Laat hulle dit klap. Die opvoeder kan die ritme op die trom saamspeel.
 - Wys 'n flitskaart met 'n kwartnoot. Laat hulle dit klap.
 - Wys 'n flitskaart met twee agstenote. Laat hulle dit klap.
 - Wys 'n flitskaart met twee agstenote en 'n kwartnoot saam. Laat hulle dit klap.

- 4.2 Ritmespeletjie: Spiel CD van *Kindermusik for the young child nr. 1, teacher's CD, nr. 24, Into the Woods*, van Jon and Jacque Negus, met die ritme:




Leerders sê die ritmewoorde saam: *Jakkals, wolf, kyk (rus)*.

Laat die kinders op die ritme deur die bos loop. Om die kwartnoot te ervaar, laat hulle kyk met hulle hand op die voorkop. Hulle loop dus en sê: *Jakkals, wolf, (kyk)*. Die woord *kyk* fluister hulle sodat hulle die ritme van *wolf* kan voltooi voordat hulle weer die frase herhaal. Die musiek speel die natuurlike ritme van die *Jakkals, wolf*, met 'n pouse op die woord *kyk*.

Die genot van hierdie speletjie is dat die *wolf* wel aan die einde te voorskyn kom met 'n wolwehuil, amper 'n brulgeluid, en die kinders al gillend na die den hardloop. Herhaal dit 'n tweede keer sodat die patroon vasgelê kan word.

5. Deel die staafklokke uit.

- 5.1 Hersien *Loof, loof die Here, kindertjies* (sien Les 2). Laat hulle vanaf die notasiekaart speel.⁷




⁷ By die hergebruik van die materiaal van vorige lesse word daar verwys na die vorige les en nie na die figuur ter sprake nie. Die figure word wel genoem wanneer dit aanvanklik gebruik word.



5.2 Voorbereidende oefening vir die vierde akkoord: **Bmol D F**

Wys 'n flitskaart waarop 1 en 4 en 5 aangedui is, wys op 'n syfer en oefen die beurtspel.

Wys 'n flitskaart met die eerste en derde reël van *Genade, onbeskryflik groot* (sien Les 4) : Oefen die reël goed.



5.3 Oefen ook die tweede en vierde reël van die lied:

5.4 Speel die hele lied: *Genade, onbeskryflik groot*.

Die navorser speel die lied se melodie op die blokfluit terwyl die opvoeder die vaste polsslag met die akkoordbegeleiding vir die kinders wys.

5.5 Die staafklokke word gebêre – elke kind bring sy/haar eie staafklok na die tas en vind die plek daarvoor.

6. Sing die totsiesweergawe van die *Groetliedjie* (2) (sien figuur 7.4 by Les 1).

Les 5


Doelstellings:

- Skep 'n genotvolle, ontspanne atmosfeer.
- Doen 'n suggestopedie-oefening saam met die musiek op die kasset *Kiddie Boogie* van Ingrid Birkenstock, *Little Snail, little snail*.
- Hersien die kwart- en agstenootwaardes.
- Lê die nootwaardes vas deur kleurkaarte, met kwart- of agstenote daarop, in verskillende patrone uit te pak. Speel dit met klokkies en stokkies.
- Gebruik 'n volkswysie-kanon, *London's burning*, met die nuwe woorde *Dankie Jesus* (sien figuur 7.7 van die les) om die aangeleerde nootwaardes uit te beeld. Speel dit met die staafklokke.
- Hersien *Genade, onbeskryflik groot* (sien Les 4).
- Leer 'n nuwe lied aan met die gebruik van kleurkode (sien bylae 10).
- Doen vaslegging van beurtspel met 'n gevorderde liedkeuse.
- Vir 'n ontspanningsoefening, doen *Any dream will do*, uit *Joseph and the amazing technicolour dreamcoat*, van Andrew Lloyd Webber saam met balonne.

Benodigdhede:

- Staafklokke
- Stokkies (ritmestokkies)
- Klokkies
- Trom
- 'n Bolletjie tou
- Trekklavier, CD-speler en blokfluit
- Kasset van Ingrid Birkenstock: *Kiddie Boogie: Little Snail, little snail*
- Kasset van Andrew Lloyd Webber: *Joseph and the amazing technicolour dreamcoat*
- Elf rooi flitskaarte met elk 'n kwartnoot op, met 'n groot **1** op die agterkant
- Drie blou flitskaarte met elk twee agstenote op, met 'n groot **5** op die agterkant
- Twee groen flitskaarte met elk 'n **4** op, met 'n groot rusteken agterop. (Die rusteken is vir toekomstige lesgebruik.)

- Twintig rooi serpe, twintig blou serpe en twintig geel serpe (vir om die nek en oor een skouer)
 - Flitskaarte van *Genade, onbeskryflik groot* (sien Les se akkoordnotasie by Les 3 en bylae 10.1)
1. Groet die kinders. Sien Les 1.
Sing die *Groetliedjie* (1) drie keer (Les 1)
 2. Suggestopedie-oefening: Speel *Little snail, little snail* van Ingrid Birkenstock se kasset *Kiddie boogie*. Die leerders rol hulleself in 'n bondeltjie en wys hulle gesigte, oë en neuse soos die musiek aandui.
 3. Verdeel die leerders in twee groepe met die tou in die middel. Hersien die kwart- en agstenootwaarde-begrippe, *wolf* en *jakkals*, soos gewys op die flitskaarte (sien Les 4).



kwartnootkaart




agstenootkaart

- 3.1 Hersien ook die *Jakkals-Wolf-patroon* (soos aanmekaar gedoen met die *Into the Woods*-speletjie). Wys hierdie keer die patrone aaneen op 'n wit flitskaart.



wat beteken



- 3.2 Deel die stokkies en klokkies uit. Stokkies speel die drie flitskaarte met die kwartnote. Klokkies speel die drie flitskaarte met die agstenote.



- 3.3 Pak die flitskaarte deurmekaar. Laat die stokkies en daarna die klokkies dit speel. Gee erkenning vir beide groepe se spel.

- 3.4 Gebruik die flitskaarte om die patroon van 'n bekende Engelse kanon, *London's burning* (sien figuur 7.7), uit te pak.



- 3.4.1 Klokkies begin met *Jakkals*, stokkies speel dan *Wolf, Wolf*.

Nou het hulle die beurtspel geoefen. Neem die instrumente in.

- 3.4.2. Deel kleurbande uit aan die twee groepe: Rooi bande vir Groep 1
Blou bande vir Groep 5

- 3.4.3 Deel die staafklokke uit:

F A C Groep 1 Hulle speel die rooi kwartnoot-flitskaart en dra rooi bande.

C E G Groep 5 Hulle speel die blou agstenoot-flitskaart en dra blou bande.

- 3.4.4 Speel die patroon by 3.2 bloot motories. Hulle volg dus net die leiding van die opvoeder. Sy kan hierdie twee versies sing op die wysie van *London's burning* terwyl sy vir hulle wys waar om te speel (sien figuur 7.7):

Dankie Jesus, vir 'n Pappa.
Dankie Jesus, vir 'n Mamma.
Dankie Jesus, vir 'n Oupa.
Dankie Jesus, vir 'n Ouma.

Dankie Jesus, vir 'n boetie.
Dankie Jesus, vir 'n sussie.
Dankie Jesus, vir 'n hondjie.
Dankie Jesus, vir 'n maatjie.

Dankie Jesus

Dan- kie Je - sus vir 'n Pap - pa. Dan- kie Je - sus vir 'n Mam - ma. Dan- kie





5
 Je - sus vir 'n boe - tie. Dan - kie Je - sus vir 'n sus - sie.

Figuur 7.7 *Dankie Jesus* op die wysie van *London's burning*

Daar word nie van die leerders verwag om die liedjie dadelik saam te sing met die speel van die staafklokke nie. Dit kan egter spontaan saamgesing word, indien hulle daartoe instaat is, maar dit sal afhang van hoe goed hulle vertrouwd is met die opvoeder en met hierdie soort van informele musiekopvoeding.

4. Hersien *Genade, onbeskryflik groot*.
- 4.1 Voeg 'n derde groep spelers van staafklokke by. Groep 3: **B mol D F**
 Laat hulle weer aan die kant van Groep 1 staan soos by Les 4. Hulle kry geel bande.

4.2 Pak die lyne hieronder uit met kleurflitskaarte op 'n groot A2-karton. Laat die leerders dit speel, en weer speel terwyl ander maats ook beurte kry om te speel (sien figuur 7.8).



Figuur 7.8 *Genade, onbeskryflik groot* opgebreek in akkoordpatroonlyne

Vestig die leerders se aandag op hoe die patroon lyk, die eerste en derde reëls wat dieselfde is, en neem dan drie flitskaarte met syfers in daardie patroon weg. Laat hulle dit weer speel, kyk hoe ver kan hulle speel sonder om te sukkel. Sodoende word oudiasie gestimuleer.

5. Sing die totsiensweergawe van die *Groetliedjie* (2) drie keer (sien figuur 7.4 by Les 1).

Les 6

Doelstellings:

- Skep 'n ontspanne atmosfeer.
- Lê die akkoorde 1 en 5 vas, asook 1, 4 en 5, met die hersiening van die vorige les.
- Ontwikkel ensemblespel verder.
- Oefen nootwaardes: kwartnote en agstenote saam met die akkoorde van **1** ('n kwartnoot elk op twee rooi kaarte) en **5** (twee agstenote op 'n blou kaart).
- Moedig oudiasie aan deur die herhaling van *Dankie Jesus* (sien Les 5).
- Vertel 'n musiekstorie en voer dit op met die leerders.
- Memoriseer die refrein uit die musiekstorie.
- Marsjeer met *Join the parade* van *Kindermusik for the young child, teacher's CD 1*.
- Sosialiseer. Sluit die kwartaal se lesse af met die uitdeel van staafklokplakkers en lekkers.

Benodigdhede:

- Staafklokke
- 'n Bolletjie tou
- Trekklavier en CD-speler
- Flitskaarte van **1 4** en **5**
- Twee rooi flitskaarte met elk 'n kwartnoot op
- Een blou flitskaart met twee agstenote op
- Twintig rooi, twintig blou en tien geel serpe
- 'n Kaart met die akkoordnommers van *Genade, onbeskryflik groot* (sien Les 3)
- Storieboek: *Good night, Hattie, my dearie, my dove*. Vertel die Afrikaanse weergawe (sien bylae 8).
- 'n Flitskaart met die akkoordnommers van *Good night, Hattie, my dearie, my dove*, vertaal as *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif*.
- Nege poppe wat in bogenoemde storie voorkom
- Matrassie en beddegoed

- Staafklokplakkers
- Lekkers

1. Groet die kinders. Sing die *Groetliedjie* (1) drie keer (sien Les 1).

2. Hersien akkoord **1** en **5** (van F majeur) **F A C**
C E G

2.1 Deel die staafklokke uit. Span die tou tussen die twee groepe. Hersien *Dankie Jesus* (sien Les 5). Pak die patroon uit met die blou agstenote en twee kwartnote.



2.2 Deel akkoord vier se staafklokke ook uit: **Bmol D** en **F**

Laat die leerders in Groep 4 weer langs Groep 1 staan, sodat **F** saam met Groep 1 sowel as saam met Groep 4 kan speel.


Wys die groot akkoordkaart van *Genade, onbeskryflik groot*. Speel al drie die akkoorde soos aangedui.

Laat hulle die staafklokke van elke groep op 'n skinkbord pak en eenkant neersit om later weer te gebruik.

3. Lees die vertaalde storie van Alice Schertle: *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif* (sien bylae 8). Laat nege leerders die poppe vashou, en laat een Hattie wees, wat dan die aksies wat in die storie gebeur, uitvoer.


3.1 Sing vir hulle die refrein: *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif* (gekomponeer deur F. Ludik: sien figuur 7.9).

Goodnight Hattie



Figuur 7.9 Die refrein van *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif*

- 3.2 Herhaal die storie. Kry nege ander leerders om die poppe vas te hou. Kies ook 'n Hattie. Maak 'n bed op, op die vloer.
- 3.3 Deel weer die staafklokke uit.
- 3.4 Wys die flitskaart met die akkoordpatroon van die refrein van *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif*. Oefen dit met die staafklokkespelers en speel wanneer die refrein in die storie voorkom (sien figuur 7.10).



Figuur 7.10 Die akkoordpatroon van *Goeie nag, Hattie, my diertjie, my duif*

- 3.5 Voer die storie op met al die poppe en dans met die marsmusiek van die CD, *Kindermusik for the young child, teacher's CD 1, nr. 7, Join the Parade*, van Jon en Jacque Negus.
4. Sing die totsiesweergawe van die *Groetliedjie* (2) drie keer (sien Les 1).

6.3.4 Assessering

Hierdie studie maak gebruik van 'n eksperimentele aksie-navorsing (McBride en Baldwin 2000:49). Die assesseringsvorm wat opgestel is om hierdie navorsing te assessee (sien bylae 14), is gebaseer op dié van McBride en Baldwin (2000: 65) (sien bylae 16).

Die algemene gevoel van die musiekopvoeder, Francé Ludik, die hulpopvoeder, Linda Stroebel en die Kleuterkerkhoof, Petro du Plessis, is dat die lesse geslaag het in die doel om aan leerders die program van musiekleer met staafklokkespel bekend te stel. Daar was nie groot verskille in die musiekvaardighede by die twee groepe waar die lesse aangebied is nie.

Opsomming van die assesseringsverslae:

Ter wille van die verstaanbaarheid van die nummering op die assesseringsvorm (sien bylae 14), word dieselfde nummering hieronder gebruik. Dit verskil van die nummering van die tesis.

1. *Doelstellings*: Die belangrikste doelstelling of doelwitte was om 'n ontspanne atmosfeer te skep waarin leerders aangemoedig kan word om deel te neem. Die gebruik van aanvullende CD's en kassette het bygedra tot die ontspanne atmosfeer wat entoesiasme vir die musiekklesse aangemoedig het by leerders. Dit was goeie afwisseling vir die staafklokkespel. Die doelstellings vir elke les was eenvoudig, dus nie buite bereik van die leerders nie. Die lesse het progressief moeiliker geraak, en daar is met voorbereidende oefeninge goeie resultate bereik met die doelstellings. Die Helderberg Kleuterkerk (HK) se kleuters het "goed" reageer volgens die doelstellings in Lesse 1, 2, 4 en 6. Les 3 was slegs "bevredigend", en Les 5 was "uitstekend". Sir Lowryspas (SL) se leerders het ook "goed" reageer volgens die doelstellings in Lesse 1, 2, 5 en 6, ook "bevredigend" in Les 3, en Les 4 was "uitstekend". Albei groepe het swakker gevaar met Les 3. Die derde akkoord wat aangeleer is, die subdominant akkoord (akkoord 4 van 1, 5 en 4) in hierdie les, het dit waarskynlik moeiliker gemaak om die doelstellings te bereik.
2. *Deelname: Spontaan, met selfvertroue*: Die HK se kleuters het deurentyd 'n "goed" gekry vir spontaneïteit vir hulle deelname. By Les 5 het hulle "uitstekend" gevaar met veral "Dankie Jesus", en het spontaan saam gesing en nog voorstelle gemaak vir wat nog kan inpas in die ritme. SL se leerders het ook spontaan deelgeneem, en het "goed" gevaar in die eerste drie lesse. Hulle het spontaan begin saamsing in Les 2, wat nie van hulle verwag is nie. Lesse 4, 5 en 6 het hulle uitstekend gevaar met deelname en spontaneïteit. Die feit dat hulle as skoolgroep saam is elke dag,

speel waarskynlik ook 'n rol hierin terwyl daar geen kontinuïteit by die HK is nie. Daarom het min HK-kleuters al die lesse bygewoon.

3. *Luistervermoë:*

3.1 *Reageer op opdragte:* Die HK se kleuters het Les 1 “goed” gereageer, Les 2 en 3, “bevredigend en laer gemiddeld”, maar vanaf Les 4 tot 6 het hulle weer “goed” gereageer op opdragte. SL se leerders was in Les 1 nog nie gewoond aan opdragte van so 'n aard nie, en het “bevredigend” gereageer. Hulle het gou aangepas en Les 2 se opdragte was “goed” uitgevoer, terwyl Les 4 “uitstekend” gegaan het. Die klas het die speletjie “Into the woods” baie geniet, en hulle was duidelik bang vir die wolf in die bos. Die res van die les was hulle ensemblespel ook “uitstekend”. Les 5 en 6 was weer “goed”.

3.2 *Musikale aanvoeling:* Dis opvallend dat die HK se kleuters in al ses lesse “goed” musikaal vertoon, waarskynlik aangesien die meeste van die kleuters gewoond is aan speelgroepopvoeders van 'n vroeë ouderdom af, meestal vier jaar oud. SL se leerders vertoon musikaal “bevredigend” in Les 1 omdat hulle dalk nog nie aan die navorsers se ekspressiewe metodes gewoond is nie. Vanaf Les 2 tot 6 is dit egter ook “goed”.

4. *Konsentrasievermoë:*

4.1 *Volgehoue aandag:* Die HK se kleuters se aandag het aanvanklik gewissel van “goed” by Les 1, tot “uitstekend” by Les 2, en tot “bevredigend” in Les 3. Vanaf Les 4 tot 5 was dit weer “goed”. Les 6 was “bevredigend”. Die les het heelwat aktiwiteite gehad, daarom het dit dalk 'n bietjie lank geraak. Dis opvallend dat die aandag van SL se leerders in Les 1 en 2 “uitstekend” was, by Les 3, wat 'n moeiliker les was, “goed”, en weer “uitstekend” in Les 4. Les 5 en 6 was weer “goed”.

4.2 *Begrip:* Die HK se kleuters se begrip was in al ses lesse “goed”. Dit bewys dat die staafklokprogram verstaanbaar, dus toeganklik is vir kleuters van daardie ouderdom. SL se leerders se begrip het gewissel van Les 1, “goed”, Les 2, “bevredigend”, Les 3, 4 en 5, “goed” en Les 6 weer “uitstekend”. Die beeldmateriaal van bylae 17 wys dat die leerders verstaan hoe en wanneer om die staafklokke te bespeel. Dit is verblydend as in ag geneem word dat staafklokke as 'n reël nie in die VSA gebruik word vir hierdie ouderdom kind nie.

4.3 *Oudiasie*: Om te kan oudieer, sal beteken dat leerders die musiek verstaan. Dit is ook een van die langtermyn doelwitte van die staafklokprogram. Dit word egter eers geassesseer later in die program, vanaf Les 4 tot 6. Sekere leerders in albei groepe het wel getoon dat hulle reeds kan oudieer deurdat hulle die akkoorde met gemak gebruik het sonder om op die eenvoudige notasiekaarte te kyk. Die leerders het die basiese akkoorde, naamlik die tonika, subdominant en dominant, asook die basiese bordunpatrone baasgeraak. Die sogenaamde *oudiasie* vind nog baie basies plaas op hierdie vroeë stadium van die musiekprogram, aangesien dit 'n vaardigheid is wat die gehoor stimuleer en met oefening ontwikkel. Die HK se kleuters het in Les 4 tot 6 “goed” gedoen in die weergee van basiese oudiasie. SL se leerders het in Les 4 tot 6 ook “goed” gedoen.

5. *Tegniek*:

5.1 *Ritmiese vaardigheid/ hou vaste polsslag*: Die meeste van die leerders van hierdie ouderdom moet geleer word om die vaste polsslag aan te voel. Dit is 'n moeilike ritmiese vaardigheid, soos gesien kan word by albei groepe. HK se kleuters het gesukkel in Les 1 en 2 om die vaste polsslag te hou. In Les 3 tot 6 slaag leerders daarin om die vaste polsslag “goed” te hou. SL se leerders kry hulle laagste assessering van alles in hierdie afdeling. Les 1 word hulle assesseer met “ondervind probleme”, Les 2 verbeter na “bevreëdigend” en Les 3 tot 6 is “goed”, wat uitwys hoe maklik leerders musiekvaardighede kan ontwikkel.

5.2 *Fisiese vaardigheid/instrumentale beheer*: Aanvanklik hanteer die HK se kleuters die instrumente, veral die staafklokke “goed” in Les 1. In Les 2 speel hulle die instrumente “bevreëdigend”, Les 3 weer “goed” asook Les 4. Les 5 en 6 is uitstekend. Dit bewys hoe 'n waardevolle musiekinstrument die stel staafklokke is vir ensemblespel. SL se leerders het beïndruk met hulle aanvanklike hantering van die staafklokke met die beste assessering vir 'n eerste les. Hulle het in Les 1 “uitstekend” gevaar met die hantering van die staafklokke. Van Les 2 tot 6 het hulle “goed” gevaar met die speel van die staafklokke. Soms is daar leerders wat nog sukkel met die sirkelbeweging wat die staafklokke moet speel..

6. *Sangvaardigheid*:

6.1 *Selfvertroue om te sing*: Om staafklokke te bespeel, verg baie konsentrasie. Dis nie maklik om saam met die speel van 'n instrument te sing nie. Daarom word sang nie geassesseer in die eerste drie lesse nie. Daar kan wel gesing word

wanneer leerders beurt maak om die staafklokke te hanteer. Leerders wat instrumente speel, hoef dan nie te sing nie. Ruil dan met die ander maats om sodat almal 'n beurt kry om instrumente te speel asook om te sing. Die HK se kleuters het goeie selfvertroue om te sing volgens Les 4. Les 5 se "Dankie Jesus" was "uitstekend" en Les 6 was weer "goed".

6.2 *Maklik liedere aanleer:* Die liedere wat gekies is vir die studie is baie eenvoudig, buiten "Genade, onbeskryflik groot". Leerders het dikwels die akkoorde gesing saam met laasgenoemde omdat dit moeilik is om die drie akkoorde gelyk te speel en die woorde te sing. Liedere soos "Loof, loof die Here, kindertjies" met eenvoudige woorde en melodie kon die leerders wel saamsing (sien Les 2) asook "Dankie Jesus" (sien Les 5). HK se kleuters het maklik die liedere aangeleer, Les 4 was "goed", Les 5 was "uitstekend", Les 6 was "goed". SL se leerders het by Les 4, 5 en 6 almal "goed" gedoen. Hulle het by Les 2 spontaan saamgesing met "Loof, loof die Here, kindertjies."

6.3 *Goeie begrip van toonhoogte:* Beide groepe het in Les 4 tot 6 nie 'n probleem gehad met toonhoogte nie, en is albei geassesseer met "goed" vir al die lesse ter sprake.

6.4 *Sing en instrumente beheer:* Dit is 'n moeilike opdrag en slegs eenvoudige liedere soos hierbo bespreek, leen hulle dat leerders sing en instrumente saam bespeel. Alhoewel daar gevalle was waar leerders lekker saamgesing het, is dit nie geassesseer in die eerste drie lesse nie. Die HK se kleuters het in Les 4 "bevredigend" gesing, terwyl Les 5 en 6 se liedere "uitstekend" was. SL se leerders het in Les 4, 5 en 6 "bevredigend" gesing.

7. Sosiale gedrag:

7.1 *Aanpassing van die individu in die groep:* Die HK se kleuters het aanvanklik net "bevredigend" aangepas in Les 1 en 2 omdat die groep elke week verskil. In Les 3 tot 6 het hulle "goed" aangepas. Hulle het beter geweet wat om te verwag. SL se leerders het in Les 1 en 6 "uitstekend" saamgewerk as 'n groep. Les 2 was "bevredigend". Les 3, 4 en 5 was "goed".

7.2 *Groepsamewerking: Hoe reageer die groep:* Die HK se kleuters se samewerking het gewissel van Les 1, 2 en 5 wat "goed" was, na Les 3, 4 en 6 wat "bevredigend" was. SL se leerders het "goed" saamgewerk as groep, waarskynlik omdat die klas goeie dissipline gehad het, en die opvoeder goed georganiseerd was. In Les 1, 2,

3, 5 en 6 het hulle "goed" saamgewerk. Les 4 het "uitstekend" afgeloop. Die speletjie "Into the woods" het goed geslaag om 'n groepsgevoel te skep.

7.3 Musiekleer word op 'n speelse en genotvolle metode saam met ander slaginstrumente en musiekopnames aangebied. Die onderwerpe wat in die lesse gebruik is, het aangesluit by hulle alledaagse lewens: Die leerders het die onderwerpe van die huis en slaaptyd in die storie van Les 6 ooglopend geniet, soos die aktiwiteite om beurte te maak om die poppe te hanteer, te dans en te slaap.

Die sesweke-program bewys dat ensemblewerk met die staafklokke moontlik is sonder urelange oefening of vorige ondervinding. Die leerders het maklik sukses beleef wat hulle belangstelling in die opvolgende lesse aangewakker het.

Alle leerders het wel kans gehad om die instrumente te speel en kon die speeltegnieke maklik baasraak. Sommige leerders het aanvanklik gesukkel om saam op die vaste polsslag te speel en moes deur die opvoeders gehelp word. Die deelname was goed en spontaneïteit het gegroei, veral by die graad 1-groep van Laerskool Sir Lowryspas.

Die Sir Lowryspas-groep het baie goed reageer op opdragte tydens die lesse. Die goeie dissipline in die klaskamer kan dalk een van die redes hiervoor wees. Aan die ander kant kan té streng dissipline veroorsaak dat leerders minder spontaan is in lesse. By die Sir Lowryspas-groep het leerders met die lesse algaande meer spontaan deelgeneem. Die dissipline by die kleuterkerk is egter swak: Dit neem meer tyd en energie om die kleuters se samewerking te kry as by die graad 1-groep. Oor die lang termyn, byvoorbeeld 'n jaar, behoort die leerders en die musiekopvoeder 'n spontane vertrouensverhouding te kan bou wat nog beter resultate behoort te lewer. Sien bylae 15.1 tot 15.12 vir meer besonderhede rakende die assessering van die lesse.

6.4 Slotopmerking

Staafklokke en 'n staafklokprogram behoort in musiekopvoeding in Suid-Afrika gebruik te word. Dit hou soveel voordele in vir musiekopvoeding. Die hoeveelheid leerders wat bereik sal word, sal afhang van opvoeders se bereidheid om sodanige programme te loods sowel as die nodige fondse te in. Die fondse wat by kerke beskikbaar is om die staafklokke aan te koop en die gewilligheid van gemeentes om fondse vir hierdie doel in

te samesel, speel 'n sleutelrol in die sukses van so 'n program. 'n Ander belangrike faktor is dat leerders gelyke geleentehede behoort te ontvang. Gemeentes se bereidheid om uit te reik na historiesbenadeelde omgewings sal 'n groot invloed hê en wonderlike geleentehede vir kinders sowel as volwassenes bied.

Die klokke verleen 'n spesiale atmosfeer aan geleentehede waar dit gespeel word. Volgens die navorser kan daar met die gebruik van die staafklokke daarin geslaag word, eerstens, om God te eer. Kinders kan van kleins af geleer word dat God die mens só liefhet dat Hy ons deur die kruisdood van Jesus gered het. Hy wil hê elke mens moet Hom met sy/haar lewe eer. As gevolg van die unieke karakter van musiek, en omdat die Here aan alle mense 'n mate van musikale begaafdheid skenk, kan ons God met musiek loof. Kleuters behoort reeds in die kleuterkerk musiek te leer wanneer hulle in hulle vormende jare is. Daardeur word die kinders bewus gemaak van God en hoe die mens musiek kan gebruik om Hom te eer: tot versterking van die mens se geestelike lewe en opbou van die mens as holistiese wese. Die onderrig in staafklokke maak dit vir die leerders moontlik om God op 'n besondere manier te eer en te leer ken.

Tweedens kan daar met die gebruik van die staafklokke daarin geslaag word om ons naaste, die breë gemeenskap, te dien. Grobler (1990: 8) sluit hierby aan: "Opvoeding deur musiek het 'n breë gemeenskapvormende doel voor oë wat ooreenstem met die algemene doelstelling van musiek, naamlik die opheffing of bewusmaking van die waarde van musiek by die gemeenskap".

Dit gaan hier oor musiekopvoeding in die kerk, skool en breë gemeenskap met behulp van hierdie veelsydige staafklokinstrumente. Die gebruik van staafklokke is in die NGK Helderberg se kleuterkerk en in 'n graad 1-klas van Laerskool Sir Lowryspas getoets. As 'n voorbeeld van musiekopvoeding binne en aan die breë gemeenskap, is musiek aan die Tygerbergse Kinderkoor geskenk om uit te voer, soos ingesluit in die DVD (sien afdeling 6.3.3 en bylae 17). Hierdie studie kan 'n bydrae maak om musiek deur die gebruik van staafklokke aan alle leerders bekend te stel. Dit is egter nie 'n volledige kurrikulum nie. Daar word gebruik gemaak van voorbereidende oudiasie, Gordon

(1984: 11) se proses van musiekherkenning. Dit behels die gebruik van veral harmoniese patrone.

Daar kan in 'n verdere studie ondersoek ingestel word na 'n hele musiekleercurriculum vir kleuters en/of graad 1- tot 3-leerders, bestaande uit 'n tweejaar-program. Die navorser hoop egter dat hierdie studie genoeg musiekopvoeders sal inspireer dat hulle sal begin eksperimenteer en beplan ten einde 'n staafklokvereniging in Suid-Afrika te stig wat na handklokke sal uitbrei. Dit is 'n stimulerende en energieke manier om by kinders 'n liefde vir musiek te probeer aankweek en vir hulle meer te leer van musiekmaak self. Daar kan begin word met eenvoudige akkoordbegeleidings, waarna hulle meer van ritme en melodie kan leer. In die proses behoort kinders se kennis oor musiekelemente en -instrumente ook te ontwikkel.

Die navorser het reeds navrae van 'n laerskool in Stellenbosch sowel as Hermanus gekry oor die moontlikheid om 'n musiekprogram met staafklokke daar aan te bied. Dit wil dus voorkom of die strategie om musiekleer met 'n godsdienstige inslag in skole aan te bied alreeds posgevat het nadat die loodsprogramme bekend geword het.

Hierdie studie het ook uitgewys dat kleuters se musikale aanleg nie regtig deur sosio-ekonomiese status en musiekopleiding bepaal word nie. Die blootstelling aan 'n musiekryke omgewing en die leiding deur 'n bekwame musiekopvoeder met 'n passie vir God en musiek kan kinders help om hulle natuurlike musikale vermoëns maksimaal te ontwikkel. Die verblydende feit is dat die verskille in musiekomgewings, ook agterstande as gevolg hiervan, juis deur musiekopvoeding van hierdie aard uitgeskakel kan word. Die gebruik van die staafklokke maak dit moontlik.

Dit is 'n groot uitdaging om die gebruik van staafklokke in Suid-Afrikaanse kerke en skole te laat posvat. Selfs in die VSA werk musiekopvoeders daaraan dat klokkespel aanvaar kan word deur professionele musici en opvoedkundige instansies as volwaardige instrumente vir uitvoerings en opvoedkundige doeleindes (Moore, 2000: 34). Die hipotese van hierdie studie is dat die staafklokkespel kan slaag in Suid-Afrikaanse musiekopvoedingsituasies, soos uitgewys deur die eksperimentele aksienavorsing.

BRONNELYS⁸

Alvin, J. 1965. *Music for the Handicapped Child*. Londen: Oxford University Press.

Armstrong, T. 1987. *In Their Own Way. Discovering and encouraging your child's personal learning style*. New York: G.P. Putnam's Sons.

Armstrong, T. 1993. *7 Kinds of smart. Identifying and developing your many intelligences*. New York: Plume.

Armstrong, T. 1994. *Multiple intelligences in the classroom*. Alexandrië: Association for Supervision and Curriculum Development.

Arnold, D. 1983. *The New Oxford Companion to Music*. New York: Oxford University Press.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Aangepaste teks. Kaapstad: Oxford University Press. Oorspronklike uitgawe: Babbie, J. 1998. *The practice of social research*. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Co.

Bamberger, J. 1991. *The Mind Behind the Musical Ear*. Cambridge: Harvard University Press.

Barber, L.W. 1989. *Attitude Education in Early Childhood* in D. Blazer (red.). *Faith Development in Early Childhood*. Kanuga: Sheed & Ward.

Benedict, D.T. & Miller C K. 1998. *Contemporary Worship for the 21st Century*. Nashville: Discipleship Resources.

Berkhof, L. & Van Til, C. 1990. *Foundations of Christian Education*. New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

⁸ Hierdie bronnelys bevat ook bronne waarna daar in die bylaes verwys is.

- Berry, S. 2000. *Healthy Ringing*. Michigan: Handbell Services.
- Birkenstock, I. 1984. *Kiddie Boogie* (kasset). Kaapstad: Al Saut Studios.
- Blackwell, A. 1999. *The Sacred in Music*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Bluestine, E. 2000. *The Ways Children Learn Music*. Chicago: GIA Publications.
- Bunt, L. 1994. *Music Therapy: An art beyond words*. Londen: Routledge.
- Camp, J. 1974. *Bell Ringing*. Londen: Sands & Co.
- Choksy, L. 2003. "Making (which?) Music Together". Seminaar gelewer by die 16de Internasionale Kodály-simposium. 11 Julie, New South Wales.
- Clark, B. 1986. *Optimizing Learning: The Integrative Education Model in the Classroom*. Columbus, Ohio: Merrill Publishing Company.
- Coertzen, A. 2000. "Die ontwikkelingsfases van die jong kind (vier- tot agtjaar) en die implikasies daarvan vir die musiekopvoeding". Ongepubliseerde M-klasnotas. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Curtis, A. 1986. *A Curriculum for the Pre-School Child*. Londen: NFER-Nelson Publishing.
- Dalby, B. [s.j.] The Gordon Institute for Music Learning: Albuquerque [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.giml.org> [2004, 16 Februarie].
- Deo, J. 2003. Elementary and Secondary Curriculum, Music Education Homepage, Summer [Intyds]. Beskikbaar: <http://portfolios.music.ufl.edu/jdeo/ap5illustration3.html> [2004, 4 Junie].

Gardner, H. 1983. *Frames of mind: The theory of multiple intelligences*. New York: Basic Books.

Gay, S & Gay, M. 1990. *Songs of Praise* (CD). Nashville, TN: Cedarmont Music.

Gilbert, A.G. 1992. *Creative dance for all ages*. Reston, VA: The American Alliance for Health, Physical Education, Recreation and Dance.

Goff, K.G. 2001. "What to Look for in a Music Teacher" in *The Washington Times*, 1 Julie.

Gordon, E. 1971. *The Psychology of Music Teaching*. New Jersey: Prentice Hall.

Gordon, E. 1979. *The Primary Measures of Music Audiation*. Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1980. *Learning Sequences in Music: Skill, Content and Patterns*, Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1982. *The Intermediate Measures of Music Audiation*. Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1984. *Learning Sequences in Music: Skill, Content and Patterns*, Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1989. *The Advanced Measures of Music Audiation*. Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1995. *Musical Aptitude Profile*. Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Gordon, E. 1997. *A Music Learning Theory for Newborn and Young Children*, Chicago, Illinois: G.I.A. Publications.

Grimes, C. 1996. "Montessori Education" in *Mom's & Dad's Magazine*, July/August: 1-4.

Grobler, R. 1990. *Musiek in die Preprimêre Skool*. Durban: Butterworths.

Handbell Music Catalog 2004-2005. Chicago, Illinois: GIA Publications & Irmo: Jeffers Handbell Supply.

Hawn, M.C. 2003. *Gather into One: Praying and Singing Globally*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans.

Heyge, L & Sillick, A. 1995a. *God's Children sing: Music and Movement*. Greensboro, NC: Music Matters.

Heyge, L & Sillick, A. 1995b. *Music Makers: At home in the World*. Greensboro, NC: Music Matters.

Heyge, L & Sillick, A. 1995c. *The Cycle of Seasons: A Musial Celebration of the Year for Young Children*. Greensboro, NC, Music Matters.

Hoffer, C.R. 1993. *Introduction to Music Education*. Kalifornië: Wadsworth.

Huffman, C. 2002. "Music Education for the 21st Century" in *The Orff Echo*, Spring: 16-17.

Huntsinger, D. 1996. *New England Sunrise* (CD). Nashville, TN: Unison Music.

Jaar, M. 1994. Persoonlike onderhoud. 5 Februarie, Somerset-Wes.

Jeter, D. 2000a. *The Kodály Method* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.musicstaff.com/lounge/article3.asp> [2004, 19 Julie].

Jeter, D. 2000b. *The Orff Process* [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.musicstaff.com/lounge/ideas.asp> [2004, 19 Julie].

Johansson, C.M. 1984. *Music & Ministry, A Biblical Counterpoint*. Massachusetts: Hendrickson Publishers.

Keller, M.R. [s.j.] *Score Study Techniques*. Dayton, Ohio: AGEHR.

Kestenberg, L. 1921. *Musikerziehung und Musikpflege*. Leipzig: Mainz: B. Schott's Söhne.

Kim, Y.M. 2004. "Didactic strategies for the use of lyrics in religious education". Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Langer, S.K. 1974. *Philosophy in a New Key*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Lehman, P. R. 1968. *Tests and Measurements in Music*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.

Lesch, F. 2005. Persoonlike onderhoud. 11 April, Stellenbosch.

Mark, M. 1978. *Contemporary Music Education*. New York: Schirmer Books.

McBride, M. B. & Baldwin, M. 2000. *Meeting the National Standards with Handbells and Handchimes*. Londen: The Scarecrow Press.

McCown, R., Driscoll, M. & Roop, P. 1996. *Educational Psychology: A learning-centered approach to classroom practice*. Massachusetts: Allyn & Bacon.

McLachlan, P. [s.j.] *Klasonderrig in musiek: 'n Handleiding vir onderwysers*. Goodwood: Nasou.

McLachlan, P. [s.j.] *Notepret. Boek 1-5*. Goodwood: Nasou.

McLean, R. B. 1998. *New Harmonies: Choosing contemporary music for worship*. Washington DC: The Alban Institute.

Miller, L. 2001a. *Chime Magic*. Irmo SC: Jeffers Handbell Supply.

Miller, L. 2001b. *Little Echo*, Irmo SC: Jeffers Handbell Supply.

Montessori, M. 1930. *The Child in the Church*. Londen: Sands & Co.

Montessori, M. 1973. *The absorbent mind*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Moog, H. 1968. *Das Musikerleben des Vorschulpflichtigen Kindes*. Mainz: B. Schott's Söhne. Vertaal deur Clarke, Claudia. *The Musical Experience of the Pre-school Child*. Cambridge: Heffers Printers.

Moore, D. K. 2000. *Ringin' Right! From the beginning*. Dayton, Ohio: AGEHR.

Negus, J. en J. 1998. *Join the Parade, Kindermusik for the young child* (CD). Teacher's CD 1, nr. 7. Greensboro: Kindermusik International.

New "Mew-sic" for Handbells and Chimes! [s.j.] Irmo, SC: Ring Out! Press & Composers Music Company.

New Music for handbells, Fall 2004. Irmo, SC.: Lorenz Publishing Company & Jeffers Handbell Supply.

New Music for handbells, Summer/Fall 2004. Irmo, SC: Beckenhorst Press & Jeffers Handbell Supply.

Nuwe Afrikaanse Bybel. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Olaf, M. 2004. *The Montessori method*. [Intyds]. Beskikbaar:

<http://www.michaelolaf.html> [2004, 11 Junie].

Orff, C. & Keetman, G. 1960a. *Music for Children, Volume 1: Pentatonic*. Mainz: B. Schott's Söhne.

Orff, C. & Keetman, G. 1960b. *Music for Children, Volume 2: Major: Drone Bass Triads*. Mainz: B. Schott's Söhne.

Orff, C. & Keetman, G. 1960c. *Music for Children, Volume 3: Major: Triads*. Mainz: B. Schott's Söhne.

Pageais, M. 1997. *The Power Of Music in Communication and Development of the Child*. Montessori Congress 97 [Intyds]. Beskikbaar:

<http://www.ilu.uu.se/ILU/MONTESSORI/MthePow.htm> [2004, 30 Junie].

Pinzino, E. 1998. *A conversation with Edwin Gordon* [Intyds]. Beskikbaar:

<http://www.qiml.org/frames.html> [2004, 11 Junie].

Rosene, P. E. 1984. *Making music with Choirchime Instruments*. Illinois: Agape.

Roux, C. 1990. *Die Religieuse Potensiaal van die Kind*. Stellenbosch: Kindergodsdiensburo.

Schertle, A. 1985. *Goodnight, Hattie, My Dearie, My Dove*. New York: Lothrop, Lee & Shepard Books.

Schiff, M. 1997. "Orff Schulwerk in South Africa" in *The Orff Echo*, Spring : 11-15.

Stamou, L. 2001. "Spontaneity-Creativity-Improvisation-Composition: A Developmental Process" in *The Orff Echo*, Fall: 36-38.

Stephenson, V. W. [s.j.] *A Practical Handbook for Handbell Directors*. Dayton: AGEHR.

Strydom, L. W. 1994. *Sing nuwe sange, nuutgebore*. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Suzuki, S., Mills, E., Ferro, M., Schreiber, M., Behrend, L., Jempelis, A., Kendall, J., Mills, H., Rowell, M., Tillson, D. 1973. *The Suzuki Concept: An introduction to a successful method for early music education*. Berkeley: Diablo Press.

Swears, L. & Heyge, L. L. 1990. *Kindermusik Beginnings. Teacher's Guide*. Greensboro: Kindermusik International.

Szönyi, E. 1973. *Kodaly's Principles in Practice*. Londen: Boosey & Hawkes.

Thompson, M. L. 1996. *Handbell Helper*. Nashville: Abingdon Press.

Tittley, M. 2000 *A Manual for Worship Leaders* [Intyds].

Beskikbaar: <http://www.calvarychapel.com/redbarn/manual.htm> [2003, 20 Oktober].

Topp, D. 1976. *Music in the Christian Community*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Trent, J., Osborne, R. & Bruner, K. 2000. *Geestelike groei van kinders*. Vereeniging: Afrikaanse Christelike Uitgewersmaatskappy.

Tygerbergse Kinderkoor. 2004. *Christmas Time / Dis Kersfees* (DVD). Somerset-Wes: Promedia.

Van Valey, J & Berry, S. 1990a. *Learning to Ring Series: Favorite Hymns for two octaves*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Van Valey, J & Berry, S. 1990b. *Learning to Ring Series: Favorite Hymns for three octaves*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Van Valey, J & Berry, S. 1990c. *Learning to Ring Series: Rhythm skills for ringers*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Van Valey, J & Berry, S. 1990d. *Learning to Ring Series: Standard Hymns for three octaves*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Van Valey, J & Berry, S. 1990e. *Learning to Ring Series: The Handbell curriculum: Director's Manuel*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Van Valey, J & Berry, S. 1990f. *Learning to Ring Series: Using Handchimes*, Dayton, Ohio, Lorenz Publishing Co.

Verster, H. 2005. Korrespondensie. 26 April, Bloemfontein.

Warner, B. 1995. "Music Literacy and Orff Schulwerk" in *The Orff Echo*, Fall: 22-25.

Westminster Shorter Catechism [Intyds]. Beskikbaar:
http://www.shortercatechism.com/resources/wsc/wsc_001.html [2005, 11 Oktober].

Webber, A. L. *Joseph and his amazing technicolour dreamcoat: Any dream will do* [Intyds]. Beskikbaar: <http://mp3break.com/mp3-songs.html?album=/3521&artist=947> [2005, 12 Oktober].

Wang, J. 2005. *Zoltán Kodály* [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.public.asu.edu/~jwang2/portfolio/methods/kodaly/kodaly.html> [2005, 17 Oktober].

Wiid, A. 2004. *Stefan Stafie*. Deel 1 en 2. Ongepubliseerde storie geskryf vir studiedoeleindes.

Wise, V. 2004. "The Montessori Method stresses hands-on learning" in *The Washington Post*, 10 Junie: 4.

BYLAES

Bylae 1

'n Pryslys van tafelklokkies "desk bells"

Handbells and Deskbells

Top quality construction and amazingly clear intonation make these handbell sets a great value. Each of these beautiful metal bells has note names and numbers clearly marked and corresponds with the notes and numbers in the two songbooks. The handles on the Handbells are 5" tall, enabling players to grasp the bells securely.

Desk bells are the easy to play, getting a quick response by simply tapping the top of each bell. They come with a song sheet, but we recommend our two songbooks (available separately), which include 25 songs each with music, words, chord symbols and names of notes and numbers for easy playing. (Ages 3+)

**Handbell Sets**

Diatonic 8 Note Handbell Set (C-c)- the best value available!
4080 8 Note Handbell Set \$39.50

Chromatic Add-on Handbells (C#, D#, F#, G#, A#) are for those who already own the Diatonic 8 Note Handbell Set (listed above).
4081 Chromatic Add-on Handbells \$28.00

Expanded Range Handbells include Low A, A#, B, High C#, D, D#, E.
4082 Expanded Range Handbells \$40.00

Complete C-c 13 Note Chromatic Handbell Set
4083 13 Note Chromatic Handbells \$65.00

The **Complete Chromatic Handbell Set** includes twenty notes, Low A to High E.
4084 Complete Chromatic Handbell Set \$100.00

Deskbell Sets

The **8 Note Deskbell Set** features bright colors and correct intonation. Sure to be a hit with kids of all ages! Each individual note in the C-c diatonic set includes the name of note and number, making it possible to easily play hundreds of songs.

4090 8 Note Deskbell Set \$47.50

Chromatic Add-on Deskbells (C#, D#, F#, G#, A#) are for those who already own the Diatonic 8 Note Deskbell Set (listed above).
4091 Chromatic Add-on Deskbells \$33.00

Expanded Range Deskbells include Low A, A#, B, High C#, D, D#, E.
4092 Expanded Range Deskbells \$49.00

Complete C-c 13 Note Chromatic Deskbell Set
4093 13 Note Chromatic Deskbells \$77.00

The **Complete Chromatic Deskbell Set** includes twenty notes, Low A to High E.
4094 Complete Chromatic Deskbell Set \$120.00

KidsPlay® Bell Cases

These new cases make storing and transporting bells easier than ever. The heavy-duty nylon material is virtually indestructible! These cases have a 90-day limited warranty from the date of purchase.

Handbells: For use with KidsPlay® Handbells. Stock number 4086 weighs .55 lbs empty and 2.3 lbs when holding 8 handbells. Stock number 4087 weighs .8 lbs empty and 3.6 lbs when holding 13 handbells.

Deskbells: For use with KidsPlay® Deskbells. Stock number 4096 weighs 1.4 lbs empty and 3.3 lbs when holding 8 deskbells. Stock number 4097 weighs 2.3 lbs empty and 5.6 lbs when holding 13 deskbells. Stock number 4098 weighs 2.9 lbs empty and 7.6 lbs when holding 20 deskbells.

4086 Kidsplay Handbell Case (holds up to 8 bells) \$10.50
4087 Kidsplay Handbell Case (holds up to 13 bells) \$19.50
4096 Kidsplay Deskbell Case (holds up to 8 bells) \$18.50
4097 Kidsplay Deskbell Case (holds up to 13 bells) \$21.50
4098 Kidsplay Deskbell Case (holds up to 20 bells) \$24.50

KidsPlay® Color**Coded Cards**

The chord cards are color coded to be compatible with the Kidsplay Handbells and Deskbells. The useful card holders feature clear envelopes for each card, holding up to eight cards for display.

4070 Cards for 8 Note Set \$7.95
4071 Cards for 13+ Note Set \$36.95
4072 Card Holder (holds 8 cards) \$14.95

**Jeffers Handbell Supply, Inc.**

1-800-JHS-BELL

Fax Your Order Anytime to (803) 781-3020

Email: support@jhsbell.comwww.HandbellWorld.com

268

1 Doen net u wil, Heer, u wil met my, soos pot - te

The first system of musical notation consists of a treble and bass staff. The treble staff has a key signature of one flat (B-flat) and a 9/4 time signature. The melody begins with a half note G4, followed by quarter notes A4, Bb4, and C5. The bass staff provides a simple accompaniment with half notes G2, Bb2, and C3.

bak - kers maak met hul klei! Neem my en vorm my net soos U

The second system continues the melody. The treble staff features a half note D5, followed by quarter notes E5, F5, and G5. The bass staff continues with half notes G2, Bb2, and C3.

wil. Op U, Heer, wag ek, nee - drig en stil.

The third system concludes the piece. The treble staff has a half note G5, followed by quarter notes F5, E5, and D5. The bass staff continues with half notes G2, Bb2, and C3. The system ends with a double bar line.

Stuur ons, Here

Voorsanger(s)
Stuur ons, Heer!

Gemeente

1. Stuur ons, He - re, stuur ons He - re,
2. krag, Heer, gee ons krag, Heer,
3. gaan, Heer ons sal gaan, Heer,

1. 2. 3.

2. Gee ons krag!
3. Ons sal gaan!

1. stuur ons, He - re, in u Naam! Gee ons
2. gee ons krag, Heer, in u Naam! Ons sal
3. ons sal gaan, Heer, in u Naam!

Teks: Vrye Afrikaanse weergawe van tradisionele isiZoeloe, isiXhosa en Sesotho tekste

Melodie: THUMA MINA - tradisioneel Suid-Afrika (isiZoeloe)

© Utryck, Uppsala, Swede (harmonisasie)

Lied 67 - Psalm 67

Teks: TT Cloëte

Melodie: Francé Ludik



